

# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

## IN HIERDIE UITGAWE

- POESIE: Marie Blomerus, Ria Krüger, Bertolt Brecht, André Roux, M. Steyn van Rooyen, Louis Eksteen, Willy Spillebeen, Lourenz Schultz, Pirow Bekker, Sout Erasmus Smit, A. J. B. Rawlins, B. le Roux, Abr. Fouché, R. J. J. van Rensburg, J. P. Malan.
- VERHAAL: Vincent van der Westhulzen.
- EENAKTER: Jac. J. Brits.
- ARTIKELS: J. J. Degenaar, A. Alberts, Rederijker, André Demedts, C. W. Hudson, Johann Lohmann.
- BY DIE JONGERES.
- SKRYWERS-AANGELEENTHEDE.



# TYDSKRIF VIR LETTERKUNDE

Kwartaalblad van die  
AFRIKAANSE SKRYWERSKRING

Redakteur: ABEL COETZEE

Letterkundige Adviseurs:

D. F. MALHERBE  
H. A. FAGAN  
P. C. SCHOONEES  
W. A. DE KLERK  
M. S. B. KRITZINGER  
B. KOK  
P. J. NIENABER  
B. CONRADIE  
J. KROMHOUT  
ANDRÉ DEMEDTS

Administrasie: Mej. S. Victor, Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg

Intekengeld: 20/- per jaargang, posvry.


JAARGANG 10

NOMMER 3

Let wel: a. Alle kopie vir die Tydskrif word gerig aan die Redakteur,  
Escombelaan 51, Parktown, Johannesburg.

b. Alle korrespondensie rakende administrasie, sirkulasie,  
intekening, advertensies word gerig aan mej. S. Victor,  
Posbus 57, Northcliff, by Johannesburg.

## SEPTEMBER — 1960



Digitized by the Internet Archive  
in 2017 with funding from  
University of Pretoria, Library Services

## I N H O U D

	Bladsy
IN DIE REEN e.a. GEDIGTE, Marie Blomerus	1
DIE MODERNE WERELDBEELD, J. J. Degenaar	3
EK IS 'N MENS e.a. GEDIGTE, Ria Krüger	9
MONUMENT VIR DIE ARMBLANKE, A. Alberts	14
BERTOLT BRECHT, inleiding en vertaling van Barend J Toerien	20
VOORORDEEL TEEN DIE AFRIKAANSE ROMAN. Rederijker	26
STADSFAGMENT e.a. GEDIGTE, André Roux	33
KRINGLOOP VAN DIE STAD e.a. GEDIGTE, M. Steyn van Rooyen	36
DIE GROOT ROOI LAG, V. van der Westhuizen	40
LIED IN HOLLAND e.a. GEDIGTE, Louis Eksteen	52
LANGS 'T GEMZENPAD, Willy Spillebeen	54
TREIN NA DIE NOORDE e.a. GEDIGTE, Lourenz Schultz	56
DOOD IN DIE VELD e.a. GEDIGTE, Pirow Bekker	58
LETTERKUNDE IN NOORD EN ZUID, André Demedts	61
DIE AFRIKAANSE LETTERKUNDE IN DIE JONGSTE TYD, C. W. Hudson	67
VOLLE DAG e.a. GEDIGTE, Soul Erasmus Smit	75
KARL JASPERS EN SOUL E. SMIT VOOR DIE AFGROND. Johann Lohmann	76
SIMSON VAN DIE HEBREËRS, Jac. J. Brits	84
TRANSKEI e.a. GEDIGTE, A. J. B. Rawlins	97
DIE KRUISWOORDE, B. le Roux	99
WEESKINDERS VAN DIE HEMELGOD, Abr. Fouché	101
NOCTURNE e.a. GEDIGTE, R. J. Jansen van Rensburg	103
LAASTE SKOF e.a. GEDIGTE, J. P. Malan	105
BY DIE JONGERES, Tobie Vermaak en E. Ferreira	106
SKRYWERSAANGELEENTHEDE	111
BOEKE ONTVANG	112



MARIE BLOMERUS:

## In die Reën

*Ek wil die grys reën in my oë kelk,  
jou sagte woorde in my hart bewaar;  
Ek wil die narsings pluk eer hul verwelk  
en geurend-gloeiend teen my bors vergaar.*

*Ek wil 'n klein grys swaeltjie vang  
en strelend-koesterend in my hande vou;  
Ek wil weer kind wees; ek verlang  
om steeds net drome in my hart te hou.*

## Nagliedjie

*As ek na jou toe kom in hierdie nag  
terwyl die maan blink aan die hemel hang  
as ek gedweë by jou voete wag  
soos Rut, lank gelede, gretig om elke woord  
van Boas se ontferming te ontvang,  
toe na-nagwind so saggies roer deur skemerboord  
en deur die gars wat geel in sterlig gloei;  
Sal jy my in jou teer omhelsing hou?  
Of sal jy my, nog voor die môre bloei  
en soos 'n rooi papawerblom ontvou  
uitstoot om agter snyers op die land  
— terwyl my hart so pynlik krimp en swel —  
die oorskietkorrels van jou liefde op te tel?*

## Afskeid

*Ek dwaal nou traag deur die dae,  
tastend, byna slaapwandelend,  
deur my lede klop die trae  
bloed nog sy hunkerende lied  
van alleen-wees, soos see en wind.  
Die granaatblom is nie meer rooi,  
die duif het sy veerkrag verloor,  
die somer swel weemoedig-mooi.  
Jou oë sal ek nooit weer vind,  
die woorde van jou mond nooit hoor.  
— ek is 'n wimpel in die wind.*

## Bome in die Namib

*Uit die pers wasigheid van die woestyn  
met niks vormvastigs, niks skerp omlyn,  
het 'n dorp skielik sidderend verskyn  
met bome, geel. Die wind sleep blomme oor  
die sand. Dis of jy vaag, êrens kan hoor  
'n moeder fluister in haar kind se oor.*

## Winterlug

*Die lug is strak gespan  
'n tjello-snaar  
wat verdriet baar  
met elke lied  
van vlug en son.  
My hart is weerloos teen  
die skoonheid van  
'n duif wat wit  
teen winterbloute hang.*



J. J. DEGENAAR:

## Die Moderne Wêreldbeeld

„Die mens is toeskouer én medespeler”.

Heisenberg.

Laat dit aan die begin duidelik gestel word: ek is geen natuurwetenskaplike nie. Ek is 'n filosoof wat geïnteresseerd is in die natuurwetenskaplike wêreldbeeld. Geen wetenskaplike (en dit sluit *alle* geesteswetenskaplikes in) kan immers afsydig staan teenoor die rewolusie wat in die moderne natuurwetenskap plaasvind nie. Dit gaan ons almal aan en het implikasies op verskillende terreine van die lewe. Vir 'n wysgeer is die rewolusie in die opvatting aangaande die menslike kennis van die grootste belang en ek sal my aandag veral daarop toespits. Ek vertrou dat my filosofiese insig sal vergoed vir my gebrek aan natuurwetenskaplike skoling.

Die moderne wêreld-beeld (20e eeu) verskil van die klassieke wêreldbeeld (17e-19e eeu) daarin dat e.g. die *relatiewiteit* van kennis beklemtoon terwyl lg. sterk geneig het tot die ponering van die *absoluutheid* van wetenskaplike kennis. Hierdie ommeswaai het egter nie in een dag plaasgevind nie en ek dink dit is nodig om die agtergrond van hierdie omwenteling te skets. In hierdie verband is die Kopernikaanse omwenteling van groot belang. Voor Kopernikus het sterrekundiges gemeen dat die aarde die middelpunt van die sonnestelsel is en dat die son om die aarde draai. *Kopernikus* stel die moontlikheid van die beweging van die aarde voor. Dit beteken dat die mens die beweging van die son waarneem, *omdat* die posisie op die aarde, vanwaar hy waarneem, in beweging is. Die waarneming van die mens word bepaal deur sy bewegende posisie. D.w.s. die waarneming van die mens is *relatief* tot sy posisie. Hierdie relatiewiteit van die menslike waarneming het egter nie in die klassieke wêreldbeeld deurgewerk nie. Dit moes wag tot die 20e eeu. Wat wel deurgewerk het, was die gedagte van die grootheid van die mens op grond van sy heldere en duidelike matematiese kennis van die oneindigheid van die ruimtes.

In die 19e eeu het die wysgeer *Immanuel Kant* weer 'n Kopernikaanse rewolusie voltrek deur die *beperktheid* van die menslike kennis te beklemtoon. Hierdie relativisering van die menslike kennis word in die 20e eeu verteenwoordig deur die logiese positiwisme, die eksistensialisme, die feno-

menologie en die moderne natuurwetenskap. Dit is t.o.v. lg. dat ek hierdie ommekeer tot relativiteit wil aantoon.

## II

Voorafgaande eeue het gemeen dat die natuurwetenskaplike wêreldbeeld 'n afgeslote eenheid gevorm het. So kan ons praat van die *geslote* wêreldbeeld van die klassieke opvatting. In die moderne opvatting vind ons 'n *oop* wêreldbeeld: geen absoluutheid en finaliteit word verkondig nie. Die geslote wêreldbeeld is moontlik omdat die mens nog nie daarin 'n rol begin speel het nie. Daar word gemeen dat die heeal 'n *volledige deursigtigheid* het d.m.v. die meetkunde wat as volmaakte wetenskap opgevat is. Die wetenskaplike sou kon werk met 'n absolute gesigspunt waarin tyd en ruimte omvat kon word. Een groot veronderstelling van hierdie standpunt is dat die wetenskaplike werk met 'n absolute wêreld met absolute wette. Alle fisiese gebeure sou plaasvind in 'n oneindige wêreldruimte bestaande uit die eienskappe wat deur die Euklidiese meetkunde vasgestel is.

Die moderne oop wêreldbeeld het daarenteen ontken dat die natuur objektief en absoluut is. Die moderne natuurwetenskap het gevind dat die menslike perspektief nie uitgeskakel kan word in die mens se kennis van die natuur nie. Die kwantum-meganika toon bv. aan dat die natuur nie volledig objektief gevat kan word nie. Wanneer die ondersoeker meen om 'n saak suiwer objektief te meet en absoluut-geldige resultate te verkry, blyk dat hy die menslike teenwoordigheid nie kan uitkakel nie. Die volledige deursigtigheid van die klassieke wêreldbeeld is 'n illusie. Die eksperimenteerder gryp in sy eksperiment in en kom gevolglik tot 'n resultaat waarvoor hy mede-verantwoordelik is. Hierdie waarheid blyk uit so 'n eenvoudige feit dat 'n spanning wat met 'n instrument gemeet word, onvermydelik deur die teenwoordigheid van die instrument beïnvloed word. Die mens ken geen absolute spanning nie, d.w.s. 'n spanning wat nie deur die meting beïnvloed word nie. Om duidelik in te sien dat die mens mede-bepalend is in sy eksperiment, moet die instrument van meting opgevat word as 'n verlengstuk van die mens, wat dit dan ook inderdaad is. *Heisenberg* beweer dat die natuurwette aangaande die mikro-kosmos handel nie meer oor elementêre bestanddele as op sigself staande werklikhede nie. Dit handel oor daardie deeltjies m.b.t. ons kennis. Of anders gestel: dit handel oor ons kennis van daardie deeltjies. Dit gaan nie meer om ons beeld van die natuur sogenaamd in sigself en

absoluut nie; dit gaan om 'n beeld van ons verhouding tot die natuur en van die natuur se verhouding tot ons. Van hierdie verhouding kan ons nie loskom nie. Dit is die relatiewiteit van ons kennis. Heisenberg praat ook van die *dubbele rol* van die mens as toeskouer én medespeler.

### III

Hierdie rewolusie binne die natuurwetenskaplike wêreldbeeld kan ook aangetoon word t.o.v. die opvatting oor materie as substansie. Die klassieke wêreldbeeld het materie as substansie beskou en as laaste kenbare grondveronderstel. Die moderne wêreldbeeld daarenteen meen nie dat die heelal deurgrond is nie. Waar daar eers gemeen is dat materie bestaan uit elektrone en protone as enigste grond-elemente van die heelal, is deur eksperimentering nuwe elementêre dele ontdek. Naas elektrone en protone is daar nou ook neutrone, positrone, mesone van verskillende soorte, neutrino's en verskillende soorte V-deeltjies. Daar word selfs twintig „elementêre deeltjies” onderskei waarvan die meeste onstabiel is. Die posisie word nog gekompliseerder as ons besef dat hierdie deeltjies ook nog beskou moet word as golfvelde. „Matter has itself become energy. It is no longer the case that there is a substratum at rest, to which something happens. All that remains is the happening itself.” (Heim) Hiervolgens is materie self 'n *gebeure*. Die eenvoudigste elemente staan nie meer vas nie.

Die materie het veral sy absolute objektiewiteit en substansiekarakter ingeboet deur die kwantum-meganika. Heisenberg se onsekerheidsprinsiep toon aan dat hoe noukeuriger die *snelheid* van 'n deeltjie vasgestel kan word des te onnoukeuriger word die vasstelling van die *posisie* daarvan. Wanneer daarenteen die posisie gemeet word, word die bepaling van die snelheid onmoontlik. Hierdie verskynsel is nie toevallig nie maar prinsipieel. Die spesifieke benadering bepaal die resultaat. 'n Saak verskyn aan 'n ondersoeker binne die raamwerk van sy benadering en die model waarvolgens hy die saak wil verstaan. Dit dui nie op willekeur nie maar op relatiewiteit. Dit dui op die vir ons kennis belangrike gedagte dat die mens en die wêreld wat hy wil verstaan nou verbind is met mekaar, en dat die mens ook nou verbind is met die veelsydigheidskarakter van die wêreld.

### IV

U kan miskien dink dat die vaste materie-begrip nou wel in vloeiing geraak het, maar dat daar tog 'n sekerheid is

t.o.v. die struktuur van die atoom. T.o.v. die atoomstruktuur beweer Eddington: „something unknown is doing we don't know what.” Hierdie onsekerheid openbaar hom reeds in die ontwikkeling van die atoom-model deur die eeue. *Demokritus* praat van klein ondeelbare partikels; *Gassendi* van hakvormige atome; *Dalton* van klein massa bolletjies. Lg. konstrueer sy atoom-model deur 'n skema wat na analogie van die objekte in die ervaringswêreld gevorm is. So skrywe hy daaraan toe: vorm, massa, hardheid en elastisiteit. Alhoewel *Rutherford* in 1911 die atoom ontleed in nog kleiner negatief-gelaaide elektrone wat beweeg om 'n positief-gelaaide kern, bly die gedagte van klein materiële bolletjies nog oor. Hy meen ook dat die plek van dié klein deeltjies waaruit die atoom sou bestaan op elke moment bepaalbaar sou wees.

Bohr stel in 1913 vas dat die „deeltjies” van die atoom geen bepaalde posisie en geen bepaalde individualiteit het nie. Die elektroon is nie meer 'n omlýnde objek nie. Dit gee blyk van sigself op *indirekte* wyse binne 'n waarnemingspatroon. Onder waarneming word verstaan dat die ondersoeker *ingryp* op die objek. Deur sy waarneming word 'n spesifieke invloed uitge-oefen op die verskynsel wat nagevors word, d.i. op die sisteem waarbinne die deeltjie optree. Dit geld natuurlik ook vir die begeleidende golf-sisteem. In elk geval: t.o.v. die atoomstruktuur gaan dit om 'n gebeure wat nie voorgestel kan word nie maar wat tog voorgestel moet word om geken te word. So word daar vandag van matematiese simbole gebruik gemaak wat dan as abstrakte modelle moet dien van 'n onvoorstelbare gebeure. So het atome geword tot „konstruksies” van die wetenskaplike denke en is nie meer in sigself rustende feite nie. Die visuele voorstelling van 'n bolletjie met 'n mikrokosmiese planete-stelsel is ook uitgedien.

## V

Ek meen dat uit die voorafgaande opmerkinge blyk dat daar 'n verskil is tussen die klassieke en die moderne wêreldbeeld. Die absoluutheid van e.g. het plek gemaak vir die relatiwiteit van lg. Die afwesigheid van die mens is vervang deur sy on-negeerbare teenwoordigheid. In aansluiting hierby het ons gesien dat die mens sowel toeskouer as medespeler is in sy kennis van sake. Hierdie insig het nie net implikasies vir die filosofie in die algemeen nie maar bv. ook vir ons teologiese kennis en kunswaardering. Sodra die relatiwiteitsgedagte hier sy verskyning maak, ont-

staan hier interessante perspektiewe. Hierop kan egter nie nou ingegaan word nie.

Ten slotte wil ek kortliks die vraag beantwoord: wat is die betekenis van dit alles vir ons kennis? Ek wil waag om te beweer dat die moderne wêreldbeeld ons *beskeidenheid* kan leer. Die mens se kennis is onvermydelik relatief en eindig en nie absoluut en finaal nie. Dit leer ons dat geen wetenskaplike teorie 'n eindpunt is nie, maar slegs 'n deurgang. Dit beklemtoon ook die gedagte dat wetenskap 'n *menslike avontuur* is. Elke wetenskap is 'n aanduiding en ontsluiting van menslikheid. Geen wetenskap, ook nie die natuurwetenskap, is iets vreemds aan die mens nie. Dit is nie iets wat kragtens sy aard die mens ontken nie. Wanneer dit wel gebeur dat die mens ontken word in die wetenskap, is dit nie die skuld van die wetenskap nie. Dit is die skuld van die wetenskaplike wat ontrou is aan sy eie wetenskap. Die wetenskap is 'n uiters menslike aangeleentheid. Dit is een van die wyses waarop die mens betekenisvol hierdie wêreld bewoon en telkens weer opnuut bewoonbaar maak.

Die moderne wêreldbeeld leer die wetenskaplike dat hy 'n rol speel in sy kennis wat nie uitgesluit kan word nie. Dit dui weer daarop dat sy wetenskap in 'n wyer gebied plaasvind as wat sy wetenskaplike teorie tot uitdrukking kan bring of kan omvat. Dit kan ook daartoe meewerk om ons na mekaar te drywe en ons meer openheid te gee t.o.v. mekaar se standpunte. Dit kan die wetenskaplike ook help, as sy wêreldbeeld eindig en oop is, om meer waarde te heg aan verskynsels soos *estetiese* belewing, *etiese* gesindheid en *religieuse* houding as moontlike kenwyses wat 'n bydrae tot vollediger kennis kan lewer.

## VI

Vir die wat verder belangstel in die probleem en maklike werke wil lees, wys ek op die volgende:

1. E. A. Burt, *The metaphysical foundations of modern science.* (New York, 1954).
2. E. J. Dijksterhuis, *De mechanisering van het wereldbeeld.* (Amsterdam, 1950).
3. A. Eddington, *The Philosophy of physical science.* (Cambridge, 1939).
4. A. Einsten, *Die Evolution der Physik.* (Hamburg 1958).

5. Ph. Frank, *Modern science and its philosophy*. (Cambridge, 1957).
6. J. Gebser, *Kentering v.h. westelijk wereldbeeld*. (Amsterdam, z.j.).
7. K. Heim, *The Transformation of the scientific world view*. (London, 1953).
8. W. Heisenberg, *Das Naturbild der heutigen Physik*. (Hamburg, 1956).
9. H. v.d. Hulst en C. A. v. Peursen, *Phaenomenologie en Natuurwetenschap*. (Utrecht, 1953).
10. J. Jeans, *The new background of science*. (Cambridge, 1944<sup>2</sup>).
11. M. Planck, *Das Weltbild der neuen Physik*. (Leipzig, 1953<sup>13</sup>).
12. J. W. N. Sullivan, *The limitations of science*. (New York, 1952<sup>4</sup>).
13. A. N. Whitehead, *Science and the modern world*. (Middlesex, 1938).



RIA KRÜGER:

## Ek is 'n Mens

Omdat U ons gemaak het na U beeld  
en in U liefd' die mens aan God gebind het,  
Dwaal ons hier so doelloos rond, en is verveeld  
met al ons werke, tot ons U gevind het.  
Ons almal weet dat — èrens — U bestaan,  
dat daar iets hoër is om na te streef  
as hierdie aardse skynsel, en die waan  
waarin ons half-verslae, half-betowerd leef.

En daarom bly ons kort bestaan 'n soektog  
na dit wat ons op aarde nooit bereik —  
Dit als besef ek skielik, wyl ek stil nog  
by die venster staan en na die wêreld kyk —  
Ek sien hoedat die menigte daarbuite  
mekaar verdring, elk in sy haastigheid,  
maar ek weet: my eie beelde in die ruite  
maak deel van daardie dolle prentjie uit.

Ek smag na U . . . en tog, omdat ek één is  
van hierdie mensdom wat so rondkroel,  
voel ek, selfs hier, waar U en ek alleen is:  
ek is vir hul, en hul vir my bedoel.

## Jong Hart

Die stilte om my heen roep luid na my,  
en in my siel weerklink die heimwee van sy lied —  
In wilde waansin wil ek my bevry,  
en èrens heenvlug wat my veiligheid sal bied.  
Maar staalgebonde is my bange gees  
deur duister dinge wat ek nie verstaan of ken —  
Moet elke jong hart dan so eensaam wees?  
Hoe hou mens vol as jy die bitter stryd wil wen?

Ag Heer, ek soek en tas met blinde oë . . .  
Die diep geheim van mens-wees moet ek nog verstaan:  
Maar wil U my bewus maak van my hoë  
lewensroeping, en die vreemde weg wat ek moet gaan.

## Vir jou het ek . . .

*Vir jou het ek my beste tabberd uitgestryk,  
en, met 'n hart vol drome voor die spieël gestaan,  
Om nog 'n keer — vir oulaas — net gou weer te kyk  
of ek jou sonder skrome tegemoet kon gaan.*

*En nou dat ek hier voor jou staan en glimlag-praat,  
voel ek so naak-eenvoudig voor jou snydend blik;  
En — snaaks — soos iemand wat besef dit is te laat  
om dors met weggespoelde water te verkwik,  
voel ek meteens dat ek iets nagelaat het, wat  
my ware skoonheid sou kon gee wat blywend is —  
Ek het my uiterlik so smaakvol uitgevat  
dat ek vergeet het om my sielskleed te verfris.*

*Ek weet jou oë kyk dieper as dit wat bedek;  
sien nie die mooi versiersels waarmee ek wou spog,  
Kyk by dit als verby en vind die ware ek,  
wat nie omsluier sou kon word deur slim bedrog.  
En skielik dink ek aan die kosbaar tyd wat ek  
verspil het voor die spieël om na myself te kyk —  
Hoe nodig het ons nie 'n stil en eensaam plek  
waar ons ons siel met ware skoonheid kan verryk!*

## Gebed van 'n Soldaat

*Is dit dan, Heer, my roeping  
hier benede:  
om die vrede  
wat U Woord en Waarheid bring  
weer weg te ruim?  
En het U hierdie hande  
sterk gemaak  
vir so 'n taak?  
Sou ek my voorbeplande  
plig versuim  
as ek terugdeins vir die bloed  
wat ek laat stort,  
of huiw'rig word  
om so my einde te ontmoet?  
Ek wonder, Heer, of U my,  
voor ek mens was,  
reeds wou inpas  
in die rol — waar ek moet ly*



*terwyl ek Vriend en Vyand  
moet sien sterf,  
en roem verwerf  
omdat hul deur my hand  
gesnuwel het.  
Heer, my gebed  
is diep-eenvoudig — net 'n enkel wens:  
Maak my, O God, soldaat of nie, 'n mens!*

## Êrens

*Êrens het ons  
reeds ontmoet.  
Ken ek dan  
jou oë nie goed?  
Kyk . . . dit duur  
'n ewigheid  
wyl jou vingers  
om myne sluit.  
Weet jy . . . êrens  
was dit tog,  
êrens . . . êrens . . .  
weet jy nog?*

## Hier voor die Wonder

*Hier voor die grootste wonder  
van my klein bestaan  
is ek gebonder in 'n kring van vrae.  
Ek sien so baie sonder  
om dit te verstaan,  
ek weet so min dat elke dag die trae  
ure kom en gaan soos stof  
wat deur die wind in  
eindelose sirkels rondgewaai word,  
sodat ek net maar dof  
begryp die onsin  
wat ons hier bedink, totdat ons klein en kort  
paar jare uit die mis  
van Tyd verdwyn en  
ons die grys geheim van ewigheid betree, waar  
daar geen vuile ink is,  
en die lewenspen  
wat al die mens se kleinheid neerskryf, eens bedaar.*

## Agter vier Mure

Ek sien hul oë, hoedat hul  
die lang ure  
omstaar sonder lig.  
Die taak wat hulle hier vervul  
is nie 'n dure  
roeping, maar 'n plig.  
Ek hoor hul stemme, lewensmoeg  
die kleine klag van  
elke dag besing —  
Hul weet alreeds van soggens vroeg  
wat hierdie dagplan  
weer vir hul sal bring.  
Ek sien hul vingers, deurgewerk,  
traag-moed'loos oor die blink  
blink masjien beweeg:  
nie meer soos hande, moedig-sterk  
hul lot aanvaar nie,  
maar gevoelloos-leeg.  
My hart kla jammerlik, soos een  
wat oor 'n afgrond  
iemand nog sien stort,  
maar hulpeloos daar staan en ween  
oor elke vleeswond  
wat versnipper word.  
Omdat hy weet dat voor sy oë vergaan  
'n mensesiel — terwyl hy magt'loos staan.

## Hier tussen ons

*Dis ek en jy  
en tussen ons  
gebreekte, grys pilare —*

*Is dit wat bly  
hier tussen ons  
in al die toekomsjare?*

*Ek kan onthou  
hoe jy en ek  
die altaar van ons vriendskap  
nog saam gebou  
het op 'n plek  
van stil-wees en gemeenskap.*

*Ek weet dat jy  
en ek nog saam  
by dié altaar aanbid het —*

*Gods wondernaam  
daar saam bely  
en vreugd' daaruit geput het.*

*Maar nou bly oor  
van als — net óns  
vir jare nog en jare —*

*ja, ek en jy,  
en tussen ons  
gebreekte grys pilare.*

A. ALBERTS:

## Monument vir die Armblanke

Een burger kan nie beter ly as 'n ander nie. Daar is min verskil tussen 'n vrou of 'n kind wat in die oorlogskonsentrasiekamp van 'n politieke eeu van onreg sterf, en een wat, as die slagoffer van 'n ekonomiese eeu van onreg, in 'n agterbuurt omkom. Daarom verdien ons halfmiljoen armblankes 'n groot monument.

In 1938 het vader Kestell gepoog om die armblankevraagstuk met die Rdb. op te los. Die Tweede Wêreldoorlog het die vraagstuk twintig jaar opgeskort, sodat dit gelyk het of dit opgelos is. Onlangs is egter bevind dat die platteland deur blankes ontvolk en deur bantoes oorbevolk raak. Die laaste jare se droogtes, die daling van wolpryse en die algemene ekonomiese verknorsing van baie boere het aan die lig gebring dat die ou probleem nie eens halfpad opgelos is nie.

Produksiekoste het so hoog gestyg dat 'n misoes niks minder as 'n ramp is nie, en so 'n misoes is veral vir voedselprodusente amper so seker as die dood. Dit maak geen verskil of die voedselprodusent 'n swaksinnige of 'n genie, 'n luiaard of 'n werkesel, wetenskaplik of onwetenskaplik is nie. Natuurrampe en 'n tradisioneel lae landbouprysbeleid ontsien geen siel omdat hy intelligent, mooi, opgelei, spaarsaam, metodies, vlytig of wetenskaplik is nie. Dit maak elkeen en enigeen wat in daardie heillose vertakking van die landbou betrokke raak, 'n armblanke ellendeling: soms gou, soms stadig maar seker.

Die platteland verswart omdat die voedselprodusente gedoem is om vir lewenslank teen verliese te werk. Hulle verloor op die duur alles waarvoor hulle en hulle vadere geswoeg het. Hulle is erger as misdadigers gevonnissen om, die een ná tien, die ander ná vyftig jaar van tevergeefse, winslose boerdery na die stede te verhuis, om daar as verdwaalde en verdwaasde sukkelaars ongeskoolde arbeid te soek. Vroeër het hulle talryke kroos hulle opgevolg, sodat die proses van geslag tot geslag voortgeset kon word. Teenswoordig het die geboortesyfer, God sy gedank, so gedaal dat daar geen kinders is om hulle verarmde ouers op te volg en op hulle beurt weer te verarm nie.

Die platteland se ondergang word nie besing of betreur nie, maar deur die dawerende nywerhede van die Engelsprekendes, deur die strome van goud en uraan uit die Rand se myne, en deur die bonte menigte van handels-

gewemel oordonder. In die Volksraad roem ons leiers op die welvaart van die Unie, op die fantastiese woekerwinste van sy handel, op die fenomenale ontwikkeling van sy nywerhede. So bedrieg hulle hulleself, betower hulle die buitewêreld met 'n eensydige beeld van die werklikheid. Die vals beeld wat eensydigheid suggereer, lyk so:

In weelderige voorstede leef Suid-Afrikaners in genot en plesier. Smorens slaap hulle, saans gaan hulle na skouburge, nagklubs, sosiale funksies, of hulle ry sommer rond. Met naweke speel hulle rugby, tennis, biljart of kaart, of hou piekniek waar hulle jag, hengel of baai. Meer as agt uur per dag werk hulle nie. In hulle winsgewende besighede laat hulle die sleurwerk oor aan klerke, tegnici, bestuurders en ander assistente wie se salarisse as bedryfskoste in die pryse van hulle handels- of fabrieksware ingereken word — sodat die verbruikers daarvoor betaal. Baie van hulle handelsware word uit vreemde lande ingevoer, waar 'n hoë prysstruktuur in swang is, en waaroor ons eie regering geen mag het om pryse te verlaag nie.

Ook met die werkers gaan dit goed. Weens die tekort aan blankes, mag geen werkgewer te veel van sy werknemers verg nie. In baie bedrywe is die werk nie veel meer as 'n ewigdurende sloerstaking wat ekonomiese doeltreffendheid betref nie. Waar met staatsgeld gewerk word, gaan dit rojaal. Slegs die Spoorweë het uiteindelik op harder werk en besparing aangedring, en, toe ook wondere verrig.

In elke winkel, werkswinkel, kantoor of fabriek wemel dit van blanke klerke, boekhouders, toesighouers, werkvoormanne, vakleerlinge, tegnici, onderbestuurders, tiksters en snelsters, teemaaksters en ander assistente. Almal se salaris, pensioen, assuransie en voorregte word as bedryfskoste by die prys van elke item gevoeg — sodat die verbruiker daarvoor betaal. Kompetisie? Ja, maar eers nadat daar vir elke koste, elke wins, elke risiko, elke rente, elke vergoeding en elke reserwe voorsien is. Daar word glad nie na gestrewe om die kostestruktuur laag te hou nie: daardie strewe tree uitsluitlik in ons plaaslike landbouprysbeleid te voorskyn.

Met baie boere gaan dit ook goed. Hulle produkte word uitgevoer na vreemde lande wat dit koop selfs nadat middelman-winste, vervoer en belasting die oorspronklike plaasprys verdubbel het. Dit geld vir wyn, wol, karakoelpelse, tabak, vrugte, lemoene, grondbone ens. Dat dit met hierdie boere goed gaan is die kern van 'n nasionale misverstand wat op 'n volksramp uitgeloop het. Die misverstand of ver-

draaiing is dat dit met *al* die boere so goed sou gaan. Of hierdie valse veronderstelling opsetlik of uit onkunde geskep word, dit toon hoe noodsaaklik dit is om probleme krities, skerpsinnig te ontleed, en fyn wetenskaplike onderskeidings te maak, voordat 'n oplossing moontlik is. Dit plaas die plig van 'n oplossing direk op die skouers van wetenskaplikes, denkers en digters wat die geheim of die bedrog voor die regering, die volk en die wêreld kan ontbloot.

Daar is immers burgers wie se produkte nie uitgevoer kan of mag word nie, naamlik hulle in die voedselskuur van ons geliefde vaderland waar mielies, koring, vleis, melk, botter, heuning, kookolie en groente gekweek word. Mielies byvoorbeeld, kán nie met wins uitgevoer word nie, vleis mág nie. Die Skepper het die fout gemaak om streke te ontwerp wat uitsluitlik vir die doel van 'n nasionale voedselskuur geskik is. En, wyl twee-derdes van die groeiende wêreldbevolking ondervoed is, bewaar, bewonder, beskerm en bemin elke volk sy dierbare voedselaarde. Suid-Afrika vorm egter die uitsondering wat die reël bevestig. Dit volg onwrikbaar tradisievas 'n unieke landbouprijsbeleid om sy afgod van 'n inkonsekwente kostestruktuur mee te dien. Met moeite en ten koste van die blanke platteland, word dit kunsmatig met subsidies en beheermaatreëls gestut. Goedkoop voedsel beteken goedkoop arbeid, en dus hoë dividende vir die myne, die handel, die nywerhede en die beroepe.

Die heilige land Kanaän was vermaard as 'n land vloeiende van melk en heuning. God het blykbaar niks beters gehad om sy uitverkore volk te beloop nie. Behalwe melk en heuning was daar ook olyfolie, die olie wat ook vir die liggaamlike en geestelike gesondheid van die klassieke Griekeland vermaard was. Nou is daar by ons ook landstreke wat letterlik van melk en heuning en olie vloei; maar dit word versmaai en verraai. Plase waar honderd gellings roomryke melk per dag, benewens heuning en sonneblomsaadolie geproduseer kan word, lê ontvolk en verswart.

Die bedrieglike staatsideaal van goedkoop, goeie voedsel vir die gesondheid van die nasie klink mooi patrioties, maar nie volkome eg en opreg nie; want elke skoolseun weet dat die nasie nié goeie voedsel goedkoop kry nié. Tipies is die klassieke gebeurtenis van die groenteboer wat 'n vraag waatlemoene teen ses pennies elk bemark het, en 'n oomblik later sy vrou gestuur het om een daarvan te koop. Die prys was toe ses sjielings! Ewe klassiek is die geval van die boer wat duisend slagskape na Engeland wou uit-

voer, toe Londense vleishandelaars daarvoor gevra het. Hy wou sy surplus-mielies wat teen 'n verlies uitgevoer moes word en gedurig as 'n verskoning vir lae pryse misbruik word, vir die diere voer en dan die vleis teen 'n klein winsie uitvoer. Daar ons vleismark in 'n chaos verkeer wat veeboerdery ontmoedig, het hy gemeen dat die uitvoer van 'n klein persentasie van ons vleis nie alleen die probleem van oorskotmielies sou oplos nie, maar ook die vaderlandse vleisteelnywerheid sou red. Die Vleisraad het egter verklaar dat daar net genoeg vleis vir die land se eie gebruik is, en die slagvee moes na die Johannesburgse mark verspoor word. 'n Paar dae later bel die eienaar die markagent wat antwoord dat die diere nog nie geslag is nie, daar die mark al dertien maande lank onafgebroke met dertien-duisend skape per dag oorlaai word. Waar die Londense proposisie hom minstens £4 sou inbring het, het hy uiteindelik £2 stuk ontvang.

Hierdie klassieke staaltjie opper 'n reeks staatswysgerige, ekonomiese, morele, juridiese en landboukundige vrae: Waar kry die staat die reg om die burger onnodig £2,000 skade te berokken? Was daardie vleis, nadat die skape so lank op die mark gestaan en verhonger het, goeie voedsel vir die nasie se gesondheid? Was dit goedkoop toe die verbruikers dit uiteindelik in die slaghuis gekoop het? En, as daardie boer sy geboortedag vervloek, sy plaas laat verswart en 'n kommunistiesgesinde dagloner in die stad gaan word, wie se skuld sou dit wees?

Dikwels word die voedselprodusent deur droogte of plaes geruïneer. Soos 'n slaaf moet hy van vooraf begin boer. Nooit is daar vir hom plesier of rus nie, geen vakansie per straalvliegtuig na Europa nie. Hulp van die staat kan hy natuurlik kry: ná spesiale wetgewing kan die Landbank hom 'n paar honderd pond teen sewe persent rente leen, rente wat hy nie sal kan betaal nie. Anders as die handelaar en die nyweraar kan die voedselprodusent nie 'n blanke voorman huur en sy loon as produksiekoste by die prys van sy produk voeg nie. Hy moet alleen dag en nag, Sondag en Goeie Vrydag, met trae en ontroue helpers opsukkel. Eensaam, met sy vrou en kind, moet hy tussen die swart oorbevolking woon, dikwels met verlate plase rondom. Soms moet sy vrou in die dorp gaan werk om die Landbankrente met haar salaris te betaal, terwyl die kind 'n vakleerlingskap vir 'n stedelike beroep deurloop. Die man is dan stok-sielalleen in geselskap van verliese en skulde. Die huisgesin is verstrooi. Dit hét ook al gebeur dat die man



moet gaan werk en dat die vrou alleen moet agter bly om die gedoemde plaas te bestuur.

Hierdie tragiese noodlot, wat Job soos 'n klein amateur-tjie laat vertoon, het 'n historiese verklaring. Die Britte en die Hollanders het die merkantilistiese eksploitasie-ekonomie hier geplant. 'n Kolonie was nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel tot die doel van die verryking van die sogenaamde Moederland: 'n uitbuitingsveld vir fortuinsoekers, 'n afsetgebied vir nyweraars. Om die parasitisme te laat wortelskiet is die verstand van onderhoriges met drogredenاسies vertroebel. En daardie drogredenاسies is vandag nog deel van ons eie regering se argumenteskat. Solank leke die drogredenاسies glo, gaan dit; maar as dit eeue later nog die begripsvermoë van politici aantas, dan beswyk die nasie ongemerk onder die oorgelewerde onreg wat sy eie leiers vir ewig onbewus en onwillekeurig aanhou handhaaf.

Die Protestantse Suid-Afrika het gevoglik stadiger ontwikkel, veral in die rigting van 'n selfstandige ekonomiese beskouing, as die Roomse Argentinië wat omtrent net so oud is en geografies op dieselfde breedtegraad lê. Behalwe dat hierdie kolonie nie deur die stryd tussen Boer en Brit geteister was nie en, gou 'n republiek geword het, het dit geen voorsprong gehad nie. Tog is die Westerse Beskawing daar verseker, terwyl óns land verswart.

En nou: die aard van die monument.

Dit behoort uit boeke te bestaan: literêre, wysgerige en wetenskaplike meesterstukke. Hierdie werke moet die verklaring van die probleem vir die nasie, die regering ontbloot. En op grond van oorsake pleks van simptome 'n oplossing voorskryf. Dwarsdeur die eeue is die voortbestaan van volke deur digters en denkers beveilig waar krygsmanne dit nie kon doen nie. In Israel het eers die profete en later Christus vreemde godsdienste, giftige tradisies en bedrieglike ideologieë bестry. In Frankryk het manne soos Calvin, Rousseau, Voltaire en Zola dit gedoen. In óns tyd het manne soos Pasternak dit gewaag. Omdat sulke skrywers die staat se vertroetelde ewels of bygelowe ontmasker, is party doodgemaak, verban of die swye opgelê. Hulle het egter steeds daarin geslaag om reg en geregtigheid te laat seëvier en die kwaad uit te roei wat die bestaan van hulle volk of ras bedreig.

Deur sy Calvinistiese vroomheid handhaaf ons volk 'n sedelike en verstandelike peil wat tot die hoogste ter wêreld behoort. Daar bestaan dus geen twyfel dat ons regering, wat deur ons self uit die keur van ons ras verkies is, bo alle verdenking van korrupsie of onbevoegdheid uit-



styg nie; maar . . . ons politici is darem ook nie genieë nie, en 'n mens móét ongelukkig 'n genie wees om te besef dat hy dwaal as hy binne in die dwaling gebore en opgevoed is. Daarom is dit juis die plig van denkers, digters en wetenskaplikes om die regering simpatiek te kritiseer en die volk se oë oop te maak.

Ons letterkunde hét dan ook met *Ampie* die eerste sooi vir so 'n geestelike monument gespit. Die swakheid van *Ampie* en sy tydgenote was dat die armblanke destyds deur ons listigste vyande as 'n swaksinnige, luie, ongeletterde arme drommel geskilder is. Een derde van ons hele nasie is in die dertiger jare met sulke minagting belaster. En net één man het destyds ontken dat drie-en-dertig persent van enige nasie uit 'n sielkundige of etnologiese standpunt minderwaardig kan wees. Vandag het ons wysbegeerte reeds so ver gevorder dat dit die armblanke as 'n eerbare, intelligente, vlytige burger erken. Hy is 'n volwaardige mens wat net maar die slagoffer van 'n ingekankerde noodlot is. Ons weet nou dat die kwartmiljoen verarmdes van die dertiger jare en die kwartmiljoen boere wat in die vyftiger jare in die ekonomiese moeilikhede beland het wat die regering die Landbankwet laat wysig het, in dieper wese die Sterwende Boere van die Boerenasie is.

In 'n essay oor die Sterwende Boer wat in 1959 in hierdie blad verskyn het, word betoog dat die ondergang van ons eie volk die enigste tema is wat óns tot die wêreldliteratuur kan bydra, en, terwyl ons lankal wens dat daar in ons taal 'n groot epos, drama of roman geskryf moet word, val 'n vurige ideaal hier saam met 'n dure plig. Die kunswerk wat ons begeer kan die monument wees wat ons skuld.

Op indirekte wyse getuig ook prof. Dekker daarvan met sy vertaling van *Die Sterwende Aarde* uit die Frans van Bazin. Lees dit en vra uself af: As so 'n meesterstuk uit 'n veel kleiner Franse krisis gesmee kon word, hoe groot en groots behoort die tragedie van die Sterwende Boer nie te wees nie.

BAREND J. TOERIEN:

## Bertolt Brecht

Bertolt Brecht (1898-1956) is een van die belangrikste skrywers van hierdie eeu; mens kan hom nie ignoreer nie. En ewemin sy marxisme.

Baie van die karakteristieke van sy werk is toe te skryf aan sy agtergrond: die eerste wêreldoorlog met die sosiale omwentelinge daarna in sy geboorteland, Duitsland; die inflasie en woekerwins-gejag terwyl die massas oorrumpel word deur armoede; die magsoorname van die Nazis en Brecht se lang swerfjare in die buiteland as banneling. Al hierdie dinge het hulle spore op hom gelaat: sy aanvanklike amper morbiede doodsoobsessie, sy sinisme, bitterheid (maar altyd beheersd) en algehele ontnugtering; maar terselfder tyd en geleidelik sterker en sterker: groot gevoel van verontwaardiging jeens ongeregtigheid en dus sy sosiale aanklag.

Dis as dramatrug dat hy belangrik is, nie alleen deur sy veelvuldige stukke nie maar ook weens sy groot invloed op verhoog-tegniek, soos vandag nog voortgesit deur sy Oos-Berlynse geselskap, Die Berliner Ensemble, wat etlike male al vir Londen en Parys verower het. Sy teorie van die „epiese drama” wat hy voorgestaan het is kortliks dat die gehoor hom nooit mag identifiseer met die karakters op die verhoog nie, maar apart en nugter moet bly om ’n kalm oordeel te behou. Dus bowenal, teater van idees en nie van gevoel nie.

Onder sy vernaamste dramas kan mens reken: *Dromme in die nag*, *Die uitsondering en die reël*, *Ronde koppe en spitskoppe*, *Galileo*, *Moeder Courage*, *Die Kaukasiese sirkel van kryt*, *Die goeie siel van Sezuan*, e.a., maar dis veral sy *Dreigroeschen Oper* (Trippens opera) wat hom roem besorg het. Hiertoe — soos ook in die geval van hulle ander satiriese „opera” van die twintiger jare, *Mahagonny* — het die musiek van Kurt Weill baie bygedra. Die „Moritat” uit eersgenoemde wat as proloog dien, was onlangs weer ’n populêre treffer.

Sy verse is van minder belang, en tog van die belangrikste digwerk in Duits van die afgelope dekades. In gees is hulle effe verwant aan die werk van Kurt Tucholsky en Emil Kästner; maar hy is oneindig meer as ’n humoris. Sy taal is direk en selfs lomp en sonder enige gesoek na effek. Hy gebruik dikwels die ballade-vorm en dis verbasend wat hy daarmee kan doen; dit laat mens besef hoe buigsaam die

Germaanse versvorme kan wees, in teenstelling met die gekorsetteerde sonnette, sestinas, rondes en Franse ballades van die suide. Sy verse vertoon ook min vertroeteling van eie gevoel, soos ons gewoon is om te verwag van digters. Maar, bo alles is die boodskap, die „stigting”. Dus: ’n deur en deur sosiale digter teen wie die Spenders en Day Lewisse maar baie akademies afsteek. En tog, ten spyte van die gedurige gepreek moet mens erken: hier is ’n groot skrywer want hy’s eerstens mens en dus dikwels inkonsekwent in sy stelling, maar bowenal het hy die gawe om ’n digter te wees, een wat met woorde kan moker asof hulle spykers is.

(Die volgende gedigte is in Afrikaans bewerk deur B. J. Toerien. — Red.).

## I

### OMTRENT DIE ARME B. B.

*Ek, Bertolt Brecht, kom van die donker woude.  
Toe ek nog in haar lyf lê het my moeder my  
Na die stede gedra. En die koue van die woude  
sal in my tot die dag van my afsterwe bly.*

*In die asfaltstad is ek tuis. Vanuit die staanspoor  
goed voorsien met die laaste sakrament:  
Met koerante. En tabak. En brandewyn.  
Wantrouig en lui en tevrede en verwend.*

*Ek is vriendelik teenoor mense. Ek dra  
’n Hardebolkeil na hulle gebruik.  
Ek sê: hul is heel besondere stinkende diere  
En ek sê: dit maak nie saak nie, dis ook my ruik.*

*In my leer leunstoel sit ek voormiddae  
Tussen ’n paar vroue met nooit enige berou nie  
En ek bekyk hul sorgeloos en sê aan hul:  
In my sien jul een op wie jul nie kan bou nie.*

*Saans vergader ek mans om my heen  
Ons spreek mekaar aan as „gentleman” en „heer”  
Hul sit met hul voete op my tafel  
en sê: dit sal beter met ons gaan. En ek vra nie: wanneer.*

*In die oggendgrysheid water die dennebome  
en hul ontuig, die voëls, begin te grens en gaap.  
Dan ledig ek my glas in die stad en smyt  
my stompie weg en raak onrustig aan die slaap.*

*Ons, ’n lig-weënde geslag is gesete  
In huise wat onvernietigbaar is glo  
(So het ons die lang geboue van Manhattan opgerig  
en oor die Atlantiese Oseaan die dun antenne, hoog bo).*

Van hierdie stede sal oorbly: dit wat deur hul gaan, die wind!  
Die huis maak die feesganger vrolik: hy sal dit ledig.  
Ons weet dat ons voorlopiges is  
En na ons sal kom: niks noemenswaardigs.

In die aardbewings wat kom sal ek toesien, hoop ek,  
Dat geen bitterheid my sigaar sal blus,  
Ek, Bertolt Brecht, dobberend in asfaltstede  
Uit swart woude in my moeder gebring, lank gelede.

## II

### VAN DIE VERDRINKTE MEISIE

Toe sy verdrink het en af na onder  
Gesleur is van die spruit tot die rivier  
Skyn die opale hemel soos 'n wonder  
Asof dit die lyk goedgunstiglik wil versier.

Alge en wier klewe haar aan  
Sodat sy swaarder word langsaamgewys  
Teenaan haar bene het koel visse gegaan  
Plante en diere belas nog haar laaste reis.

En die hemel het saans verdonker soos rook  
En die nagte met sterre vloei duister mee.  
Maar vroeg was dit daglig, sodat dit ook  
Vir haar beide aand en oggend kon gee.

Toe word haar bleek liggaam 'n water-verrotte,  
En gebeur dit (baie langsaam) dat God haar vergeet, oplaas  
Eers haar gesig, toe die hande en haar hare ten slotte.  
En word sy toe aas in die stroom met ander aas.

## III

### MORITAT VAN MACKIE KNIPMES UIT „DREIGRÖSCHEN OPER”

En die haai het lang skerp tande  
En hy dra hul in sy bek  
En Macheath, hy het 'n knipmes  
Maar hy hou dit goed bedek.

Wanneer haaië bloed vergiet  
Word die water rooi verkleur.  
Mackie Knipmes dra 'n handskoen  
Waarop mens geen wandaad spur.

By die Teems se groenbruin water  
Slaan daar skielik mense neer!  
Dis nóg pes nóg is dit cholera  
Maar hul sê: Macheath stap weer.

Op 'n liewe mooi blou Sondag  
Lê 'n dooie daar op die strand  
En 'n man verdwyn die hoek om  
Mackie Knipmes, sê iemand.

En Smoel Meier bly maar soek  
Soos die rykes van die land  
En sy geld het Mackie Knipmes  
Maar bewys dit? Tog niemand!

Jenny Towler is gevind  
Met 'n messteek in die keel  
Langs die kaai stap Mackie Knipmes  
Hy weet van niks, glad en geheel.

Waar is Alfons Glite, die koetsbaas?  
Word sy noodlot ooit bekend?  
As mens dit ook kon geweet het —  
Hy weet niks nie, die Mackie-vent.

En die groot vuur in Soho  
Sewe kinders en 'n grys-  
In die skaar was Mackie Knipmes.  
Moenie vra nie en word nie wys.

En die minderjarige weduwe  
Haar naam aan iedereen bekend  
Met wakkerskrik word sy onteer —  
Mackie, wanneer kry dit end?

#### IV

#### SLOTSANG UIT DREIGROSCHENOPER

Veroordeel dus die klein onreg nie alte streng want spoedig  
verkluum dit tog vanself want dis 'n koue eeu;  
Dink aan die donker en die groot ramspoedig,  
koue in hierdie dal wat rou van jammer skreeu.  
Trek teen die groter rowers nou manmoedig  
op en slaan hul almal plat, braaf soos 'n leeu,  
hul maak die donker en die koue bloedig,  
hul maak dat hierdie dal van jammer skreeu.

#### V

#### EN WAT KRY DIE SOLDAAT SE VROU

En wat kry die soldaat se vrou  
Uit die ou hoofstad van Praag?  
Uit Praag kry sy die hoë-hak skoene  
Groete en soene en die hoë-hak skoene  
Kry sy uit die hoofstad Praag.

En wat kry die soldaat se vrou  
Uit Warskou aan die Weichsel-oewer?  
Uit Warskou kry sy 'n linne-hemp  
So bont en ongedemp, die Poolse hemp  
Wat sy kry van die Wechsel-oewer.

En wat kry die soldaat se vrou  
Uit Oslo oorkant die baai?  
Uit Oslo kry sy die kragie van pels  
Om haar hals te omhels, die kragie van pels  
Uit Oslo oorkant die baai.

En wat kry die soldaat se vrou  
Uit die skat-ryk Rotterdam?  
Uit Rotterdam kry sy 'n hoed  
En dit pas haar net goed, die Hollandse hoed  
Wat sy kry uit Rotterdam.

En wat kry die soldaat se vrou  
Uit Brussel in België?  
Uit Brussel kry sy die aller-raarste kant  
O die rare kant van die Lae Land,  
Dit kry sy van België.

En wat kry die soldaat se vrou  
Uit die stad van lig, Parys?  
Uit Parys kry sy 'n rok van sy  
Ag haar buurvrou beny haar die rok van sy  
Wat sy kry vanuit Parys.

En wat kry die soldaat se vrou  
Uit Tripoli in Afrika?  
Uit Tripoli kom 'n kettinkie  
As aandenkinkie 'n koperkettinkie  
Dit kry sy uit Tripoli.

En wat kry die soldaat se vrou  
Uit die wye Rusland vandaan?  
Uit Rusland kry sy die weduwee-sluier  
Vir die doodsklok se beier 'n weduweesluier,  
Dit kry sy uit die wye Rusland.

## VI

### VRAE VAN 'N LESENDE ARBEIDER

Wie het Thebes met die sewe poorte gebou?  
 In die boeke staan die name van konings.  
 Het die konings die rotsblokke nadergesleep?  
 En die dikwels-ineengestorte Babylon,  
 Wie het dit telkemaal weer opgebou? In watter huise  
 Van die goud-stralende Lima het die bouers gebly?  
 Waarheen het die messelaars gegaan, die aand toe die Sjinese muur  
 Klaar gebou was? Die grootse Rome  
 Is vol triomfboë. Wie het hul opgerig? Oor wie  
 Het die Caesars triomfeer? Het die veelbesonge Byzantium  
 Slegs paleise gehad vir sy bewoners? Selfs in legendariese Atlantis  
 Brul die nag toe dit vergaan  
 Die drenkelinge nog na hul slawe.

Jong Aleksander verower Indië.  
 Hy alleen?  
 Caesar oorwin die Galliërs.  
 Het hy nie tenminste 'n kok saamgeneem nie?  
 Philip van Spanje het geween toe sy vloot  
 Vernietig was. En niemand anders nie?  
 Frederik die Grote het die sewejarige oorlog gewen. En wie  
 Behalwe hom?

Elke bladsy 'n oorwinning.  
 Wie het die oorwinningsfees voorberei?  
 Elke tien jaar 'n groot man.  
 Wie betaal vir die gelag?

So baie feite  
 So baie vrae.



REDERIJKER:

## Vooroordeel teen die Afrikaanse Roman

Daar is sommige van ons letterkundige kritici wat nooit moeg word daarvan om te beweer dat daar nog geen „groot” Afrikaanse roman geskrywe is nie. Daar is egter ook kenners wat beweer dat onewewigtige, onbegrypende letterkundige kritiek in Suid-Afrika, een van die grootste hindernisse op die weg van die Afrikaanse roman is.

Daar word nou beweer dat onder al die Afrikaanse romans wat reeds gelewer is, onder andere deur skrywers soos C. M. v. d. Heever, J. R. L. v. Bruggen, D. F. Malherbe, J. v. Melle, F. A. Venter, H. S. van Blerk en Elise Muller, daar nie een groot werk is nie. Hierdie stelling is só breed, dat mens geneig voel om die diepte daarvan te ondersoek.

Ons kritici het vermoedelik ’n soort maatstaf waarvolgens hulle meen om te kan oordeel of ’n roman „groot” is en heelwaarskynlik lê die knoop juis hier. Die vraag ontstaan of hulle dieselfde aandag aan die aard en inhoud van die Afrikaanse denke, lewenswyse en kultuur geskenk het as aan die Europese. Daar is natuurlik diegene wat vandag wil beweer dat in soverre ’n kunswerk „nasionaal” is, dit eintlik sleg is, maar daardie skool van gedagte kan ons maar ignoreer as synde deel van ’n lewensbeskouing wat tot niks lei wat eie waarde het nie. Ware kuns het nie slegs ’n universele strekking en waarde nie, maar ook ’n nasionale, volkseie inhoud.

### NAVOLGING?

Daar is in Suid-Afrika groot behoefte aan en geleentehede vir die opbou van kultuurdinge wat ’n eie stempel dra. Dit ontbreek egter heel dikwels aan die nodige onderskeidingsvermoë by die oorname van dinge uit die buiteland. Baie mense van wie leiding verwag kan word op kulturele gebied doen vandag weinig meer as om oorsese norme en gebruike deur te kyk en dit dan net so hier te wil toepas. Ons onderwys is hierdeur aangetas en dieselfde vind plaas met die beoordeling van Afrikaanse letterkunde.

’n Algemene klag van kritici is dat Afrikaanse roman-skrywers nie diep genoeg indring in aktuele vraagstukke en situasies nie, maar in werklikheid is haas alle fasette van die Afrikaanse lewe al op baie openhartige wyse in groot Afrikaanse romans behandel. Die vraag ontstaan



dan of daardie kritiek nie voortspruit uit die wens wat by sommige bestaan dat Afrikaanse romans in presies dieselfde styl geskryf moet wees as gevierde „Westerse” werke, m.a.w. dat ons skrywers in werklikheid Engelse, Franse of Russiese romans in Afrikaans moet lewer in plaas van Afrikaanse romans. Dit is interessant om te weet dat sekere van ons Afrikaanse letterkundige kritici byvoorbeeld ’n roman wat ’n simpatieke uitbeelding van die Calvinistiese lewensbeskouing bevat, sal verdoem. Maar solank die Afrikaanse volk oorwegend Christelik-gelowig is, sal ons kuns ook die stempel dra van ’n sedelike kode wat uit daardie geloof voortspruit. Diegene wat daardie geloof nie deelagtig is nie, sal natuurlik „kuns om die kuns” in plaas van kuns as veredeling van die siel as uitgangspunt verkies, maar dit gee hulle sekerlik nie die reg om werke wat uit ’n Christelik-nasionale lewensbeskouing spruit as minderwaardig te bestempel nie. Dat die Weste vandag op kulturele gebied ’n „aandland” is, is in ’n groot mate toe te skrywe aan die invloed van vrysinnige kunstenaars wat in hulle werk geen hoër gesag as die „kuns en sy wette” wil erken nie.

## GEESTELIKE VOLWASSENHEID

Nou gebeur dit ook dat sekere kritici, wanneer hulle geen Afrikaanse roman kan vind wat na hul smaak „groot” genoeg is nie, onmiddellik tot ’n ander stelling oorgaan wat ook nie so diep is as wat hy wyd is nie, nl. dat die Afrikaanse volk geestelik te onvolwasse is om groot roman-kuns te dra en te verdra. ’n Mens kan deesdae natuurlik nie die Afrikaanse volk verdedig sonder om as liggeraak gebrandmerk te word nie.

As mens in gedagte hou wat ons volk oorleef het aan oorlog, burgeroorlog, natuurrampe, grootskaalse armoede en die ontwrigting van industrialisasie en verstedeliking, en dat ons tog daarin geslaag het om ’n eie taal en kultuur op te bou asook ’n volkshuishouding wat deur vele in die buiteland beny word, dan wil dit voorkom of ons nie so ver agter staan wat geestelike volwassenheid betref nie. Ek vrees dat ons letterkundige kritici hier ook op ’n dwaalspoor beland het en dat dit moontlik juis by hulle haper aan genoeg geestelike volwassenheid om in Afrikaanse romans wat tot dusver gelewer is, ’n eiesoortige ontwikkeling te sien, ’n styl en kode wat vanweë sy beheerstheid juis groot moontlikhede inhou vir kuns wat standhoudend is en wat kultuur en sedes in die algemeen sal skraag in plaas van ondermyn.

Grotendeels omdat Afrikaans nog nie 'n lang geskiedenis as skryftaal agter hom het nie, het die Afrikaanse boek nog steeds 'n moeilike stryd en onder hierdie omstandighede is dit te betreur dat kritiek-skrywers gaandeweg 'n klimaat van vooroordeel teenoor die Afrikaanse boek skep. Dit is te betwyfel of ons kritici 'n roman van Nobelprys-standaard sou kon raaksien indien dit in Afrikaans geskryf sou wees. Verlede jaar is Pasternak se „Dr. Zhivago”, met die Nobelprys vereer. Volgens die soort kritiek wat op Afrikaanse romans toegepas word, sou bevind word dat „Dr. Zhivago” eintlik minderwaardig is, onsamehangend, plek-plek vergesog, vol „mooiskrywery” ('n cliché waarmee C. M. v. d. Heever se werk afgehaal word) asook vervelig en 'n „geploeter in ellende” ('n uitspraak wat deur Rob Antonissen gelewer is in verband met een van H. S. van Blerk se beste romans). Dat „Dr. Zhivago” 'n meesterlike werk is, val daarenteen nie te betwyfel nie, maar dieselfde kan gesê word van werke soos C. M. v. d. Heever se „Laat Vrugte” en „Kromburg”, H. S. v. Blerk se „Reën van Erbarming”, „Soos Gras is sy Dae” en „Twee stuiwers vir 'n Mossie”, en talle ander Afrikaanse romans.

Nee, daar is ongetwyfeld al etlike groot Afrikaanse romans geskrywe en die Afrikaanse publiek was geestelik volwasse genoeg om daardie werke te dra, ten spyte van die striemende kritiek op ons volk wat daarin voorgekom het na aanleiding van talle aktuele temas. Die uitbouing van ons letterkunde lê gewis langs 'ander weë as die totale miskenning van die skitterende werk wat reeds gelewer is.

Dat daar ook by die Afrikaanse publiek nog veel gebrek aan waardering vir die Afrikaanse boek bestaan, is waar, maar wat kan ons anders verwag as ons in gedagte hou dat 'n vorige geslag nog nie eens Afrikaans as skryftaal geken het nie en dat ons kritiekskrywers reeds 'n stigma aan die Afrikaanse boek besorg het? Dit is grotendeels 'n kwessie van leiding en van positiewe reklame vir Afrikaanse romans — nuwes sowel as bestaandes — in ons Afrikaanse koerante. Dit is goed dat daar heeltemal objektiewe resensies geskryf word, maar Afrikaanse boeke moet ook gepropageer word — daar word talle Afrikaanse boeke geskryf wat in geheel van veel meer nut vir die leser kan wees as die vergrootglas-onderzoek van die resensent.

In die skepping van 'n simpatieke gesindheid teenoor die Afrikaanse boek het ons ook te doen met 'n welbekende probleem op die weg van ons volkswording nl. dat daar by vele van ons nog nie 'n smaak vir ons eie is nie. „Ampie” of van Blerk se mynwerkers of transportryers vind ons baie

oninteressant, terwyl ons bekoor word deur verhale oor die „hill-billies” van Amerika of die agterstrate van Londen. Hier veral kan veel vermag word deur ewewigtige, begrypende kritiek en net maar ’n klein bietjie van die perspublisiteit wat verleen word aan ons gevierde kritici en aan treur-mares oor ons letterkunde.

Dit is jammer dat daar nie genoeg eersterangse werke beskikbaar is om die intellektuele Afrikaanse leser deurentyd besig te hou nie, maar ’n klein nasie soos ons kan nooit genoeg skrywers van formaat lewer om die ywerige leser deurentyd besig te hou met nuwe werke nie. Ons moet dan maar ou Afrikaanse romans lees en herlees — dit sal ons in elk geval help om die nodige perspektief oor die geskiedenis van ons volk en die ontwikkeling van ons kultuur te behou, sodat ons nie soos sommige van ons kritici sal praat asof Van der Heever, Van Bruggen of ander bekende Afrikaanse skrywers nooit bestaan het nie.

Weens ons klein bevolking kan die omset van suksesvolle Afrikaanse romans, nooit so groot wees dat ’n skrywer daaruit ’n bestaan kan maak nie, en daarom moet ons skrywers in hul spaartyd skryf. Die Afrikaanse volk, insluitende ons gevierde kritici, kan nooit dankbaar genoeg wees vir die opofferings wat ons skrywers hulle onder die omstandighede getroos het nie.

In hierdie verband wag daar ’n groot taak op ons Akademie vir Wetenskap en Kuns, nl. om ’n fonds byeen te bring waarmee skrywers finansiël ondersteun kan word, sodat hulle voltyds aan die opbou van die Afrikaanse letterkunde kan werk. Daar sal natuurlik mense wees wat wil beweer dat gesubsidieerde skrywers nie goeie werk sal lewer nie, maar dit is ’n feit dat die oorgrote meerderheid van suksesvolle skrywers in die buiteland finansiële steun geniet het voordat hulle werk van belang gelewer het, en ook daarna. In meeste gevalle was hulle uit bemiddelde gesinne afkomstig of is hulle langs ander weë ondersteun, sodat hulle hul in hoofsaak kon wy aan skryfwerk; in lande met ’n groot bevolking kan ’n skrywer ook met sy eerste werke genoeg verdien om finansiël onafhanklik te word.

Wanneer so ’n fonds beskikbaar is kan die Akademie aan ’n belowende skrywer ’n aanbod maak om teen ’n salaris voltyds te skryf, aan sy eie werke (hy behou dan sy outeursregte) of aan vertalings, insluitend vertalings van tegniese werke waaraan daar ’n groot behoefte op ons skole en universiteite is. Die maatstaf waarvolgens skrywers gekies kan word vir hierdie werk sal in teorie ’n moeilike saak wees, maar in die praktyk sal ’n oplossing wel gevind

kan word. Die risiko dat 'n skrywer wat vir hierdie werk gekies word kan teleurstel, is van veel minder belang as die risiko dat talent verlore kan gaan in die sleurwerk wat belowende kunstenaars vandag moet verrig om 'n bestaan te maak.

Die fonds wat hier voorgestel word, sal ongeveer 'n halfmiljoen pond sterk moet wees om uit die rente-opbrengs daarvan, 15 skrywers te ondersteun, min of meer die huidige getal belowende Afrikaanse skrywers waaraan ek kan dink. Dit is egter maar 'n nietige bedraggie in vergelyking met miljoene wat jaarliks aan die onderwys bestee word. Waar ons reeds sulke groot pogings deurgevoer het soos die opbou van die Helpmekaarfonds en die finansiering van die Voortrekkermonument, kan hierdie gedagte ook verwesenlik word. Die staat kan so 'n fonds ook maklik beskikbaar stel en dit sal 'n welkome afwisseling wees op 'n regeringsbeleid wat veels te min verbeelding openbaar ten opsigte van die besondere probleme van ons jong, worstelende kultuur. En waar ons nou besig is om £3 miljoen byeen te bring om Christelike lektuur aan die Bantoe te verskaf, kan die subsidiëring van Afrikaanse skrywers nie uit daardie fonds geskied nie? Christelike lektuur vir die Bantoe sal tog in 'n groot mate deur leidende Afrikaanse skrywers verskaf moet word, tensy daardie lektuur van dieselfde gehalte gaan wees as baie van die geskifte wat oorsee en helaas ook deur sommige van ons kerke versprei word as 'n „Christelike lektuur” maar wat in hul pedantiese en sielsdodende styl baie vër verwyder is van die taal van die Bybel.

Die goeie resultate wat behaal kan word met behulp van die voorgestelde fonds vir Afrikaanse skrywers, is onbeperk. Ons sal 'n groter produksie van goeie Afrikaanse werke verkry, insluitende goeie vertalings. Beter versorgde werk sal gelewer word omdat skrywers meer geleentheid sal kry vir navorsing en vir afronding van hul werk — talle Afrikaanse romans wat vandag gelewer word toon in hul gebrekkige afronding, die moeilike omstandighede waaronder ons skrywers werk. 'n Verdere resultaat sal wees dat ons 'n groter produksie van leesstof vir die „massa” sal verkry. Waar daar vandag in die Westerse wêreld kuns gelewer word, is dit hoofsaaklik geskik vir die intellektueel-ontwikkelde en die breëre volksmassa word aan die geelpers oorgelewer. Ons het 'n groot verpligting teenoor die „armes van gees” wat tog die meerderheid van elke volk verteenwoordig. Sal ons dit uiteindelik aan die Kommuniste moet oorlaat om vir dié mense te sorg?

Volgens berigte is daar weinig van die geelpers in Rusland te sien.

Nou sal daar beweer word dat „dit alles tevergeefs” is, omdat „Afrikaners nie boeke koop nie”. Dit mag wees dat ons mense nie ywerige kopers van boeke is nie, maar om hieruit die afleiding te maak dat Afrikaanse boeke nie veel gelees word nie is totaal verkeerd. Ons moet nie vergeet van die snel-uitbreidende biblioteekdiens nie; die mate waarin goeie romans waardeer word, selfs werke wat deur ons kritici misken is, word maar te duidelik bewys in die kaf-gehanteerde voorkoms van baie biblioteekboeke. In die bestaan van ’n snel-ontwikkelde biblioteekdiens, lê weereens ’n regverdiging vir die voorgestelde fonds vir skrywers, bloot uit sake-oogpunt, want elke nuwe biblioteek kan verdere inbreuk maak op die mark vir boeke.

’n Ewe belangrike resultaat wat met so ’n fonds verkry kan word, is ’n groter produksie Afrikaanse dramas wat moontlik daartoe kan lei dat nuwe lewe in die Afrikaanse toneel ingeblaas sal word. En dit sal ’n klein verdere stappie kos om ’n Afrikaanse rolprentbedryf aan die gang te kry. Dit kos nie veel geld om ’n goeie film te maak nie, soos Europese prente bewys, en films wat op Afrikaanse romans gebaseer is i.p.v. Afrikaanse Hollywood-films en ander sinlose produkte (waarvoor draaiboeke nogal spesiaal geskryf word) wat ons te sien kry, sal veel daartoe hydra om die regte klimaat vir die Afrikaanse boek te skep. Winste op sulke rolprente (wat ook in die buiteland vertoon kan word) kan weer dien om die fonds vir skrywers te versterk.

Nou verwant aan die toneel en rolprent, is die kwessie van televisie. Ondanks die onbetwisbare nadele van televisie op opvoedkundige gebied, is dit moontlik dat die teenstand teen die invoer van televisie in die Unie, mettertyd oorrompel sal word deur die druk van handelsbelange en die onweerstandbare menslike drang om in die mode te wees, al beteken dit ook kulturele en sedelike agteruitgang. Sonder ’n vinnige toename van Afrikaanse geskryfte van goeie gehalte, sal televisie die grootste bedreiging vir die Afrikaanse letterkunde en kultuur vorm wat ons nog beleef het. Om te voorkom dat ’n toekomstige geslag sal bestaan uit half-geletterde televisie- en bioskooptoeskouers, sal leeslus ontwikkel en in stand gehou moet word in mededinging met die gemaksugtigheid wat deur televisie in die hand gewerk word en genoeg Afrikaanse materiaal sal beskikbaar moet wees vir sodanige televisie-programme van kulturele waarde, as wat daar moontlik sal wees. Die



toename in die produksie van eersterangse Afrikaanse romans, dramas en vertalings uit ander tale, wat verwag kan word deur die voorgestelde ondersteuning van skrywers, sal ons in 'n oneindig beter posisie plaas teenoor die ingrypende probleme wat televisie sal meebring.

Daar word dikwels gepraat asof die Afrikaanse volk en sy taal vir alle tye gevestig is, maar ons sal meer positief moet handel om as volk staande te bly in moderne omstandighede, veral wanneer immigrasie toeneem; die ontwikkeling van ons taal en ons letterkunde is 'n eerste vereiste vir die voortbestaan van die Afrikaanse volk. Deur 'n daad te verrig, soos hier voorgestel, kan ons 'n goue eeu vir ons letterkunde inlui. Daardeur sal ons net soos met die Voortrekkermonument en ander grootse monumente wat ons reeds opgerig het, aan heel die wêreld 'n ontwyfelbare getuienis lewer van ons geloof in die voortbestaan van ons volk en sy taal.\*

\* Met vergunning oorgeneem uit *Eikestadnuus*, 8 en 22 April 1960.  
Red.

ANDRÉ ROUX:

## Stadsfragment

*Sakegebou, woonstel en hotel  
Ons stad lê vlak op vlak  
met kleur beplak.*

*Trap dieper weg die vuurpedaal!  
Ek het jou by die robot ingehaal!  
En nes die groenlig wys  
jaag ons tot die rooilig by  
die tweede blok.  
Hierdie maand se paaiement bly onbetaal,  
maar — ek het jou ingehaal!*

*Kom! Ek en jy gaan flik!  
Middernag sit jy op my baaik se siet  
en jaag ons na die Dam —  
en terug.*

*In die hoekkafee  
sluk ek gou my tee.  
'n Maer ou vrou beskou die blare  
vertel my van die wonderbare  
wat die jare  
kamtig hou vir my en jou.*

*Iewers, iewers is 'n ander stad  
met doodloopstrate, vak op vak,  
ses voet vlak  
sonder kleur beplak.  
Hier staan stokou bome  
waar ons verlange en ons drome  
onder hopies gruis verstik  
en sterf.*

*Ai! Die wonderbare wat die jare  
hou vir my en jou!*

## Die Lied van Abdol

*Die wit sap van die gansbosbal,  
die swart bloed van die nastergal,  
die geel van suurlemoen.*

*Gooi in die driepootpot,  
maak vuur, maar hou die borrels dop,  
skep weg die skuim,  
sny wit stene uit,  
krap af die loog.*

*Julle —  
Witter as die gansbosbal se sap  
swarter as die nastergal,  
geler as die suurlemoen se skil.*

*Wranger as die wildepruim —  
Ons, nòg loog, nòg skuim.  
Julle het die brousel aangemaak.  
Ons weet hoe hy smaak.*

## Die Wind se Lied

*Die dennebal se toegevoude vuis  
het in die tèt vroeë ryp  
onverwags oopgebars, was nie meer die tuis  
van die ongerypte saad, nou deur die wind gegryp.*

*Wie ken die wind se lied?  
Sing hy van vreugde of verdriet?  
Dis hy wat moet bepaal hoe elkeen val:  
Een, tot boom, ryping, iewers teen 'n hang of in 'n dal,  
die ander op die krans se regaf lip  
deur wind en reën geslyp, 'n wip  
wat dennesaadjies die dieptes in laat glip.*

*Die seance? Die medium in die trance,  
ook hy val eendag oor die krans.*

*En u, beminde dominie?  
Nes ek, ken u die antwoord nie.  
Dis te donker, ver daaronder, om te kyk  
of die saadjie lewe of beswyk.*

*Wie ken die wind se groot verdriet?  
Wie ken die wind se bitter lied?*



## Skildery

*Die lewe is die verslonsde linnedoek  
waarop 'n Bohemiër na wasige beelde soek.  
Die soeker is 'n Lasarus wat in 'n sonligstrook  
stofsatsels in 'n malle dans sien spook.*

*Die politici is skilders wat buite 'n ou gebou  
leespoog in die ondergaande son waghou  
oor 'n verslete vlag wat heeldag  
halfmas hang. Hulle weet al van die nag  
wanneer geleide projektiële  
soos geveuelde reptiële  
siekrooi strepe oor die doek sal trek.  
Daarna sal atoomroet se rougordel om dié aarde strek.  
Uit die laaste rookkolom  
sal U vrede eindelik na die leë aarde kom.*

## Sarkofaag

(Na aanleiding van Howard Carter se ontdekking van die graf van Toet-ank-Amen in 1922. Op die praalgraf het 'n eenvoudige kransie koringblomme gelê. Dis moontlik dat die kransie deur die jong Farao se ewe jeugdige bruidjie daar gelaat is. Háár mummie is nooit gevind nie en daar bestaan 'n sterk moontlikheid dat sy om politieke en godsdienstige oorwegings deur die Hoëpriester vermoor is).

*Met sy boor het hy die seël deurdring,  
brose maagdevlies van klei wat die einde van 'n dinastie omring.  
Flitslig van hierdie eeu word versigtig ingesteeek  
en 'n nag van dertig eeue word deur 'n straaltjie lig gebreek.  
Agter die swakgevoegde goue skerm lê laag op laag  
onvervulde beloftes van lewe ná die sarkofaag.  
Die Lotusblom se lippe bars in die son, word stom,  
maar op die kis van haar beminde lê die koringblom.*

*As ek die skoonheid weer sò kon vind!  
Sò, sò, na die nag se blink  
van goud agter swakgevoegde skerms van die sinne,  
sò in die blou van koringblomme, my beminde!*

M. STEYN VAN ROOYEN:

## Kringloop van die Stad

*Robotligte wat soos gekke  
by verlate kruisings  
geel, groen, rooi nog knik —  
'n groot horlosie wat iewers  
in die stad die sekondes  
van die nag wegsnik.*

*'n Koper brandkraan  
wat half-oop die water  
oor die teervlak spuit —  
'n dronkman wat hom vasloop  
teen 'n winkelruit  
en dan paplyf teen die grond neerslaan.*

*Leë melkbottels vol kombuisgeure,  
staan eensaam teen woonsteldeure.*

*'n Donker hoek,  
'n blonde straatvrou,  
'n blink motor wat  
by haar stilhou —  
sonder hartstog en min geweld,  
skaamteloos en vir geld.*

*'n Verspotte robot wink geel, groen, rooi —  
die stad het sy kringloop só voltooi.*

## Kringloop van die Plaas

'n Melkjong slaan 'n  
snoepkalf hok —  
'n dopemmer tussen knieë vasgeknyp,  
'n roomafskeier stoot met lang gesanik  
geelroom uit 'n vernoude pyp.

Die tweetand-hanslam van die boer  
wat astant by die kombuis inloer.

Die boervrou sit eendjies  
by die leidam neer,  
'n voorskootvol —  
'n pikkenien lê oop agter  
'n vul wat moedswillig weghol.

Rustig trek die son  
sy boog oor die agrariese lewe —  
op die plaas werk die mense  
in hitte wat bewe.

'n Klonkie wat wind-op flappe jaag  
en dan moedeloos in die gras neersyg —  
'n rietskraal reier wat  
windlig uit die vlei opstyg.

Dis ploë wat by wenakkers draai —  
en blink-swart aarde wat oopvou —  
reg vir die boer om te saai.

Moeggewerkte plaasvolk  
om die pappot,  
en swart gesigte wat in rook versmoor —  
gesels luidrugtig  
hoe Tokkolosie in die daglig toor.

Vreedsaam die plaashuis  
in die nag se stilte,  
en die hele omgewing  
in maanskyn gedoop —  
die lewe op die plaas  
het sy kring geloop.

# Ballade van die Ondergrond

## I

*Met elke draai van die groot katrolwiel  
daal die hyserkooi die nat skag binne —  
met mynlamp en metaalhoed, al dieper,  
verstomp die donker my normale sinne.*

*Maar in die donker tunnel van die myn  
kom ek gou weer tot verhaal,  
word ek deel van die masjiene —  
'n lewende ertsmeul wat die gouderts maal.*

*Die sieklike ligkol van my lamp  
soek die vuil dofglans van die rif  
wat lenig langs die delffront spikkel —  
terwyl 'n werktuig lawaaierig die klip-erts sif.*

*'n Plasseun ek, my siel lê diep  
in koel vleisome en potkleivore —  
ek asem nou die mynstof in, wat  
wegspat uit rots en goudertsbore.*

*'n Mynwerker met blinkgeswete bolyf druk  
knersend dinamiet in die skietgat af —  
en bo in Eloffstraat se varslug en son, reën  
muntstukke op studente wat langs sierwaens draf.*

*Hier, sesduisend voet in die doolhof se gang  
sit ek en Pikkenien by die mynwerkerskis —  
Swart koffie en toebroodjies vir my:  
'n kleierige stuk suurpap is Pikkenien se dis.*

*En ver bokant ons in die popelende Goudstad  
verrys die beton van makelaarspersele —  
druktelegrawe en mikrofoonapparate blêr  
opgewonde noterings vir goudaandele.*

*Daar op ons plaas waar die ploegvore blink,  
draai die aasvoëls in konsentriese kringe —  
trek die son sy boog van ooste tot weste  
en meet so die dag vir rustiger dinge.*

## II

Ineens kom uit die rotswand die  
gekraak van tuimelende houtpakke —  
'n rotsstorting! Die eerste waarskuwing is  
vluggende rotte en blinkvlerkkakkerlakke.

'n Slag in die donker wat die bloed laat stol  
en rotse wat intuïmel op werkers wat kreun —  
mynwerkers tas waansinnig in die duister rond  
en daar bo hoor die mense net die ertsmeulens dreun.

## III

Hystoue jaag sidderend oor die draaiende wiele  
om dooies te trek, bebloede beseerdes, en vuil,  
uit die donker ingewande van die ondergrond  
wat goudstof vir siele verruil

Dieselfde aand in die Goudstad hou  
die Mynkamer die jaarlikse banket —  
tussen glase en eetgerei wat skitterglans, en  
met nougesette maniere en sake-etiket

sê die president: „Dames en here,  
in die Vrystaat is ons goudriuwe ryk —  
ons moet dieper die aarde in — ons drink op  
die goudmynbedryf wat sy bloeytyd bereik.”

Ek gaan terug na die plaas waar die swart soorie krul  
as die ploë met blinkskaar die aarde oopskeur —  
ek is bang vir die goudrif, die tonnels en gange,  
vir die Witwatersrand waar die mynhope treur.

## Bedrog

Al die geleerde redenasies oor die lewe  
het my siel verstomp en  
ek soek geen waardes meer.  
Die verstand wat na wysheid strewe,  
so sê jy — oorheers die setel van gevoel  
wat geen impuls motiveer.  
Jy het alles wat eenvoudig is, vaarwel gesê  
om abstrakte norme en verwaarring vas te lê.  
Soos 'n towerkunstenaar wat die leuen bedek,  
omdat uit my verstand die verbeelding vloei,  
wil jy 'n sluier oor my eenvoud trek  
en so met drogredenasies bewys dat  
verstand en hart twee dinge is —  
dat die hart nie uit die verbeelding bloei.

VINCENT V.D. WESTHUIZEN:

## Die Groot Rooi Lag

Van hom is daar nie veel te vertel nie, behalwe dat sy naam Glop is en dat hy elke aand met sy soplepelskoene die saagselkring binnegedwarrel het. 'n Wye rooi grinnik was oor sy gesig gepleister en sy pruik was 'n glimmende bles met twee rooi haarpluisies bokant die ore. Sy neus was 'n bal van kunshars en sy bakstaan-kostuum was besprinkel met groot polkakolle. Met sy verskyning het hulle gelag en gelag, want hy was die bekendste hanswors in die land. Die geheim van sy sukses was dat hy die kuns verstaan het om saam met sy gehoor te lag. Hy kon maklik 'n staaltjie of grap in die middel onderbreek, net wanneer hy lus gevoel het, die kop agteroor gooi, sy arms wegswaai na die kante, en diep uit sy borsholte skater totdat dit druis rondom hom. Lag is mos aansteeklik.

Meer as dit het die buitewêreld nie gesien nie, nie geweet nie, en ook nie gevra nie. En die sirkusmense, wat in ieder geval nooit praat nie, sou jou weinig meer as dit kon vertel, selfs al wou hulle. Miskien net dat hy groot stapels boeke in sy karavaan aangehou het en dikwels met 'n pen tussen die tande oor 'n kaal vel papier gesit en mymer het.

O ja, en dan die feit dat hy dranksugtig was. Met sy eerste vrye tydjie na hulle aankoms op 'n nuwe plek het hy afgesit na die naaste drankwinkel om met 'n silinder-vormige pakkie in bruin papier terug te keer. Maar beskonke het niemand hom ooit gesien nie en hy het niemand ooit gehinder nie — skaars 'n praatjie aangeknoop. Glop se werk was om mense te laat lag, en hierdie verpligting het hy meesterlik nagekom. Die mense van 'n sirkus vorm glo 'n broederskappie, nee, 'n heelal op hulle eie, maar selfs binne hulle geledere was hy 'n geslote, fel geverfde skulp. Soos ek gesê het, hy kón lag wanneer hy daarvoor betaal word, en daarbuite het hy selde so veel as selfs gegrinnik. Vir hom was, soos dit wou voorkom, almal vreemdelinge, bekende vreemdelinge, en nuwe gesigte was weinig meer as prente. 'n Sirkus bly voortdurend op die trekpad en sy mense is gewoond aan gesigte, nuwe gesigte, wat eintlik ook nooit juis nuut is nie.

Vir die seisoen het hulle aan die soom van 'n groot stad die penne ingeslaan. Daar sou baie wees wat sou kom en gaan, en hulle sou vir 'n geruime tyd vertoef, maande. Na afloop van die eerste matineevertoning, wat al dadelik 'n

groot sukses was, het Glop na sy karavaan geslenter. Hy het sy pruik afgepluk, sy groot skoene uitgeskop, en sy neus in die bedkassie gebêre. Nadat hy 'n glas driekwart vol amber vloeistof weggeslaan het, het hy na buite gedrentel omdat dit 'n mooi middag was. Buite was die gewone trossies bruin en wit kinders tussen die tente saamgekoek, maar hy het hulle skaars raakgesien. Die natuurlike was besig om hulle aandete in swart blikke op misvuurtjies gaar te maak. 'n Pasgeslagte donkie het aan 'n paal gehang, en die bont ponies het in 'n ry vasgeriem gestaan, gerunnik en getrippel, en die vlieë van hulle los velle geskud. Die olifantkoei het aan haar voetketting gelate heen en weer gewieg, haar slurp oor haar kalf laat hang, en die blaarore heen en weer geflap. 'n Paar seuns was besig om die bobbejane met grondboontjies te voer.

Glop het na 'n hok gestap en sy hand deur die tralies gestee. Die tierwyfie het orentgekom, gapend met toegeknypte oë, en spinnend soos 'n kat haar kies teen sy hand geskuur.

„Dit sou ék darem nie waag nie. Ek was nog altyd onder die indruk dat dit die uitsluitlike voorreg van die leutemmer is.”

Hy het omgeswaai. Die meisie het 'n dwarrelende rooi romp aangehad en 'n swart kaalarm-trui met 'n lae hals. Haar hare, swart soos bakeliet, het ongeërg oor haar regterskouer gestroom en haar oë was glinsterend grys. Sy het geglimlag en haar mond was wyd en rooi gesmeer, baie soos syne.

„Og, hulle raak gewoon aan 'n mens. Baie soos 'n huis-kat. Ek moet sê dis darem ook net hierdie een met wie ek dit sal waag, hoor. Sy het feitlik in my skoot opgegroei.”

„Maar kan 'n mens hulle ooit werklik vertrou.”

„Wie sal kan sê? Hulle is maar baie soos mense.”

Hy het met sy hand oor sy wang gevee, bewus dat hy na die vertoning nog nie sy gesig gewas het nie. Sy het gemerk dat sy grimeersel besmeer was, en sy wit hemp nie baie skoon nie. Ook was daar klam kolle onder sy arms en agter sy blaaië.

„Hierdie diere — is dit waar dat hulle uit vrees doen wat van hulle verwag word? Of word hulle met liefde aferig?”

„Dit is, soos u flussies gesê het, die leutemmer se saak. Ek weet nie. Maar wat vir hulle geld, geld maar vir almal van ons.”

„Dan weet jy tog die antwoord.”



„Is daar 'n antwoord? En is dit waarlik van belang? Is daar eintlik 'n verskil?”

„Jy is, as ek my nie misgis nie, Glop, die groot harlekyn. My naam is Helen Botes. Wat is jou naam regtig?”

„Almal noem my Glop.”

„Ek is seker jou geboortesertifikaat lui anders. Wel, wat 'n mens verniet te sien kry is dikwels meer opjagend as dié waarvoor jy betaal. Ek veronderstel julle bly hierdie keer lank?”

„Drie maande.”

„Dan sal ek seker nog dikwels in die namiddag hier rond kom treusel.”

„Niemand kan jou verbied nie.”

„Ek is 'n skryfster, sien. Een dag wil ek nog 'n roman oor 'n sirkus skryf. Sommer oor al die dinge wat 'n mens aan die agterkant van die tent te sien kry. Dis natuurlik 'n gewaagde onderneming, want julle skerms is dig. Tog weet 'n mens nooit.”

Hy moes grimlag.

„Derduisende het al oor ons geskryf en derduisende gaan nog probeer. Wat hulle aan die agterkant te sien kry is nie veel meer onthullend as die voorkant nie. Julle kan nie in ons karavane kom nie.”

„Is julle waarlik so . . . anders?”

„Ons is mense. Maar die wapad is ons woning. Derhalwe is daar nooit bande nie en dan veronderstel ek is ons anders. Dit sou ons ook nie ten goede strek nie.”

„Julle werk hard. Harder as ander mense.”

„Met die verskil dat ons dit geniet, dat ons vir ons werk lewe.”

„Om mense te laat lag? Te laat vrees? Te laat wonder en asem ophou?”

„Te laat lag, in my geval. Dis 'n roeping en dis vir my genoeg.”

„En tog skuil daar dikwels agter die lag . . .”

„Asseblief. Nie weer die gemeenplaas nie. Daar word miljoene male oor geskryf. Ons speel nooit *Laugh Clown laugh* in die tent nie. Maar 'n bygelowige ou spul, jy weet.”

Dit was nie onvriendelik bedoel nie. Hy was bloot die afsydigheid vanself. Saaklik. Maar natuurlik was sy gekrenk, het sy, sonder 'n woord verder, weggedwaal in die rigting van die kamele. Hy het haar postuur agternagekyk en net so 'n klein bietjie jammer gevoel. Maar daar was voorbereidings vir die aandvertoning en hy het die grinnik vars gaan aanstryk.

Tog was sy die volgende dag weer daar.

„Glop . . .”  
 „Middag, sou ek sê.”  
 „Middag. Ek is bevrees ek word 'n oorlas.”  
 „Bepaald. Maar dis nie so erg nie.”  
 „Jy het seker nooit 'n tydjie af te knyp nie.”  
 „Nogal soms. Hier teen skemer. Soos nou. Wat wil jy van my hê?”  
 „Gaan tee drink saam met my. Ons moet gesels.”  
 „Watter doel kan dit dien?”  
 „Nadere kennismaking. Die boek is 'n obsessie. Jy gemos nie om nie?”  
 „Dis nie dat ek omgee nie. Maar jy verspil tyd. Jy gaan nie veel wys word nie. Hier is ander . . .”  
 „Maar jy is die baas harlekyn.”  
 „En dis al. Wat meer is daar om te weet?”  
 „Dis nie al nie. Ry jy saam, of sal ek die leutemmer gaan opsoek?”  
 Sy was mooi, en hy was 'n man.  
 „Wel, ék het niks te verloor nie.”  
 „Gaaf. Maar gaan was eers jou gesig. Ek weet nie eens hoe jy lyk nie.”  
 „Ek lyk soos jy my hier sien. So lyk ek vir almal.”  
 Dog toe hy terugkom was sy hare netjies gekam en het hy 'n skoon hemp en sportbaadjie aangehad. Sy het hom agter die stuur van 'n geel sportmotortjie ingewag.  
 „Wil jy bestuur?”  
 „Jy ken die stad beter.”  
 Dat hy nooit 'n motor leer bestuur het nie omdat dit nooit nodig was nie, het hy haar nie gesê nie. Waarom sou hy?  
 Hulle het in 'n knus kafeetje teen die berghang stilgehou en sy het voor geloop. Hy het die stoel vir haar uitgetrek omdat dit so hoort. Toe het hy teenoor haar gaan sit.  
 „Iets ruik hier sterk na brandewyn.”  
 „Dis ek.”  
 „Hoekom, Glop?”  
 Haar oë was mistig. Daarom was sy antwoord nie bitsig nie.  
 „Wie gee tog om? Dit stimuleer 'n mens.”  
 „Weet jy, Glop, dat hier geen siel in die teekamer is wat jou eien nie? En jy, jy is . . . nee wag.”  
 „Sê jou sê.”  
 „Jy is 'n mooi man. Aantreklik. Jammer dat jy dit moet toeplak.”  
 „Dis soos hulle my verkies.”

„Waarom is jy 'n nar? Ek het altyd gedink dis 'n beroep vir misvormdes, dwerge, en kreupeles. Diegene wat noodwendig moet skuil.”

„Werk is werk. Wat maak dit saak wat 'n mens se hande vind om te doen?”

„Ek maak nie hond haaraf met jou nie.”

„Jy was gewaarsku.”

„Jy lag 'n muur om jou siel, Glop.”

„Ek lag vir brood en brandewyn. Meer het ek nie nodig nie.”

En toe moes hulle gaan. Die son het sy afskeid bo die heuwelkabeling gevlam, en die aandvertoning moes haas begin. Toe sy hom by die tent aflaaï het die tierwyfie agter haar tralies geblaas en onrustig gelyk.

„Sien ek jou weer, Glop?”

„As jy 'n ghienie betaal, ja.”

„Moenie gemeen wees nie.”

„Wat wil jy van my hê, Meisie?”

„Verduiwels of ek self weet. 'n Storie of iets. Ek hou van geheimsinnige mense. Op die een of ander tyd word 'n mens iets wys. Dikwels is daardie iets van meer waarde as die lewensfeite waarmee so vele te koop loop.”

„Daar is waarlik niks. Wanneer begin jy skryf?”

„O, alles het sy tyd. Eers as die terrein kaal lê en die tent is opgevou en weg. Eers as die musiek stil is en die diere grom nie meer nie en die saagsel en papier is al wat oorbly, eers dan, as die liggies dood is, kan die skrywer skryf.”

„Jy weet heelwat meer as wat ek vermoed het.”

„Genoeg nooit. Wat van moremiddag?”

„Jy kom darem seker een aand sirkus toe? Ek sal sorg vir 'n komplimentêre kaartjie.”

„Dankie. Dis lief van jou. Ek sal die laaste aand daar wees. Dis altyd die belangrikste, die laaste aand.”

„Vir my is daar nooit 'n laaste aand nie.”

„Eendag tog wel. Nag Glop.”

Eers het hy 'n trooster weggeslaan en toe voor die spieël op 'n plat stoeltjie gaan sit om sy grimering aan te stryk. Maar met die rooïselkwas in die hand het hy net 'n oomblik gewefel.

Hy is 'n aantreklike man, het sy gesê, 'n mooi man.

Kon dit wees dat? . . .

Nee. Nee, tog nie dit nie. Nie dit nie. Toe het hy met heftige hale die rooi lag begin aanpleister, dikker, wyer feller as ooit tevore.

Hulle het mekaar meermaal, ja, gereeld gesien en hy

het haar begin aanvaar, hy, Glop, die hanswors wat vir alles en alles gelag het en niemand ooit aanvaar het nie. Hy wat vir hulle almal gelag het terwyl hulle vir hom lag. Dit het 'n soort instelling geword dat haar motortjie op hom wag na die vertonings, dat hulle die stad kruis en dwars deurry. En hy, wat die wêreld platgereis het saam met die sirkus, so baie kere al, het tot sy verbasing begin begryp dat hy nou vir die eerste maal besig was om die wêreld te ontdek, aan haar hand. Hulle het oor baie dinge gepraat, oor boeke en die duisende gedagtes wat daarin opgesluit lê, oor wêreldsake wat hom nie aangegaan het nie, oor wat mooi is en wat nie mooi is nie, en tog kon hulle nie sê dat hulle mekaar waarlik leer ken het nie. Hulle woorde was skerms, skerms teen mekaar. By haar het hy hom darem vry gevoel, vry en terselfdertyd gebonde met daardie bande wat 'n mens nie graag verbreek nie al kan jy dit maklik doen.

Selfs die mense van die sirkus, wat normaalweg min praat, het onder mekaar begin fluister van Glop se metamorfose. Dat hy gereeld 'n vrou ontmoet, dit het hulle met die oë aan mekaar begin knik, en dat dit opvallend was hoe selde hy meer bottels na die karavaan aangedra het. Maar as hy van al hierdie dinge bewus was het dit in ieder geval geen vaal kol aan hom gemaak nie. Net die noodsaaklikste dinge het hy met hulle bespreek en meermale het hy by die tier se hok gaan hurk om haar kop te streek.

En die maande het verbygeslenter. Elke middag en elke aand kon 'n mens die bulderende gelag in die groot groen tent hoor, en die flink marsmusiek so eie aan 'n sirkus. Af en toe was daar die lydsame gebrul van 'n dier wat nie juis weet waarvoor hy brul nie.

Een Saterdagmiddag het sy hom gevra: „Wat doen julle op Sondae, Glop?”

„O, 'n honderd en tien dinge. Daar is gedurig kostuums en apparaat wat nagesien moet word, uitrustings wat opgeknep moet word, en diere wat versorg moet word. Die organisasie staan nooit stil nie.”

„Rus julle nooit?”

„Alle mense neem soms verlof, span uit en gaan lê iewers langs die see en wens die dae om. Ons ook. Selfs daardie olifant, weet jy, word partykeer aan haarself oorgelaat en dikwels begin sy sommer vanself 'n riel dans sonder dat dit van haar verwag word, min wetende dat sy verniet oortyd werk. Die mag van die gewoonte.”

„Ek wou jou net vra om saam met my plaas toe te gaan vir 'n naweek.”

„Plaas toe?”

„Ja, My pappie boer sowat veertig myl hiervandaan. Die pad is goed en dis net 'n japtrap om daar te kom. Ek gaan dikwels oor die naweek huis toe.”

„Andersins?”

„Skryf ek verhale of lees sommer. Jy weet tog ek gee onderwys, woon in 'n woonstel, en speel tennis of klouter in die rante rond. Daar is niks anders nie.”

„Niemand anders ook nie?”

„Geen deksel skeef genoeg nie.”

„Nou nooi jy my saam plaas toe?”

„As ek reg onthou, ja.”

„Maar dis . . . bra ongehoord. Ek bedoel . . . wat sal jou ouers sê as jy met 'n hanswors daar aangesit kom? Jou pa sal wag vir 'n geskikte donderstorm om jou te verdryf.”

„Om pront te wees, dit is nogal 'n probleem. Ek het daarvoor nagedink, Stefaan — sy het intussen sy naam leer ken en hom soms daarop genoem — alle mense verstaan hierdie dinge natuurlik nie, veral nie boeremense soos nou my pa en ma nie. Maar ons kan hulle slegs laat wys word dat jy in die stad werk. Hulle vra nooit baie vrae nie.”

„Ek mag tog verleentheid bring.”

„Onsin.”

'n Plaas. Iets waarvan hy dikwels al gehoor het, maar waarmee hy nog nooit kennis gemaak het nie. 'n Plek waar daar ruimte is, en stilte. Waar diere vry van kettings en tralies in die son rondluier, waar dinge groei en mense lag net wanneer hulle daarna voel en mok wanneer hulle daarna voel. Met haar saam op 'n plaas . . .

„Baie dankie, Helen. Ek dink ek sal jou uitnodiging aanvaar.”

Hulle het 'n glimmende krans uitgeklouter en hy was verbaas oor die ratsheid van haar fyn voete. Hyself was aan harde oefening gewoond, daarvoor het sy gedurige kapriolle gesorg, maar van haar het hy die rapheid nie verwag nie. Sy het voor geklim en hy het sy oë van haar gestalte probeer weghou omdat iets hom gemaan het om dit te doen. Skielik het sy vasgesteek, die swart haredos oor haar skouer geslinger, en met haar hande op haar heupe, skewekop, na hom gekyk.

„Moeg?”

„Nie so danig nie. En jy?”

„Ek klim dikwels hierdie berg uit. Daar is nog net 'n paar tree voor ons bo kom en daar is 'n noeniebos om onder te rus. Vandaar kan jy die hele plaas betrag.”

„Nou toe kom.”

Bo het hulle op 'n rotsplaat gaan sit en sy het met haar hand oor sy voorkop gevee.

„Dis tog klam.”

„Ja nee. Ek vrees die plaasnoui het my getroef.”

„Toemaar. Ek het nog nie twintig keer na mekaar probeer bolmakiesie slaan soos jy nie.”

Links onder hulle het die landerye weggekabel tot waar hulle blou word van verheid. Waar die dam glinster, het 'n paar bruin beeste rondgelê en die opstal was gehul in die klam koel skaduwees van 'n klos donker bome. 'n Huis, het hy gedink. Mure en 'n dak. Elke aand gaan die mense daar slaap en elke oggend staan hulle op en nooit, nooit word dit opgebreek en elders geplant nie. Dit staan.

„Glop . . . Stefaan?”

„Ek hoor jou.”

„Ek . . . ek weet nie of ek dit behoort te vra nie, maar verlang jy nie soms na hierdie dinge nie?”

„Mens verlang nie na iets wat jy nie ken nie. Ons lees wens nie hoe die veld lyk nie, en daarom treur hulle nie daaroor nie.”

„Maar iewers moet daar tog . . .”

„Ons sirkusmense se kraambed en sterfbed is dikwels die trekpad. Nooit vertoef ons nie, en ons verkies dit so. Dis in ons bloed.”

„En . . . die liefde?”

„O, ons trou ook onder mekaar en ons kinders word aan die sweefstokke groot. Hulle soek weer ander van hulle soort en so gaan dit maar aan. Tradisie, kan 'n mens dit noem.”

„En dis al?”

„Ek praat natuurlik in die algemeen. Wat myself betref — ek glo dat wie alleen loop die verste loop.”

„Jy het dus nog nooit daaraan gedink om 'n ander koers in te slaan, 'n ander nering te vind, en 'n vaste verblyfplek te hê nie?”

„Ek? Die sirkus vaarwel sê? Ek wat van kindsbeen af swerf? Nee, daaraan het ek nog nooit gedink nie.”

„Julle is tog nie waarlik vry nie. Eintlik is julle meer gebonde as ander mense.”

„Wie is vry? Helen, my vader was, soos sy vader voor hom, aan 'n sirkus verbonde. Sy werk was maar net om elke middag en elke aand sewentig voet ver na onder te



spring. Dis al. Maar daar was 'n laaste aand en — mag dit my vergewe word as ek verkeerd oordeel — ek dink dit was hulle genoeglikste aand. Hy is uitgedra, vir goed, en ek het nie die moed gehad om sy spore teen daardie stellasie uit te volg nie. Nou ja, toe word ek maar 'n nar. Daar was geen ander uitweg nie.”

„Julle lewe soos die diere wat julle saam met julle karwei.”

„Ons almal leef soos diere.”

„Maar ons is mense, Glop, en ons smee bande, dierbare bande. Ons het iets meer, iets om te behou. Ons ken haat en liefde.”

„Daardie tierwyfie — Susie — sy het verlede jaar 'n kleintjie gehad. Die dingetjie is dood, en sedertdien kan ons niks met haar uitvoer nie. Sy lê alleen opgesluit en geen ander tier waag dit in haar nabyheid nie. As dinge nie verander nie, sal hulle moet . . .”

„Sy sal seker later vergeet. Maar mense is nie so nie. Hulle onthou. Om nou maar sinnebeeldig te wees — waar die tent eenmaal gestaan het, val jou oog telkens weer as jy daar verbyry.”

„Vir andere ja, buitemense soos jy. Vir ons staan die tent altyd, en waar hy staan is ons tuis en gelukkig.”

„Laat julle nooit iets dierbaars agter nie . . .”

Haar voet het van sy vastrapplek gegly en sy moes aan iets klou om nie te tuimel nie. Sy arm was daar, stewig en hard soos 'n boomwortel. Hy het haar vasgegryp en in albei se oë het die skrik opgeslaan toe hulle mekaar aankyk.

„Glop . . .”

„Jy moet versigtig wees, my dier. Jy kon lelik geval het. En wat meer is, ons sal moet begin huis se kant toe staan. Jou ouers mag onrustig begin word.”

„Ek het jou iets gevra, Stefaan . . .”

„Niks mag vir ons dierbaar word nie. Niks wat ons nie kan saamneem nie. Helen . . . Helen . . . o Helen . . . !”

Haar hand het stil deur sy kuif gekam en tussen haar oë het die pyn in 'n diep keep gelê.

„Asseblief, Stefaan . . . Ek het dit voel kom. 'n Vrou weet altyd.”

„Helen, ek verloën myself, alles, alles wat ek is, as ek dit sê, maar ek het flussies teen my beterwete gepraat. Ek het nog nooit iets dierbaars gehad nie, nog nooit iemand soos jy nie. Nog nooit, nooit.”

„En jy verkies die sirkus bo my?”

„Dis nie 'n kwessie van keuse nie.”



„Dit is; dit is. As 'n man 'n vrou liefhet, waarlik liefhet, versaaak hy alles terwille van haar. Alles. Jy kan ander werk kry. Jy kan jou vestig iewers. Ek het jou lief, Stefaan, nou skerm ons nie langer nie. Ek het jou ook lief, maar dan sal jy jou moet vestig.”

„Onmoontlik. Ek lag vir 'n bestaan.”

„En jy word uitgelag. O Stefaan, begryp jy dan nie? As 'n vrou 'n man liefhet duld sy nie dat hy 'n spotvoël word nie. Dit is te veel.”

„Wat kan ek doen?”

„Ander werk soek. Ek gee nie om om onder te begin, arm te wees nie.” Die trots het in hom vlamgevat.

„Ek is 'n kunstenaar. Dis 'n kuns om mense te laat lag.”

„So sien jy dit en so sien ek dit. Maar daar is buitestaanders om mee rekening te hou. Ek kan nie saam met 'n sirkus rondgekarwei word nie.”

„Nou wat presies het jy by kom soek, Helen?”

„Iets besonders om oor te skryf. Iemand wat anders is as ander mense. Maar dit was nie die Voorsienigheid se plan nie. Want nou is jy vir my 'n man. Wees 'n gewone man. Asseblief, Glop.”

„Ons ontvang fatsoen en daarmee groei en ontwikkel ons. Om onself te probeer hervorm sou misvorming beteken. Dis nie in ons hande nie.”

„Tog kan sommige van ons dit toeplak met verf.”

„Ek kan niks anders wees as 'n harlekyn nie.”

„Jy kan. Jy is 'n mens, 'n dierbare mens. Ek weet. 'n Vrou wat liefhet weet alles. Wat gaan ons doen, Stefaan?”

„Ek weet nie. Ek weet nie. Verduiwels of ek enigiets weet nou. Jy moet my tyd gee.”

„Tyd? Hoe lank? Wanneer gaan julle . . . die sirkus . . . weg?”

„Aanstaande Saterdag is ons laaste vertoning. Gee my net tyd tot dan. Dan sal ek jou sê. Dis nie maklik om . . . volwasse gebore te word in 'n wildvreemde wêreld nie.”

„Ek sal daar wees.”

Die mense vertel dat Glop begin rondverneem het en hy kon 'n betrekking kry by 'n saagmeule; die besoldiging sou nie so danig onaardig gewees het nie. Maar hy sou eers daardie laaste Saterdag finaal besluit en dit aan haar bekend maak.

Toe hy egter daardie middag die rooi grinnik oor sy gesig pleister het hy nog gekantel tussen twee liefdes. Hy was reeds klaar met die taak en het sy bakkies in die spieël betrag om fout te vind. Aan die glimlag het daar niks

geskort nie. Na die vertoning sou sy op hom wag, en hy het nog geen antwoord vir haar gehad nie. Iewers vanmiddag sal hy tot klaarheid moet kom.

Die naturellewerkers was nog besig om die ystersegmente van die arena uitmekaar te haal toe Glop die tent binnebars. Hy het sy lag die lug ingeslinger, oor 'n vaatjie gestruikkel, en sesmaal bolmakiesie geslaan. Toe hy orentkom het twee gloeilampies in sy ore geflikker, aan en af, aan en af. Basie, die dwerg, het hom onder die sitvlak geskop en 'n spuitfontejntjie het op sy kop uitgespriet. Hy het hom omgeswaai en Basie teen die kop geklap.

„Ken jy nie jou maniere nie?”

Basie se broek het afgeglip tot op sy voete en daaronder was 'n flennierooi kniebroekie. Die skare het gebulder van die lag.

„Doen my 'n guns,” het Basie gevra.

„As dit is om jou te skiet — met die grootste plesier.”

„Kyk asseblief na my boordjie. Dit voel te nou vir my.”

Glop het oor hom geleun en ondersoek ingestel.

„Dis nie jou boordjie wat om jou nek is nie, dis jou knoopsgat.” Die geskater het harder om hulle gekring.

Glop het normaalweg skaars sy toeskouers raakgesien. Vir hom was hulle 'n muur eenderse gesigte, laag op laag. Maar die rystoel vlak langs die hoofingang was te opvallend. Die meisie wat verskrompel daarin sit, kon enigiets tussen nege en twaalf jaar oud gewees het. Haar bene was in ysterstutte en sy het nie saam gelag nie. Haar gesig was opgeskroef en die pyn was onmiskenbaar daarop te lees.

Hier, het hy gevoel, was 'n uitdaging. Dis maklik genoeg om iemand te laat lag as hy daarna voel, maar as hy ly is dit 'n ander saak. Met 'n paar kaperjolle was hy vlak voor haar. Hy het niks gesê nie, net sy kop agteroor gegooi sodat dit gelyk het asof sy nek knak, sy arms oopgeswaai, en die lag diep uit sy borsholte gerem.

En toe, eers bra teesinnig, het haar gesiggie verkreukel tot 'n glimlag. Daarna het sy geskud van die lug. Almal saam het geskreeu daarvan, maar toe was dit die beurt van die lamas.

Buite het Helen die deur van die geel motortjie vir hom oopgehou. Hulle het met 'n ruk weggetrek en weinig aan mekaar te sê gehad voor hulle op die heuwelrug buitekant die stad stilgehou het. Onder hulle het geboue en boomtrosse in 'n waas gelê.

„Dis warm,” het sy gesê.

„Dit is.”

„Glop . . . ?”

„Ek het klaar besluit, Helen.”

„Ek hoop dit was nie maklik nie.”

„Ek . . . ek bly by die sirkus, Helen.”

Sy het haar kop weggedraai, want haar oë het mistig geword, alles het vervloei.

„Ek sal jou mis, Glop.”

„Dis . . . so moeilik om te verduidelik.”

„Ek het geen verduideliking gevra nie.”

Sy het met haar handpalm oor die lapel van sy baadjie gestryk en daar was weer die ou pynkeep tussen haar oë.

„Kom jy nog vanaand?”

„Ek het so half belowe, het ek nie?”

Sy het in die voorste ry gesit en sy het 'n somersjas aangehad, 'n swarte met 'n roos van blou fluweel daarteen vasgespeld. Sy grinnik was met wilde hale aangestryk, rooi, rooi. En die hoeke daarvan het byna sy ore geraak.

Daardie aand, vertel die mense, is daar in die groen tent gelag soos nooit tevore nie. Dit was Glop op sy beste, Glop die kunstenaar, Glop die meester. Selfs die leeus het glo in hulle hokke orent gekom, die mane geskud, en in die baard gegrom, en Susie, die tierwyfie, was op haar agterpote teen die tralies. Glop het gebuig en weer gebuig. Tot ses, sewe maal.

Na alles verby was, toe die skare, steeds giggelend, begin verbrokkel, het sy haar jas styf om haar geslaan en alleen uitgeslenter na waar die nag haar opgelos het.

Glop het na Susie se hok gestap en sy hand deur die tralies gestee. Hy het haar oor paaiend gefrommel tot sy bedaar en gaan lê het, spinnend soos 'n kat.

LOUIS EKSTEEN:

## Lied in Holland

*In hierdie laagland het ek gekom, vroeg in die somer  
toe die wolke wit gestoot het oor Schiphol  
en die swartbontkoeie speelgoedagtig op die mooi  
weiveldstrokke so stil-stil geweï het, langs kratte  
hier en daar waar ou goor fabrieke skuins skadu's gooi.*

Holland se breë riviere, Holland se plegtige strome  
Holland se ritselende blare in lappe bossende bome.

*Op die polders het boere hoë karre suikerbeet gelaai  
en smiddags het boerinne met rooi kopdoeke begin melk  
terwyl kinders op fietse langs die pad lawaai.  
Kanale het optogte skuite aangevoer met klam slap sand  
en arbeiders het skepe geledig op die kaai.*

Holland se wuiwende lande, Holland se waterstrome  
Holland se voëls wat sketterig sing in die bome.

*Die somer het begin verdwyn en die skadu's het langer gestoot.  
Gasfabrieke het met hul swart dromme die lug verswaar  
toe ek eendag geweï het — so sonder wik of weeg —  
dat 'n reisiger dié dinge wat hy sien behou . . . en  
altyd oor 'n herinnering sal tob, al loop sy jare leeg.*

Soos Holland se breë riviere, Holland se silwer strome  
en Holland se singende merels in die takke van Holland se bome.

## Boesmanland

*Boesmanland is hier nee Boesmanland is daar  
Boesmanland is orals maar niemand weet mooi waar.*

*Wat maak dit saak? Ek vra jou nou  
solank ons lekker eet en lekker kou*

*en 'n Boesmanlandse deuntjie ruk-ruk uit 'n bruin kitaar.*

## Sjebienmêmmie

*Ai mie ai ma  
ai boem-sa-sa!  
Loop met stywe litte  
Loop met skewe sitte  
En wie agterna wil kyk  
kan kyk — niemand sal hom verêre  
vir die drilstap van dié paar  
Boesmanstêre.*

## Oompie

*Mallemokers meid, maar dêmmit!  
Wie't nou jou dit kon bid-aan  
dat ék met my pypie kromsteel  
nou hiér vir jou mit sien loop  
met daai boude hoekaai al lam  
van swaai voor man se oë –  
maar allajimkonfiet-konfaai  
hoe lit sy darie heupe swaai!*

## Klagtetjie

*'n Malle het mos vir my kom sê  
. . . 'n ou met oë wat na mekaar toe rol  
hy wou mos net daar en dantjies hê  
. . . mit sy tong wat rooilek om sy kwyltjieslippe  
wou mis vir my laat les opsê  
. . . darie stomp-af tand van hom soos sjeel beskyt  
wou lat ek, wou wou  
. . . met sy verdomde uit-lit-nek  
dat ek, ék 'n rooi kleimeid,  
dat ek, wat gesond is met wange rooilemoen  
. . . dat ek vir hóm moet SOEN!*

## Bouer

*Die fundamente het ek deur lae grond gegrawe  
beton in die vaste vore gegooi,  
die stene in rye-rye opgemessel –  
om te dink: waar dié gebou nou staan, was eers net sooi.*

## Parodie

*Melk spuit teen die emmerwand  
skoon alchemie –  
'n enkel fyngerekte skree:  
kon ek my voedsel só wit weergee!*

WILLY SPILLEBEEN:

## Langs 't Gemzenpad

*Zwerver die spoorloos — naar de hel? —  
doortrekt het randgebergte dood.  
Het westen loopt vol smeltend lood  
in 't water klotsend element*

*gebroken lichtstaaf van de maan  
naar de oever waar de branding schuimt.  
Kastanje geurt 't ongrijpbaar rijm  
en de avond staat zo naakt.*

*Het bloed met avontuur besmet  
vlamt opwaarts. Hemelgletsjer scherpt  
't prismaprofiel... De zwerver mens  
kent zijn tweeslachtigheid: gebed*

*der wellusten glimlach der pijn.  
De dichter hij haat en bemint  
zo schaamteloos primitief zo kind  
het woord dat hém gelijkt.*

*En zo tweeslachtig ook dit land:  
links hemelgletsjer randgebergt,  
de feestelijke dorpen rechts...  
De zwerver kent slechts 't gemzenpad.*

*Spoorloze, op weg, op weg...*

## Ballade van de Lange Omvaart

*Voor lange omvaart toegerust  
op deze zee van louter schijn  
vaar ik als mens en Odusseus  
uit 't paradijs uit de eeuwigheid  
naar de eeuwigheid terug.*

*Verlangens pijnen in de flank  
warm van een reedloos heimwee  
word ik zelf lichtgevekte zee  
grauw als golven egaal.*

*Ik rand het hele leven aan  
met doelbewust helder verstand.  
Soms springt ter hoogte van een waan  
een zilvren vis mijn eenzaamheid  
glinstrende stuk. De stilte splijt  
tot de angst van mijn geslacht.*

De mannelijke stormwind randt  
mij aan — heilige verbijstering —  
Hij hakt kwetsuren in het want.  
Versplinterd storten mast en tuig . . .  
Hoe menselijk de pijn!

Plots . . . Land in zicht! De haren grijs  
de handen instrumenten die  
mijn lijden opschrijven: grafiek  
hun grillige siddering . . .

Een eiland! Door golven gelikt . . .  
die opkruipen als slangen langs  
bazalten wand, maar in hun val  
elkaar verpletten . . . Dit land is zwart  
en levenloos, het water brak.  
Slechts zwammen lang en slap.

Het schip legt aan, ik stap aan wal.  
Maar schimmen vallen me aan uit nacht  
naar mijn verleden: 't paradijs  
de doodsgerevaren van de reis . . .  
Zo radeloos mijn angst.

Ik smaak hem als de korrels zand.  
Ik wil terug . . . Maar in een droom  
bemerkt ik 't kerkhof: zerken hoog,  
norse gedaanten haat . . .

Een angstkramp en mijn wilde kreet!  
De echo holt voort van wand tot wand.  
En ik verstijf in lijf en geest.  
Mijn boot vaart af . . . De misthoorn toet.  
Ik lig en roep, maar vruchteloos.  
Ik lig geel in de dood.



LORENZ SCHULTZ:

## Trein na die Noorde

*ek tik 'n kort swart trein wat fel  
fluit en gierend oor die stoppelakkers snel  
met oop vensters waardeur die wind  
nuwe woorde vir 'n doodgewaande vrees inwaai  
ek tik die dag se oë byna blind*

*ek skryf 'n potloodstreep van 'n rant —  
daar staan 'n Boom in 'n offervlam en brand*

*ek tik 'n kruispad en 'n blonde kind  
wat skreeu goe-baai goe-baai  
van wie neem hy afskeid die trein of my  
niemand van wie ek antwoord kry  
die trein het my en niemand anders opgelaa*

*Boom sal jy vir my nog vlam  
as die nag toesak agter die kam?*

## Klooster

(BERGEN-AAN-ZEE, Noord-Holland)

*Ek brabbel 'n kerk vol helder kleure:  
suigstokstrepie-vensters uit my kindertyd,  
en geel affodille en lelies wat wyd  
staan oor die oop veld van 'n kalwerliesde.  
Ek skryf: die skerp, hoë toring van die eerste twyfel,  
twee swart bloekombome teen 'n kaal en harde horison  
en — skielik — 'n swart hond tussen rooi Hollandse huise.  
Ek sou so graag die son blou wou geteken het,  
maar sy kleur is reeds bepaal deur wet —  
die rede — wat my in hierdie sel gemessel het.  
Ek teken 'n klok sonder wysers of ure  
ek brabbel my hart vol reënboogkleure —  
slegs dun, swart strepies is vensters en deure.*

## Boerebruilof

(TWENTE)

*Die herfs bring vuurkoraal, agaat en goud  
en 'n blou kantsluier vir sy bruid se heiligdom.  
Muskusgeur sweef dralend deur die domkerk van die woud,  
My hart is die bruilofsruiker — 'n verdorde sonneblom.*

## Hawe

(ROTTERDAM SE HOTELLETJIE)

*Heer, noudat ek in die lang herfsnag  
moet luister na die liefdesklag —  
„kat soek gekastreerde kater —”  
weerhou tog my hand van die emmer water.*

*Heer, moet op hierdie aarde jammerdal  
ook die neuriesangers nie vergeet nie,  
want sonder hul en jazzgebral  
sal ons van U liefde niks leer weet nie.*

## Bossie

(VELUWE, Oos-Nederland)

*Toings mis hang in my hare,  
my skoot is vol verdorde blare.  
Elke vinger's 'n droë loot,  
wyk, son, jy lê my armoed bloot.*

*Die nag het vriende: wind en reën,  
hy kan nog praat met die donker spruit,  
maar ek's verdwaalde-kind-alleen —  
geen voël wat in my takke fluit.*

*Ek word geen Kruis of doringkroon,  
word met geen Passieblom beloon,  
geen haas wat ooit in my weg ruik —  
waarom sou hy? Ek's geen struik.*

*Tuinier wat elke ding laat groei.  
sal U lente nooit in my ook bloei?  
Kry ek geen water uit U hand?  
Bedek my gou met U skerp wit sand!*

## Korter Dae

*Die aandlug is 'n slenterjas waarin  
die arms van 'n windmeul wild nog groter skeure pluk.  
Uit die vierkant van my venster ruk  
'n swart voël weg en los —  
of was dit miskien die laaste blaar,  
deur die rukwind weggedwarrel uit die bos?  
'n Straatlamp knipper aan en staar  
onbeskaamd by my donker ruite in.*

*Timmerman, U moet gou planke oor my venster slaan,  
want ek is koud en kaal, al het ek klere aan!*

## Dood in die Veld

*Die windhond skud 'n reën  
blink druppels los. Gaan skuur  
sy diep bors in 'n pol.  
Flou mense-oë tuur,  
vang die tregterson.  
Die windhond rol  
op 'n stuk  
ou, toegespoelde wol.  
Dan span hy die veld  
in baldadige kringe.  
'n Doringboom staan yl,  
van sy voëlent gestroop.  
Die windhond is dol,  
die windhond lê oop.  
Hy span die veld,  
hy breek die lug  
met sy wilde kringe . . .  
'n Berggans  
raak los  
van sy hoë krans.  
Swig  
as hy sien die dag  
verloor die ewewig.  
Keer terug.  
Die windhond word mal  
in sy kringende dans  
van styg  
en val . . .*

## Herfsoortuiging

*Na jou is daar geen res  
van verlange meer nie. Ek het  
dit alles uitgemaak, voltooi,  
my op al die plekke self gered.*

*Dit het nou stil,  
voldrae en bereid geword.  
Dat uit die takelwerk van bome  
die gevoel van blare stort.*

## Boer

*Die heinings om sy plaas dui aan  
tot waar sy eie wêreld gaan.*

*Hier soek sy ploeg steeds verder jaar na jaar  
en dam 'n ryker aarde teen sy skaar.*

*'n Boord verrys, kompleet beskut met kweperboom —  
eu voor hom groei sy eerste dag se droom.*

*Diékant waak die windpomp oor  
die dam, en keer die noordwind voor.*

*Smorens loop hy oor douspinnerak en gras  
na waar sy mielies blonkoel, bankvas*

*staan, en voel sy hande jeuk al klaar  
om weer sy blink see oor te vaar.*

## Koerantleser

*Donker deurbraak aan elke kant,  
my kern binne agter bydraad vas,  
en die mothu van onrus sladder wild  
tot in die laat kolom se glas.*

## Grysbokkooitjie

*In vandag se kol  
vrens sy in bos en pol  
die oog, die korrel, die visier,  
wat dodelik slaan in elke spier.*

*Van daardie dag se skoot  
gooi sy haar lammers dood;  
en keer haar af, maar elke jaar  
word sy gedryf om weer te paar.*

## Storm

*Gisteraand het die storm oor die huis geskuur.  
En toe dit stil word, het ons iemand uitgestuur  
om gou die blikkie water in te haal  
waaraan ons dié gekonsentreerde seën bepaal.*

*Teen dagbreek het 'n klipkors miershoop  
reeds in blink slangkoppe uitgeloop.*

## Witnekkraai

*Jy is die swart vlek  
wat onder die witkruis  
as sy skaduwee trek.*

*Jy gaan met enerse hale  
langs wit bloeisels  
van telefoon pale*

*en jy vlieg nooit hoog  
in verleë boë nie;  
maar in 'n dooie skaap se oog*

*sonder sin of trek  
vir stil krapoë, ingekeer,  
het jy jouself ontdek.*

## Getuie

*Ek sal die hele waarheid praat  
en tog nie vrykom nie: ek weet met elke daad,  
elke huiwering en elke ja of nee  
benadeel ek die aangeklaagde of die staat.*

ANDRÉ DEMEDTS:

## De Letterkunde in Noord en Zuid

*Een Overzicht.*

Naar wij in het februariennummer van het „Nieuwsblad voor de Boekhandel” konden lezen, werden er in 1959, door de gevestigde Nederlandse uitgevers, niet minder dan 8588 boeken op de markt gebracht. Hiervan waren er 1106, waarschijnlijk in overweldigende meerderheid leerboeken, in vreemde talen gesteld. Tegenover 1957 en 1958, toen er 7284 en 7818 titels waren, betekent dat een merkelijke stijging. Men mag ten andere niet uit het oog verliezen, dat die getallen alleen op Nederland terugslaan. Om juist te weten hoeveel Nederlandstalige boeken er verschenen zijn, zouden de werken die in onze taal alleen in België uitkwamen er moeten bijgeteld worden. Daarom-trent is er geen statistiek voorhanden, maar op grond van een voorzichtige raming mogen wij aannemen dat het er ten minste 1500 zijn geweest.

Onder de 8588 Nederlandse boeken waren er 4917 nieuwe uitgaven en 3671 herdrukken; 3427 leerboeken; 1065 romans en novellenbundels benevens 870 uitgaven voor de jeugd. Er verschenen 408 oorspronkelijke Nederlandse en 657 vertaalde romans. De grote meerderheid hiervan, 448 titels, werden uit het Engels overgebracht. Verder was de Franse letterkunde met 72 en de Duitse met 67 werken vertegenwoordigd. Laten wij ter vergelijking hieraan toevoegen, dat in 1959 in Frankrijk 12032 boeken verschenen, waarvan 256 in een vreemde taal en 1332 vertalingen. Uit die getallen blijkt dat, naar verhouding tot hun onderscheiden bevolking berekend, Nederland merkkelijk meer boeken uitgeeft dan Frankrijk: 8588 tegen 12032, waar de cijfers einde 1958 11.173 miljoen tegen 44.500 miljoen zielen bedroegen.

Opmerkelijk is ook dat er van de 8588 titels 2117, het zij een vierde, in de prijsklasse van 1 tot 2 gulden vielen. Hiertoe behoren de vele pocket boeken, die bij studerende en lezers met een bescheiden inkomen vlot van de hand gaan. Gelukkig is het doorgaans schoon en degelijk werk dat in die goedkope reeksen verschijnt. Talrijke meesterstukken uit de wereldletterkunde en werken met hoge wetenschappelijke standing zijn er thans in te verkrijgen. Bij het begin van het laatste winterseizoen heeft de uitgeverij Heidelberg uit Hasselt het zelfs aangedurfd een

serie Vlaamse pockets op de markt te brengen. De bedoeling is de gehele Vlaamse literatuur van belang in het licht te geven. Tot nu toe zijn reeds 16 deeltjes tegen een prijs van 25Fr per nummer uitgekomen. Vermelden wij onder de voornaamste auteurs die reeds een beurt verkregen: Gezelle, Buysse, Daisne, Gijsen, Timmermans en Wal-schap.

De belangrijkste letterkundige onderscheiding in Neder-land, de Constantijn Huygensprijs, ging dit jaar naar Gerrit Achterberg. Deze dichter werd in 1905 geboren en woont te Leusden op het Gelderse platteland. Zijn eerste verzenbundel „Afvaart” verscheen in 1931 en werd sedertdien door een dertigtal andere gevolgd. Het grote, vrijwel enige thema, dat in zijn gehele werk terug te vinden is, komt neer op een pogen om zich met een overleden geliefde vrouw te herenigen. Hij wil door een wisselwerking tussen vizioen en woord, verbeelding en vertolking van een werkelijkheid die hij voor zichzelf scheidt, over de dood heen een verband met haar leggen. Aanvankelijk werd dat streven in vrije verzen uitgedrukt, maar in zijn jongste bundels is hij tot een meer gesloten vormgeving, en zelfs tot het sonnet teruggekeerd.

Achterberg behoort met Hoornik en Van Hattum tot de generatie van 1930, die als een schakel tussen de ekspres-sionistische en vitalistische poëzie van Van den Bergh en Marsman enerzijds en de experimentele dichtkunst der na-oorlogse jongeren anderzijds mag beschouwd worden. Eigenlijk is hij een moeilijk dichter, beheerst, cerebraal en koel, die aan Valéry en Ungaretti doet denken. Een deel van zijn lyriek werd in het Frans vertaald en aan de uni-versiteit van Melbourne promoveerde Dr. R. P. Meyer met een studie „Contribution to the study of poetry of Gerrit Achterberg.”

Tijdens de jongste maanden zijn ons verschillende letter-kundigen van betekenis ontvallen. De eerste was Gerard Brom, geboren 17 april 1882, die op 30 november 1959 gestorven is. Hij behaalde in 1907 zijn doctorstitel te Utrecht met een proefschrift over „Vondels Bekering”, dat hij later tot een monumentaal boek over „Vondels Geloof” (1935) heeft uitgewerkt. Niet minder belangrijk waren zijn essay's „Barok en Romantiek” (1923) en „Ro-mantiek en Katholicisme in Nederland” (1926). Hij was hoofredakteur van het tijdschrift „De Beiaard” en sedert 1923 professor aan de universiteit te Nijmegen, waar hij kunstgeschiedenis en in de laatste jaren ook letterkunde



doeerde. Brom was een voorbeeld van gedegenheid, voortzetter van een traditie, die in de XIX<sup>o</sup> eeuw Potgieter en in de XX<sup>o</sup> Verwey heeft opgeleverd.

Op 28 januari 1960 is eveneens op hoge leeftijd de romanschrijfster Anna Van Gogh-Kaulbaech (°31 december 1869) overleden. Zij heeft, behalve talrijke losse bijdragen, meer dan zeventig romans, novellenbundels, toneelstukken en reisbeschrijvingen gepubliceerd. Kenschetsend voor haar kunst is haar realistische inhoud, die met grote deernis voor het lot van armen en verontrechtten verenigd gaat. Zij heeft dikwijls over het moederschap, de verhoudingen tussen echtelieden en geslachten, alsook over jeugdproblemen en sociale tegenstellingen geschreven. Tot haar knapste romans behoren „Moeder” (1909) en „Mensehen in 't Huwelijk” (1931).

Een tragischer dode is de Vlaamse auteur Roger Fieuw (geboren in 1922) geweest, die wij op 25 februari j.l. begraven hebben. Hij zou eerst op 23 mei e.k. 38 jaar worden. Hij was rechtskundig adviseur bij een elektriciteitsmaatschappij en werd bekend door zijn roman „De Japanse Vissers” (1959), die in letterkundige kringen opgang maakte. In dat boek handelde hij over de gewetensangst van een atoomgeleerde, die weigert een ontdekking die hij gedaan heeft aan anderen mede te delen, uit vrees dat zij tot het ongeluk van de mensheid zou kunnen leiden. Stippen we tot slot van deze nekrologie nog aan dat ook Piet Bakker, Nederlands meest gelezen schrijver (°1897) zo pas, op 1 April 1960, aan een hartaandoening overleden is. Hij was joernalist aan verschillende bladen, laatst aan „Elseviers Weekblad” geweest en had door zijn kennis van het leven en zijn humor een talrijke lezerschaar verworven. Eens moet hij verklaard hebben, dat hij niet kon zeggen hoe hoog de gezamenlijke oplage van zijn werk geworden was. In ieder geval heeft zijn romancyclus „Ciske de Rat” tienduizenden vreugde en bemoediging geschonken.

Onder het nieuwe werk dat tijdens het winterseizoen versehenen is, gaat onze aandacht in de eerste plaats naar „Verloren Zomerdag” (Van Kampen, Amsterdam. 1959) van Lia Timmermans. Met deze roman heeft de dochter van de onvergetelijke Felix Timmermans voorgoed haar faam gevestigd. De hoofdfiguur uit het boek is een vijftienjarig meisje, dat op een plattelandsgemeente bij haar grootmoeder inwoont. Op het dorp komt tijdelijk ook een ingenieur, die gelast is met de voorbereidende studie voor

het aanleggen van een brug. Spoedig wordt het meisje, met die tedere schroomvalligheid die aan haar leeftijd eigen is, op hem verliefd. Hij hecht zich echter meer aan een andere vrouw, die omdat zij zwanger is zelfmoord pleegt, als de man de streek verlaten heeft zonder naar haar om te zien. Zo heeft het meisje ineens het leven der volwassenen leren kennen. Uit het droombeeld van haar jeugd voor altijd verbannen is haar iets ontnomen, het geloof in de goedheid van dingen en mensen, dat haar nooit zal teruggeschonken worden. Lia Timmermans heeft dat gegeven met buitengewone fijngevoeligheid uitgebeeld in een warme, lyrisch gekleurde taal, die in harmonie met de inhoud is, vooral in de tweede helft van haar verhaal bereikt zij, hoewel anders gericht en geaard, hetzelfde meesterschap dat haar vader bezeten heeft.

Een tweede werk van belang is „De Neusvleugel der Muze” (De Clauwaert, Leuven. 1959) van Johan Daisne. De schrijver voert ons naar Knokke, Praag en Sotsji aan de Russische Riviera. Telkens komen wij op een filmfestival terecht, waar wij talrijke filmspelers en -kenners in hun dagelijkse handel en wandel mogen gadeslaan. Komt daarbij een getrouwe schildering van de omgeving en de bijzondere atmosfeer, die op zulke internationale (en mondaine!) bijeenkomsten pleegt te heersen.

In een vraaggesprek voor de televisie heeft Daisne verklaard dat veel gebeurtenissen uit zijn boek, dat veeleer een kroniek dan een roman is, werkelijk plaats gegrepen hebben, zoals zijn personages in grote meerderheid levende mensen zijn. Alleen heeft hij de plaats van handeling wel eens verwisseld of een paar aanvullende figuren aan het verhaal toegevoegd, om wat meer verscheidenheid in de bezetting te brengen. De rest is waarheid. Knap vertelde, glimlachende en jeugdige waarheid, die altijd in een begrijpende en verzoenende toon gehouden wordt. Wij kunnen er veel uit leren. Zo laat Daisne bij voorbeeld een groep studenten de merkwaardigheden van Praag bezichtigen en geeft zijn lezers meteen een indrukwekkende overzicht van wat die stad te bieden heeft. Zodoende voert hij in onze letterkunde een eigenaardig soort reisboek in, dat misschien wel toekomst heeft.

Een der sterkste talenten uit de naoorlogse periode is Ward Ruyslinck, die met zijn lange novelle „De ontaalde Slapers” (1957) naam gemaakt heeft. Thans verscheen van hem onder de titel „De Madonna met de Buil” (Manteau, Brussel. 1959) een bundel, die zes verhalen bevat. Ze

vertonen een vrij grote verscheidenheid van onderwerpen, verenigd door dezelfde visie op het leven en een klassieke, toch warme, innemende stijl. In „De Madonna met de Buil”, het hoofdverhaal uit het boek, bevinden wij ons bij kleine Italiaanse landbouwers. Hun dochter Elena, die op het punt staat in het huwelijk te treden, vreest dat de plechtigheid zal moeten uitgesteld worden omdat haar grootvader overleden is. Nu zal zij een list gebruiken om toch haar zin te krijgen. In de dorpskerk staat een miraculeus beeld (de Madonna met de buil), dat volgens Elena ineens levend geworden is om haar te waarschuwen dat de bruiloft op de voorziene dag plaats moet hebben.

Mario haar verloofde blijft evenwel wantrouwig. 's Morgens voor hun huwelijk ondervraagt hij Elena en verneemt dat zij hem en iedereen bedrogen heeft. Tijdens het dramatische toneel dat daarop volgt, stoot zij hem een mes in de borst. Dodelijk gewond vraagt Mario dat zij hem naar de kerk zouden brengen, waar hij vergiffenis wil vragen voor de heiligschennis die door Elena gepleegd werd. Nu verwachten de mensen een echt mirakel. Maar er gebeurt niet anders dan dat Mario vredig en getroost voorgoed zijn ogen sluit.

Onder de jongeren was het Bernard Kemp, de literaire kritikus van „De Linie”, die met zijn roman „De Dioskuren” (De Clauwaert, Leuven. 1959), de voornaamste prestatie leverde. Dioskuren heten de tweelingen uit de Griekse godenleer, die de symbolen van een onverbreekelijke trouw geworden zijn. Op dat thema van de onafscheidelijke lotsverbondenheid heeft Kemp zijn verhaal opgebouwd. Zijn gebroeders heten Robert en Herman. De eerste is een dromerige jongen, die schilder wordt, huwt met de vrouw van wie beiden houden, een kind met haar heeft en verder een armoedig bestaan leidt. Door gemis aan verzorging sterven hij en zijn echtgenote veel te vroeg en Karel, hun zoon, wordt door zijn oom Herman opgenomen. Herman erft meteen het dagboek van zijn broeder, waarin hij leest dat Robert zich altijd door hem benadeeld en achteruit gesteld gevoeld heeft. Om te bewijzen dat die voorstelling van zaken onjuist geweest is, schrijft hij nu ook de geschiedenis van hun verhouding neer, zoals hij ze gezien en medegemaakt heeft. Hij voegt zijn tekst bij die van zijn broer en overhandigt het gehele geschrift aan Karel op zijn achttiende verjaardag. Nu kan de jongen oordelen, zoals ook de lezer oordeelt. Hoe verder beide verhalen gaan, hoe inniger zij ineenvloeien. Meer en meer denken beide broeders zich in elkanders gevoelswereld in en uiteindelijk

worden de vrouwelijk affektieve eigenschappen van de ene met de mannelijk redenerende van de andere verzoend. De thesis van Kemp's intellectuele schepping, die evenveel van een essay als van een relaas heeft, luidt dat de weg naar elkander over een betere kennis van elkander loopt.

Het meest belovende debuut van het seizoen is „Een heel klein Scheepje” (Manteau, Brussel. 1959) van Chris Yperman geweest. De heldin uit haar verhaal schijnt alleen voor de liefde te leven. Een liefde dan die uiteraard seksueel is en slechts achteraf tot vriendschap gelouterd wordt. Zo kent zij verschillende mannen, tot zij zich meer en meer aan één enkele onder hen, aan Hugo gaat hechten. Maar hij sterft aan tering en het meisje blijft wanhopig achter. „Ik wil een huis van bamboe,” zegt zij, „waar mensen wonen met een glimlach als bloembladeren. Waar ik een vrouw ben, niet een vrouw van woorden of een kind van lucifertjes.” „Een heel klein Scheepje” is een ontroerend verhaal, dat uit een diepe aandoening en toch onder de controle van een helder verstand geschreven werd. Eerlijk en kies, ondanks sommige bedenkelijke taferelen, tamelijk lyrisch en soms een tikje verliteratuurd. Over het algemeen nochtans is Yperman's stijl door het leven gedragen en aangrijpend door zijn waarachtigheid en oorspronkelijke beeldspraak.

Wij hopen in een volgende kroniek de voorjaarsoogst in ogenschouw te kunnen nemen en nog even uit te weiden over de dichtkunst en over de Noordnederlandse romans uit het voorbije wintergetijde, die thans wegens plaatsgebrek geen beurt konden krijgen.

5 april 1960.

C. W. HUDSON:

## Die Afrikaanse Letterkunde in die Jongste Tyd

In J. B. Priestley se *Literature and Western Man* (1960) lees ons: „The modern age shows us how helpless the individual is when he is at the mercy of his unconscious drives and, at the same time, is beginning to lose individuality because he is in the power of huge political and social collectives. It is an age of deepening inner despair and of appalling catastrophes, an age when society says one thing and then does something entirely different, when everybody talks about peace and prepares for more and more wars. Western Man is now schizophrenic. Literature, which is further removed from the centre than ever before, does what it can. The writer of genius cannot help becoming, through his own relation to his unconscious (and without this relation no creative work of value is possible), an instrument of whatever there is in the general deep unconscious, the inner world of the whole age, that is trying to compensate for some failure in consciousness, to restore a balance destroyed by one-sidedness, to reconcile the glaring opposites, to bring to our outer and inner worlds a life-enhancing unity. But literature itself now becomes one-sided, inevitably because it is over-introverted, often so deeply concerned with the outer world, that it cannot really fulfil the task it set itself. It now becomes literature largely for specialists, themselves nearly always equally introverted; and people in general, for whom it is really intended, find it either too 'difficult' or too 'neurotic' and 'unhealthy'. And in a sense these people who do not want modern literature, because they feel it is too entirely attentive to the inner world, that it lacks a life-enhancing quality, are quite right. The men who have created this literature have obeyed their daemon, have fulfilled their genius, and we should be grateful to them. But we should also realise that this modern literature means little or nothing to the mass of people, the very people in danger of losing true individuality, personality, to the collectives of our time; and that even for the minority of persons capable of understanding and enjoying this literature, it cannot carry the load. Nothing we have can carry it.”

Hierdie ewewigtige siening deur 'n uiters beleesc letterkundige hou ook vir ons plaaslik waarheid in: ook by ons



het 'n gedeelte van die Afrikaanse letterkunde 'n gebied geword wat slegs deur ingeligtes betree kan word alhoewel ons nogtans dankbaar is vir wat ons besit aan „moderne letterkunde”, ook by ons bestaan die gevaar dat die letterkunde nie meer vir die „massa” van waarde kan wees nie, ook by ons moet die skrywer miskien nou ook na buite kyk, opvang wat om hom aangaan en dáárdie bewustheid in die kuns presipiteer.

Watter beeld bied ons eie Afrikaanse letterkunde wat in die afgelope vyf jaar verskyn het? 'n Totaalbeeld word hier nie aangebied nie; 'n mens kan slegs die rigtingslyne probeer aanstip, en dan ook net volgens eie insig en leeservaring.

As 'n mens die literêre oes van die jongste tyd in oënskou neem, is dit duidelik dat sekere fases finaal afgesluit is in die tradisionele groei van ons letterkunde: die stroming van die plaasroman skyn byvoorbeeld op te gedroog het, en die paar werke wat sporadies verskyn, is niks meer as komeetstof van boeke soos *Somer, Laat Vrugte* e.d.m. nie. Ons het verder ook die stadium van versamelde werke bereik: ons het reeds C. M. van den Heever se *Versamelde Gedigte* gekry, later sy hele nalatenskap op die gebied van die geskrewe woord; onlangs is Totuis se versamelde werk gepubliseer deur Dagbreekpers; A. P. Grové, Opperman, W. E. G. Louw en N. P. van Wyk-Louw se versamelde letterkundige artikels het die lig gesien; van die Dertigers het I. D. du Plessis se versamelde gedigte en versamelde prosa verskyn. 'n Nuwe verskynsel is gereelde radio-aanbiedings van verskeie digters se poësie sowel as boekbesprekings — 'n poging om die literatuur na die „massa” te neem.

Van die Dertigers het daar nog steeds bundels deur Elisazeth Eybers, N. P. van Wyk-Louw en W. E. G. Louw verskyn; van die Veertigers het D. J. Opperman nuwe bundels poësie sowel as versdramas geskryf, nuwe werk van Ernst van Heerden het verskyn, die sterk nuwe digterstemme van Ina Rousseau en Peter Blum, naas heel nuwes soos R. K. Belcher, Izak van der Westhuizen en L. S. van der Walt het opgeklink. Van Soul Erasmus Smit het in 1959 'n bundel sonnette verskyn: *Die Halwe God* — godsdienstige verse wat iets nuuts bring as herbeleving van die Bybelstof.

Onder die prosaskrywers het twee sterk figure na vore getree: Frans Venter en Dolf van Niekerk, terwyl Etienne Leroux en J. S. Rabie op belowende wyse gedebuteer het.

Die Afrikaanse kinderlektuur belewe tans 'n bloeitidperk: die pragtige „Huppelkind-boekies” deur W. O. Kühne

het verskyn, H. J. Vermaas se uitstekende jeugverhale is gepubliseer, ook dié van W. A. de Klerk wat met die Scheepersprys bekroon is. 'n Hoogtepunt in ons jeugliteratuur is Alba Bouwer se *Abdoltjie* (1958) wat in dié genre uitstyg tot belangrike kunswerk.

Sommige uitgewers het hulle toegelê op die publikasie van vertaalde werke: Tafelberg-Uitgewers het o.a. *Ciske* deur Piet Bakker uitgegee, Human en Rousseau het Elisabeth Eybers se mooi vertaling van Jules Supervielle se *Le boeuf et l'âne de la chrèche* gepubliseer, terwyl Van Schaik Kahlil Gibran se *Die Profeet* laat verskyn het.

Wyer horisonne word tans verken deur sommige Afrikaanse uitgewers. Leesbare reisverhale deur Anna M. Louw (*Agter My 'n Albatros*) en Elsa Joubert (*Die Verste Reis*) het verskyn. Eugène Marais se klassieke *Dwaalstories* (by Human en Rousseau) is op kunstige wyse gepubliseer, en by Nasionale Boekhandel is 'n besondere bundel kortverhale, *Kwartet*, uitgegee. Abraham de Vries het as belowende kortverhaalskrywer na vore getree.

Naas die versdramas van Opperman en Van Wyk-Louw het twee nuwe name by die lys Afrikaanse dramaturge aangesluit, naamlik dié van Henriette Grové en Bartho Smith met *Die Goeie Jaar*, *Die Glasdeur* en *Moeder Hanna* respektiewelik.

Die enigste twee letterkundige tydskrifte wat nog bestaan, is *Standpunte* en *Tydskrif vir Letterkunde*, aangesien *Ons Eie Boek* etlike jare gelede reeds van die toneel verdwyn het.

Van belang by die hele episode van die vernuwing wat deur die „Digtors van Dertig” vermag is, is die bundels letterkundige opstelle wat in die jongste tyd verskyn het — opstelle wat lank reeds geskryf is toe „Dertig” aan die gebeur was, en nou 'n perspektief daaraan verleen. W. E. G. Louw se *Vaandels en Voetangels* en *Ou Wyn van Vreugde* (albei in 1958 gepubliseer) verteenwoordig van die beste kritiek van Dertig. N. P. van Wyk-Louw se bundels *'n Wêreld deur Glas* en *Swaarte- en Ligpunte* (albei van 1958) bevat die wysgerige agtergrond en literatuurbeskouing van Dertig. In 'n mate sluit D. J. Opperman se geskifte aan by Dertig as letterkundige tydperk, soos dit saamgevat is in die bundel *Wiggelstok* (1959), alhoewel hierdie prikkelende opstelle los staan van sy eintlike studie oor die Dertigers. Die bundel, *Beskouings oor Poësie* (1957), deur oud-studente van prof. G. Dekker, sluit aan by bogemeldes, nie alleen omdat Dekker een van die weinige ouer kritici was wat die



eerste nuwe bundels van Dertig na waarde geskat het nie, maar omdat van sy studente soos bv. A. P. Grové en Merwe Scholtz die moderne Afrikaanse letterkunde in kritiese geskryf en al doserende help uitbrei en verklaar het; dit is dus nie toevallig nie dat twee opstelle deur die gebroeders Louw ook in die bundel opgeneem is, al was hulle nie prof. Dekker se studente nie. Die jongste digbundel in Afrikaans, nl. *Vuurvoël* deur L. S. van der Walt is bv. ook die werk van 'n Dekker-oudstudent. En een van die jonger kritici in Afrikaans, nl. T. T. Cloete, skryf in genoemde bundel 'n artikel oor een van N. P. van Wyk-Louw se gedigte. Die episode van Dertig is dus nog geensins afgeloop nie, al het die poësie-stroom daarvan blykbaar opgedroog. Wat in die Afrikaanse letterkunde vandag plaasvind, staan dus hoofsaaklik nog in die nadraai van Dertig.

'n Jonger verwikkeling asmede 'n vernuwing van die tradisie van die Afrikaanse letterkunde is die verskyning van die versdrama in Afrikaans. Alhoewel dié stroming reeds by Leipoldt begin het, het die versdrama eers by Louw en Opperman *moderne* gewaad begin dra. Nie alleen die vorm nie, maar ook die tema van die eerste twee Afrikaanse versdramas kom van „buite”: *Germanicus* het tot stof die Romeinse geskiedenis, en *Periandros* die Griekse, en hierdie Wes-Europese kultuurbevrugting van die Afrikaanse toneel het tot gevolg gehad dat die plaaslike ook in perspektief besien is — ongelukkig misluk Opperman se *Vergelegen* as opvoerbare stuk omdat die verwysings daarin, soos in sy poësie, nie vir die „massa” toeganklik is nie (selfs 'n redelik belesene sal bv. nie besef wie die „kwartaatjie” op bl. 25 is nie, of wat die verwysing na „die Assiriër Sardanapalus” bedui nie).

Die twee Afrikaanse skrywers wat in die jongste tyd wel om hulle heen gekyk het na die sosio-psigologiese opset waarin ons leef, het ongelukkig nie die mens *in* die situasie raakgesien nie. Ek verwys na J. S. Rabie se roman *Ons, Die Afgod* (1958), en na Mikro se *Die Koperkan* (1959). Rabie se *Een-en-Twintig* en *Dakkamer* was in 'n mate vernuwende prosa, maar bloot om die styl en die benadering van die werklikheid, nie om die literêre krag daarvan soos bv. die gedig *Mei* deur Gorter vir die Nederlandse letterkunde was nie. Nog minder is *Ons, Die Afgod* so 'n vernuwing, en juis omdat Rabie nie die mens *in* die situasie beeld nie, maar eerder die situasie in die eerste plek, en dan die mens dáárbinnen plaas. Mikro, so glo ek, sien weer net die mens, maar hy integreer hom nie volkome met die *situasie* nie, daarom is ook *Die Koperkan* geen prosavernuwing nie,

alhoewel dit 'n bydrae tot ons insig in die huidige maatskaplike opset is.

Ek sien egter 'n prosavernuwing in Dolf van Niekerk se *Die Son Struikel* (1960), omdat hierdie werk as literêre skepping 'n nuwe geluid in ons prosakuns is, weliswaar nog geen gróóť geluid nie, maar tog nuut. Soos daardie ander kunswerk op die gebied van ons romankuns, nl. Johannes van Melle se *En ek is nog hy*, vertematiseer ook Van Niekerk se werk die Rebellie. *Die Son Struikel* is 'n literêre prosawerk, is 'n Kaffkaiaanse vertelling waarin 'n paar vlakke van die bewussyn tegelykertyd beleef word. Uiteraard is dit dus geen boek vir die massa nie, netso min as wat Opperman of Blum of Van der Walt se poësie vir die massa is maar hierdie werk is 'n kunswerk, en dit besit juis wat bogemelde werke nie besit nie: mens en situasie is 'n eenheid, en heg versmee daarmee is die pregnante taalgebruik, so bewus en gedissiplineerd soos in die poësie, 'n geslaagde uitdrukking van 'n mens se gedagte- en sielelewe.

En tog het daar 'n ander Afrikaanse prosawerk verskyn wat reeds agt drukke beleef het, en seker al gelees is deur elkeen wat wel 'n Afrikaanse boek lees, hetsy literêre elite of literêre plebs: *Man van Cirène* deur Frans Venter. In die Afrikaanse literêre tradisie is *Man van Cirène* 'n uiters belangrike werk, en al is dit geensins volmaak in die algehele bouplan nie, het dit briljante onderdele, soos die uitbeelding van die karakter van Judas. Hierdie boek moet geld as 'n verryking van die Afrikaanse prosakuns in die algemeen, en nie alleen in die jongste tyd nie. Frans Venter het daarin geslaag om geweldige gebeure in die mensesiel en grootse omwentelings in die mensegees in sy roman uit te beeld, op 'n skaal so groot soos dit nog nooit voorheen in Afrikaans gedoen is nie. Hier het ons dus 'n geslaagde roman wat tog deur die massa gewaardeer word.

Omdat ons die kultuur van Wes-Europa deelagtig is, verbaas dit ons nie dat die tradisie wat deur T. S. Eliot in die digkuns as vernuwing gebring is, ons ook moes bereik nie. Baie Afrikaanse gedigte is sedert die verskyning van Toon van den Heever se poësie reeds so betekenisgelade dat hulle feitlik as blokkiesraaisels uitgewerk moet word, en dan wonder 'n mens wanneer die poësie begin en waar die blote intellektuele oefening. Skaarse smaaklike brokkies word in versreëls teengekom, maar 'n mens moet die verwysinge uitpluis om die sin na te speur. Is dit dan nog poësie? word gevra. Hierdie soort poësie is egter reeds voorheen geskryf — 'n mens dink aan die werk van Robert Browning, van Milton en Shakespeare — en jy besef dat alle

poësie alleen deur inspanning en oorgawe ten volle ervaar kan word, en om daardie rede is die beste poësie miskien dan ook slegs toeganklik vir diegene wat hulle die moeite getroos om aan die bestudering van die digkuns te werk. Hoe „goed” of „sleg” die ivoortoring van die poësie vir ’n volk is, kan ons nie ineens uitmaak nie. Het Leipoldt wat ’n „eenvoudiger” tegniek as Opperman beoefen het, om daardie rede minder waarde vir die Afrikaanse letterkunde?

Aansluitend hierby is die werk van jong Afrikaanse digters soos Peter Blum en L. S. van der Walt aan die een kant, en die „eenvoudiger” werk van Ina Rousseau, P. J. Philander, Izak van der Westhuizen en andere aan die ander kant. Blum se twee bundels *Steenbok tot Poolsee* (1958) en *Enklaves van die Lig* (1958) is m.i. nog nie volkome gewaardeer nie, en juis omdat die verwysingsprobleem in Blum se digkuns nog nie wêreldkundig gemaak is nie. (Die Dertigers het self hier en daar mekaar se „moeilike” werk toegelig in o.a. gemelde kritiese opstelle). Maar om Blum te kan waardeer, moet ’n mens talle verwysinge naslaan in woordeboeke, ensiklopedieë e.d.m. of ’n mens moet op ’n ander wyse vasstel wat bepaalde hiper-persoonlike beelde beteken. Veel konsentrasie en verstandswerk kom in hierdie digkuns voor. Die musikaliteit van hierdie moderne poësie gaan dikwels verlore, die abstraksies wek weinig meelewing en die brokkies vreemde tale, geskiedenis of folklore wel dikwels uit ’n persoonlike beleving op waarvan net die digter weet.

Die Afrikaanse digkuns staan hier weer in die midde van ’n stryd om vernuwing. As die verwysingselemente té vergesog word, loop die bundels gevaar om mettertyd bloot as unieke verskynsels aanvaar te word, sonder om gelees te word, en sonder om opgeneem te word in die breë letterkundige tradisie van die volk. So kry die gediggie *Kôkô* in L. S. van der Walt se bundel *Vuurvoël* slegs betekenis as ’n mens weet dat die tema ’n mierleeutjie is (dié goggatjie wat ’n gaatjie in die sand maak om miere in te vang):

Krater.  
Die Kôkô.  
Grondverskuiwing —  
alles dring.  
Die tregterwande ruk —  
die ongeluk  
gryp onder vas —  
sandkorrels en stukkie gras  
is ’n heelal

in 'n lang leë val.  
 Kôkô!  
 Erbarmlik spartel  
 die fyn pote — onsigbare knypers martel  
 sekuur en sleur  
 hom dieper met elke beur  
 tot die sand skuif oor die son. —  
 Soos 'n saad in die grond  
 sink hy en lewe —  
 die fyn voelers bewe  
 en wink, wink, terwyl hy stik  
 in stof en skrik.  
 Kôkô!  
 Kôkô!

En nou besef die leser dat ons hier weer dus blokkiesraaisel-poësie gekry het; watter grootse tragiek sien die digter nie in die onverbiddelike dood van die insek wat in die mierleutjie se vanggat sterf nie! Kuns van 'n hoë gehalte *kan* dus wel in die moderne idioom gestel word, maar dié idioom is vir die „massa” beslis ontoeganklik.

As 'n subjektiewe stelling is dit moontlik om te beweer dat die Afrikaanse letterkunde vandag 'n behoefte het aan die warm polsende bloed van die *mens* om deur sy are te vloeï. Die letterkunde is uiteraard met die mens gemoeïd, maar dit skyn asof die Afrikaanse woordkunstenaar nog 'n gebrek aan ervaring in die lewe het. Ons letterkunde het miskien te min gevoel, miskien te veel intellek en te veel werklikheid en selfs super-werklikheid. Die Afrikaanse prosaskrywer druk hom bv. nog nie vry, onbevange en volkome uit in sy geskifte nie, voel hom te „gebonde”, te beklem om te skryf oor sake soos rasseverhoudings, oor eie ondeugde — nie in die vorm van 'n oppervlakkige, grappige klug nie, maar in die vorm van 'n drama, 'n roman, 'n kortverhaal (wat tans erbarmelik skraal voorkom) wat binne-in die lewe van die huidige Afrikaner op die platteland, in die kantoor, die bank, die skool, die universiteit, die straat, die ryk en arm stadswoonbuurt kyk en wortel en staan.

Of is die Afrikaner besig om sy identiteit en individualiteit sodanig te verloor dat hy 'n „wêreldbürger”, 'n „massamens” is sonder bewusyn van 'n eie-aardige nasionale lewe of bestaan? Watter prikkels bied óns samelewing aan die romanskrywer en aan die dramaturg en aan die digter? Is ons „beskawing” van so 'n aard dat ons 'n letterkunde kan dra? Kan voed? Of het die Afrikaner soos die Wester-

ling „increasingly fragmented, increasingly sick” geword? Verkeer die „moderne Afrikaner” dan ook in ’n toestand van *malaise*? Het die tradisionele Afrikaanse plaasroman onder meer verdwyn omdat die tradisionele leefwyse verander het — en wat word in die plek daarvan gestel? Is die hope ekstroverte literatuur van die ontspanningsverhaal en die tydskrifverhaal die maatstaf van ons massamense letterkundige smaak: dan moet die skeiding tussen die letterkundige elite en die plebs oorbrug word, want so ’n skeiding verbreek die eenheid wat mag maak, wat ’n sterk literêre tradisie moet help opbou. Word die introverte letterkunde deur te weinig mense beoefen en waardeer om van nasionale waarde te wees? Watter rol speel die opvoedkundige inrigtings in die bestudering en propagering van die letterkunde?

Al hierdie vrae is van die uiterste belang vir die Afrikaanse letterkunde in sy huidige groeistadium, en dis baie nuttig om af en toe oor hulle na te dink, en om ’n weg te probeer oopspartel uit dié web.

## Volle Dag

*Die mens wat opyl na die volle dag,  
verwyl nog loom in niemandsland waar lyn  
nog grens die somber stroom asperk waar fyn  
sy droom verweef word tot 'n troebel vag  
wat swaar die daad ommantel, reik ua lig  
waar doen, deur duister wens so vreemd verhul,  
— met wens in doen en drang in skroom vervul —  
ons helder vasgryp van die droom laat swig.  
Die kind wat uitgroeï tot sy volle krag,  
aanskou sy niemandsland waar dartel, rein  
die vis en borrelvink die plaasfontein  
se waters tussen wolk en wortels roer  
tot borrels opstyg uit die donker moer  
en oopblom in die man se volle dag.*

## Groot Verraad

*Op wye vlerke klepper wilde-eende laat  
namiddag uit die vlei met uitgestrekte hals  
en pyl die na-gloed in wat aan die kimme vals  
die hoop wek dat die donkerte wat hulle haat,  
ontwyk kan word, die dag vir ewig agterhaal,  
deur net die glans te volg wat soos 'n goue straal  
ver bokant rafelwolke wink, die vlugoord kleur  
waar otters nooit insluip en harte rooi uitskeur.  
Te kort die gloed, te gou vervloei die sterwensuur  
vir eende om behoud te vind in skermervuur  
wat swerwers met beloftes lok, dan snel verkil  
lank voor hul nog getroos kan word, verraai en stil  
moet dwaal vol angste deur die donker nag,  
om weer verlei te word na elke nuwe dag.*



JOHANN LOHMANN:

## Karl Jaspers en Soul E. Smit voor die Afgrond

„Is dit *moontlik* dat 'n man in die hoofstraat van Londen 'n pistool uit sy sak sal pluk en 'n doodskoot deur sy eie of iemand anders op straat se kop sal jaag?“ — so vra Wilfried Daim in 'n onlangse werk oor die volslae ondergang van die skepping. Hy antwoord self: Ja, beslis, want daar is genoeg mense wat met 'n pistool op sak rondloop. Dan volg 'n tweede vraag: „Is dit *waarskynlik* dat so iets sal gebeur?“ Die antwoord is eweneens: Ja, want daar is genoeg mense wat weet hoe om 'n pistool te hanteer wat 'n drang het om hulle self of hulle medemens te vernietig.

Die volgende stap in die redenering vloei hieruit voort: As daar 'n kernwapen bestaan of binnekort sal bestaan deur die ontploffing waarvan so 'n hewige kettingreaksie aan die gang gesit sal word dat die aardbol uiteen sal spring, is dit dan waarskynlik dat so 'n reaksie deur 'n kundige aan die gang gesit sal word? Die logiese antwoord is: Beslis ja.

Indien so 'n reaksie sou plaasvind, kan ons stellig verwag dat die aardbol in 'n oogwenk uiteen sal spring, en dan wys Daim daarop dat hierdie moontlikheid en waarskynlikheid reeds 2,000 jaar gelede voorsien is deur die Apostel Paulus, wat in sy eerste brief aan dié van Korinte hfst. 15, vs. 51-52) só skryf: „Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, *in 'n oomblik, in 'n oogwink*, by die laaste basuin ...” En weet ons, vra Denis de Rougement in 1948, hoe die oorspronklike Griekse teks lui daar waar ons met *in 'n oomblik, in 'n oogwink* vertaal? Dit lui: *en atomo* = in 'n atoom! (d.i. die ondeelbaar klein of geringe).

Voor die ontdekking van die atoombom, in 1932 reeds, het die bekende wysgeer Karl Jaspers beweer dat as die mens eers een keer durend oor die vermoë beskik om die grondslae van alle kultuur te vernietig, sal hy daardie vermoë ongetwyfel omskep in die daad. Moontlik het Karl Jaspers tóe slegs in vae algemene terme gedink. Maar nou, nadat die kernsplitsing in die atoombom 'n onontkombare werklikheid is wat die mens kan aanwend tot die vernietiging van alle kultuur deur die uitwissing van alle



lewe, het Jaspers opnuut nagedink oor die lot van die mens, en in 'n deurtastende opstel WO STEHEN WIR HEUTE? uit verskillende hoeke sy eie vraag beantwoord. Sy gedagtegang word hier beknop saamgevat.

Voor 1914 was Europa die middelpunt van die beskawing. Na 1914 het Europa in duie gestort en word net nog 'n gladde glooiing of glasis waar die twee nuwe wêreldmagte, Amerika en Rusland, mekaar rustig met gekonsentreerde vuurkrag kan bestook sonder belemmering. Die aardbol is nie meer 'n plek waarop Europeërs rondreis of handel dryf en ontdekkingstogte onderneem nie, maar die aardbol as geheel tree nou in die geskiedenis. Ou waardes verval en ondanks skoonklinkende name van nuwe staatsinstellings word die enkeling aan groter bande van onvryheid gelê as ooit voorheen, trouens die staat self word gedwing tot manipulasie van geldmiddele en 'n beheerde ekonomie onderwyl hy hom beroep op vaderlandsliefde om in werklikheid 'n toestand van bedrog te verdoesel en te regverdig. Sodoende kry die moderne enkeling 'n gevoel dat hy durend bedreig word, sonder om te weet wie of wat dit is wat hom bedreig. Inflasie volg op die ontwyking van ekonomiese vraagstukke deur die staat uit noodsaak om stakings af te weer of die oorwinning te behaal by die stembus. Die bedrog word uit alle hoeke van stapel gestuur: die loon-koste-spiraal kom in werking en die mens koop sodanig op krediet dat die koper reeds vandag sy toekomsverdienste verpand en sodoende gebind word tot slaaf van die stelsel — 'n kettingganger wat sy hele lewe lank onvry word en selfs op paaielemente in die graf beland. Nywerheidsbloei word deur die omvang van die produksie bepaal en nie deur die deugszaamheid van die produk nie. Die lewe bestaan uit produseer en verkeer op die oomblik, en om te spaar is 'n dwaasheid, en ons weet nie meer wat geluk beteken nie, terwyl ons lewens oorheers word deur 'n kwalik verholde angsgevoel. Die staatsgesag probeer orals rem aandraai deur slegs soveel geld te bestee as wat dit aan belastings hef, en deur nuwe dienste te weier tensy die belastingsbronne daarvoor eers aangewys is. Dit is die soort demokrasie waaraan ons gewoon geraak het.

In die wêreld van die menslike vertroue en die geloof staan sake ewe troosteloos. Ouers sonder vertroue bring kinders in die wêreld sonder dat hulle gewillig is om maatskaplike verantwoordelikheid vir hulle kroos te aanvaar, met die gevolg dat die laaste vlugoord van die kind,

die gesin, ineenstort. Die wordende mens vind hom ongeborge in die lewe, hy staan teenoor niks.

Om hieruit verlos te raak, meen Jaspers, is dit nie bloot toereikend om dié magte te bind wat deur die Renaissance losgemaak is nie, of bloot die raad om terug te keer tot die gesag van die kerk en die Openbaring nie. Daartoe is eintlik meer nodig dat die mens sal beseef wie en wat hy is, waartoe hy bestem is, en wat sy moontlikhede is. Dan sê Jaspers: Die mens is die wese wat tot die waarheid in staat is, wat dit nastreef, deur die waarheid sy roeping vervul, in die waarheid sy bestaansoorzaak vind, en deur die waarheid gelei word om die goeie te doen.

Die waarheid wat die mens vandag moet erken, is dat daar nie meer so iets is as 'n Europese vraagstuk, 'n Asiatiese vraagstuk of 'n vraagstuk van Afrika nie, maar deur die nuwe verkeer het die ganse wêreld 'n eenheid geword, en 'n eenheid die mens. Dit vereis van ons opregtheid teenoor ons self en teenoor ons medemens. Wat oneerlik sou wees, is om in die huidige toestand van uiterste bedreiging nie te beseef dat in 'n gebrek aan eenheid vir die ganse mensheid ondergang verskuil lê nie. Maar oneerlik sou ook wees om te wil voorgee dat alle volke uit hulle aard demokraties aangelê is of ewe veel in staat is om deur arbeid en leiding gelykop deel te hê aan ons tegnologiese tydperk en om dan daarvolgens te probeer handel. Vir ons behoud is dit nodig dat ons die leuen en die drogredenasië met ons ganse geeskrag en durend kalm moet bestry deur kennis, waarin ons slegs kan slaag as elkeen self eerlik en sonder vrees is. Ons wat mense is, verval te maklik in bedrog, terwyl ons slegs deur waarheid kan bereik dit wat ons voorbestem was om te wees, en dit kan net bereik word wanneer ons onbeperk selfkritiek beoefen. Waarheid is dat daar geen volksgebonde geskiedenis meer moontlik is nie, net die geskiedenis van die mens. Waarheid is dat ons tegnologie, met sy oorsprong in Europa, ons godsdienssin verteer het en nou besig is om oor die hele aardbol te versprei. Orals oor die wêreld, in die gebied van al die groot godsdienste, is die sedelike opvattinge van die mens, sy godsdienste en wysheid aan die wankel en dit skyn of alles gerig is op selfvernietiging — nihilisme.

Hierdie dreigende toestand is maar aan die begin, omdat dié ding wat die nuwe toestand geskep het, nl. die moderne tegnologie, nog maar aan sy begin is. As grootste bedreiging oor alles heen troon die bedreiging van die atoombom. Jaspers verklaar met nadruk: Die toestand is

onherroeplik, die mens kan deur sy eie toedoen die mens en alle lewe op aarde uitdelg; ons blote verstand openbaar aan ons dat dit waarskynlik kan gebeur in die eersvolgende tientalle jaar.

In hierdie toestand van moontlike uitdelging berus Jaspers nie. Inteendeel, hy soek na dié kragte waarmee dit afgeweer kan word. Die redding lê in ons menslikheid, maar slegs by die mens as onverdeelde eenheid. Ons staan almal verenig in ons naakte begeerte om te bly leef. In sy uiteensetting bou hy verder voort op die gedagte dat die eenheidsmens, onder durende bedreiging van volslae uitdelging deur die atoombom, hom moet toespits op dié kragte wat die finale ontploffing kan afweer.

Vir ons hier is van belang dat hy sy vraag: Waar staan ons tans? — beantwoord met die uitroep: Vlak voor die afgrond, waarin ons kan stort en verdwyn, of wat die aanvang kan beteken van 'n nuwe mensheid.

Dit wil voorkom of daar 'n grondliggende verskil is tussen Jaspers se opvattinge van 1932 en van 1960; dat hy destyds abstrak geredeneer het oor die nihilistiese selfvernietigingskrag wat in die mens skuil; tans staan die moontlikheid en waarskynlikheid van selfvernietiging vlak voor die deur van die ganse mensheid, en nou skrik dit die wysgeer af.



Aan die einde van 1958 het hier by ons 'n Afrikaanse digbundel verskyn waarvan die gedagtegang nog nie in die openbaar bespreek is nie: DIE HALWE GOD deur Soul Erasmus Smit (Dagbreekpers). Die draad van die verhaal in hierdie bundel is eweneens die ondergang van die mens deurdat hy self, met voorbedagte rade en as wilsdaad, die atoom laat ontplof en die skepping vernietig.

Maar laat ons die gedagtegang van die begin af volg ten einde te laat sien hoe sake verloop tot by die afgrond en daarna, waaruit sal blyk dat dieselfde stof van Jaspers kan lei tot 'n ander benadering.

Soul Erasmus Smit kies naamlik die geskiedenis van die Joodse volk soos dit vasgelê is in die Bybel, met klemlegging op dié lotstye toe die Here aan hulle Sy wil openbaar het deur middel van vuur, en met die bygedagte dat God belooft het om nie weer die mens met 'n waterdood uit te wis nie, maar met swawel en vuur. Die verhaal begin met die skepping, waar die heelal gesien word as vormgewing van God se skeppingsdroom. God is die Almagtige, die Allesomvattende wat alle dinkbare eienskappe in Hom

verenig. Hy is dus drang tot skepping maar ook drang tot rus. Tog het sy skepping Hom nie bevredig nie:

U Gees het stil op duister wêreldvloed gesweef,  
beswaar, want U, almagtig, Heer van al wat is,  
het U gelyke nooit geken of ooit gewis  
U self aanskou, daar U net louter Lig is, leef  
as drang wat onophoudend, ewig, dring en streef  
na vorm, as drang wat dring om droomgestaltenis  
uit U gedagte lyf te gee in beeltenis.

In die mens het God gemeen om vorm te gee aan die rus-pool van Sy wese:

... die mens  
het U gemaak uit klei . . . gewens  
die beeltenis aan U gelyk moet draer wees  
van rus, met drang van droom in daad geblus.

(sonnet 3).

Maar die mens, uit God en na Sy ewebeeld, het ook die dubbele polariteit onrus-rus, en het toe self lus gevoel om die geheim van die skepping op te los en aan die skep te gaan. Hierdie ontwaking van die onrus vind plaas in die oerstorm (sonnet 6), waar ons beland in die nuwer kosmologie; hier leer ons die eerste vorm ken van die goddelike vuur. Dan volg die Paradys-geskiedenis waar die mens kennis opdoen en sodoende 'n halwe god word; 'n hele god sou hy wees met onsterflikheid by kennis, en om dit te verhoed word die mens uit die Paradys verdryf. Maar dan val die beslissing dat die mens, deur die weg van kennis gedryf sal word om self sy vorm af te lê en terug te keer in God (sonnet 11). Hier ontmoet ons die tweede vorm van die vuur — dié wat die Paradyspoort bewaak:

Laat gérubs, met die swaard ontbloot wat flikker, woon  
beooste van die poort, die lewenspad bewaak.  
G'n halwe god sal ooit hierna die Boom genaak  
en leef! Versterwing van die vorm, van rus, is loon  
vir godlikheid en lewe. Vlamstil staan My wil.

(sonnet 12).

En:

Die halwe god moet half net bly, sterflik, eindig.  
Sy vorm, verstilde drang na rus, gestol in klei,  
moet drang weer word, ontdaan van beeld en vry van  
stof,  
van eindigheid, gelei deur kennis: vorm tot drang  
wat net maar is . . .

(sonnet 13).

Ander vorms van die „vuur” wat die mens voortdryf op sy pad is wroeging en skuldbesef (17), die koue gloed van afguns wat uitloop op broedermoord (18), die teken aan Kain se voorkop (20), die reënboog na die sondvloed as teken van hoop (23), die gloed van haat by verdrukking in Egipte (24), die deurstraling van Moses deur die brandende doringbos op Horeb (25), die drang na vryheid wat in die bloed brand (26), die vuurkolom wat rigting aandui in die woestyn (27), die Vlam wat God is waar Hy sy Gebooe aan Moses openbaar op die berg (28), verwarring van die offervure (29), Sodom en Nebo (41):

Tot aan die jongste uur sal U in vlam en lig  
U wil vertoon, die mens met vuur bly dwing en rig.  
(35)

Ook ander vure: Op Karmel en die vurige wa en perde van Elia (36), wyl Sadrag, Mesag en Abednego ondervind

Daar is g'n vuur so hittig soos die vuur van God,  
en elke ander — aardse — vuur daarnaas is koel.  
(37)

Die Here bewerk die mens met vuur om dié pad te volg wat Hy wil hê ten einde die mens in Hom self terug te ontvang:

Om vol te maak my godlikheid, so is U plan,  
my Heer, maar rus vertraag dit keer op keer en dan  
moet U van vooraf weer met nuwe brand en vuur  
die halwe god laat skroei, vir slaap en rus hom duur  
laat boet . . .  
(38)

Dan kom Christus, draer van God se vuur, wat nie vrede bring nie, maar oorlog en tweedrag, veronregting, en die brandende vuur van die gebod: Jou naaste / bemin die soos jou self en wees jy self die laaste (39).

Vuur, vuur in al sy vorms, totdat die gekwelde mens naderhand uitroep: Wat is daar nog wat ek omtrent U vuur moet weet? (41), en:

. . . . Genoeg  
het ek geswerf, geboet met onrus. Hoor my angs en blus  
U vuur, my Here, ek is sat — Ai, te rus, net rus  
(42)

In sonnet 44 kry ons 'n beknopte samevatting van al die vorms wat God se vuur aangeneem het om die mens te skroei en suiwer: liefde, pes, pyn, honger, haat, ontrou,



ouderdom, rykdom, kultuur en godsdienstsels, huurkoop, handel, nywerheid, nuuskierigheid, angs vir die dood, wetenskap, kennis van atoom en sel. Steeds word die mens uit sy rus gebrand:

... want rus vertraag die noodlotsuur  
waarin die mens verstaan, aangryp sy God se vuur  
(45)

Dan maak Soul Erasmus Smit 'n sprong; hy verlaat die Bybelverhaal en die laaste aantal sonnette behandel die nuwere kosmologie: kern, atoom, die ontstaan van die melkwegstelsels, sterre wat ontstaan en uitdoof — 'n nuwe beeld van die skeppingsvuur (46 e.v.), waardeur die mens met 'n begrip van die kragvuur wat in die atoom opgesluit lê gelei word tot 'n bevroeding dat die Skepper in Hom self nie kon rus nie en hoe groot die mens se oortreding was in die Paradys. So begryp die mens die verwantskap van alle stof, wat net uit „vuur” bestaan of energie wat woon

in elke aardse kern, waar skuil, gespan, die krag  
verborge in die hart van alle stof en wag  
tot volle wete, diepste rou dit roep om soos 'n skoon  
wit vlam te ketting in die ruimtes, harte oop  
te ruk, te gryp na elke ster, planeet — dit stroop  
van U verborge vuur — tot in verlossingsbrand  
U ganse skepping gloei en elke vorm sy band  
verspring om drang te word wat net maar is. So swig  
die stof, verreïn, versoen, en alles word net Lig.

(47)

Deur middel van sy verstand, deur tallose moeitevolle eeue heen gelei deur sy Skepper, sien die mens die geheim van die skepping, hy peil God se oorspronklike plan met hom, en hy is nou gereed om eiehandig tot sy Oorsprong terug te keer:

... die angs om dood, verderf, het my, die halwe god,  
geteken tot die verste nageslagte tot  
U kettingvuur die weg wys wat verlossing bring.

Net soos die wysgeer, Karl Jaspers, staan Soul Erasmus Smit die digter, met die mens voor die gaping van die laaste afgrond. Jaspers probeer die noodlot afweer met 'n nuwe begin — soos vir Noag gegun was en weer vir Lot. Maar Soul Erasmus Smit waag die sprong die onbekende in:

U rus ontvink in my, ek reik na U en spring  
U onrus in; ontvang my, Here, bind my, vol  
van godlikheid betaal ek self die hoogste tol.

(48)

Hier is geen sprake van nihilisme of selfvernietiging nie, maar 'n vrywillige, ekstatiëse terugkeer tot die Bron van Herkoms, 'n terugkeer tot volle goddelikheid en die vol-einding van sy bestemming.

Aspekte soos die aanwending van die sonnetvorm by hierdie soort stof, vraagstukke wat die gebruik van die bekende Bybelstof meebring, die wisseling van die sonnet se vorm e.a. is nie hier ter sake nie. Die doel was om die aandag pertinent te vestig op 'n gedagtegang wat in ons poësie, te same met die tydgenootlike tegnologie en wys-begeerte, die mens bring vlak voor die enigste vraagstuk van sy tyd: die afgrond.



JAC. J. BRITS:

## Simson en die Hebreërs

Die drama speel af in 'n gevangenis in Filistea, 'n vaal gebou, met troostelose geel mure, wat die indruk van totale uitgeslotenheid skep. 'n Handmeule in die middel van die vloer, en 'n ruwe bank, wat as slaapplek dien, is die enigste voorwerpe. Die deur van die sel is aan die regterkant.

Dis die fees van die Filistyne ter ere van hulle god, Dagon. Simson, die vernier van hulle lande, die oorwinnaar oor duisende van hulle helde, en die bespotter van hulle gode, is in hulle hande oorgelewer — en die geesdrif, gebore uit triomf, loop hoog!

As die skerm opgaan, is die blinde Simson besig om te maal. Hy loop om en om die meule, die hande krampagtig om die stang geklem, sy bewegings meganies. Na 'n oomblik word die deur ontgrendel en oopgestoot. Scorpo, 'n tronkwag kom binne. In sy een hand is 'n bak kos, in die ander 'n sweep. Hy kyk 'n oomblik spottend na Simson, gooi dan die bak voor hom neer. Hy waag dit egter nie naby Simson nie, hou sy hand op sy swaard gereed. Simson reageer nie, beweeg om en om die meul.

SCORPO: Toe, hond van Israel, die kos is hier! Die volk vier fees en het 'n ekstra porsie aan jou afgestaan.

SIMSON: (antwoord nie).

SCORPO: (Druk sy swaard teen Simson se bors) Jy is minder as 'n hond, want as ek praat dan antwoord hy my met 'n blaf.

SIMSON: (gaan staan) Moet ek dankie sê vir hierdie varkenskos? Ek eet dit nie, al moet ek sterf. In Israel hoort vuilis op 'n vuilishoop.

SCORPO: Vuilis? Vark se kos? Jy moet jou woorde tel, Hebreër. Jy is 'n bietjie hardgebak.

SIMSON: (Antwoord nie, begin weer maal).

SCORPO: (leun lui teen die muur). Ek hou van jou, Hebreër. Jou glorie is verby, dis waar. Die sterke Simson is voorwaar nie meer. Al wat nog oorbly van die held, is 'n arme slaaf, wat skaars 'n woord kan sê. Wat het van jou krag geword, ou man? In een dag duisend man verslaan, die dag daarna 'n blinde slaaf wat koring maal omdat hy bang is vir die géselslag. Og, hoe bitter jammer!

SIMSON: (Gaan stilstaan, sy bors deinend van woede).

SCORPO: (lag) Nietemin, ek hou van jou. 'n Held bly steeds 'n held, al word hy ook verslaan. Net jammer dat dit ék moet wees wat hier moet bly, wyl ander dronk word by die fees. Maar my deel sal ek kry! Vanaand, as hulle lê en roes uitslaap, kry ek natuurlik my vat wyn . . . en die mooiste vrou, wat ek natuurlik self uitkies. Miskien nog 'n mooi Hebreuse vrou — een van die warm soort . . .

(Hy lag honend, slaan met die sweep na Simson. Die sweep krul om die slaaf se nek. Simson struikel blindelings vorentoe, word gestuit deur die kettings aan sy voete. Sy hande kry die sweep beet en klem krampagtig daaraan. Met 'n magtige, onverwagse trek, ruk hy die wag tot voor hom. Sy hande gryp wild, vat die Filistyn raak).

SCORPO: (worstel) Los my, jou vervloekte slaaf! Los my! (Probeer losruk en sy swaard uit die skede trek. Simson stoot hom ru weg).

SIMSON: (hygend) Ek wil jou bloed nie op my hande hê! Nie nou al nie . . . eers later . . . Die vernedering en hoon eis 'n groter loon!

(Gestamp aan die deur. SCORPO ruk hom reg, kyk woedend na Simson. Maak dan die deur oop. ARTIMUS, veggeneraal van die Filistyne, kom binne.).

ARTIMUS: (aan Scorpo) So, jy is hier? Jou plek is buite voor die deur? Wat soek jy hier?

SCORPO: Die kos, Generaal; ek het die kos gebring.

ARTIMUS: Die kos, nè! As jy dít kos kan noem. Enige klagte oor die slaaf?

(Simson verstyf merkbaar).

SCORPO: Geen klag, Generaal.

ARTIMUS: Wag buite dan. Ek wil alleen met Simson praat. (Scorpo huiwer). Dis 'n bevel!

SCORPO: Daar . . . daar is iets wat ek moet sê, Generaal.

ARTIMUS: (kortaf) Dit kan wag vir later. (Maak 'n gebaar met die hand).

SCORPO: Dis oor die slaaf, Generaal.

ARTIMUS: Die slaaf? Simson? Wat van hom? (Kyk na Simson, wat omgedraai het).

SCORPO: Ek vind dit slegs my plig, Generaal.

ARTIMUS: Nou, praat dan, man! As jy 'n plig het om te doen, doen dit gou en moenie kleitrap nie.

SCORPO: (knik na Simson, sagter) Ons sal hom moet dophou, Generaal.

ARTIMUS: Waarvan praat jy? Ek het jou so pas gevra of jy 'n klag het om in te dien . . .

SCORPO: (haastig) Ek het geen klagte, Generaal. Ek sê maar net. As ons hom te veel vryheid gee, dit kan gevaarlik wees.

ARTIMUS: (Veragtend) Jou dwaas! Jou lafaard! Is jy 'n ou vrou, of soldaat? Simson is swakker as 'n meisiekind. Hy kan die meul skaars draai.

SCORPO: (Dringend) Generaal!

ARTIMUS: Stil! Ek sal geen woord van jou meer duld!

SCORPO: Ek . . . doen maar slegs my plig, Generaal. Ek sê maar net. Ek is verantwoordelik vir die slaaf. As daar moleste kom, sal ék die skuld moet dra.

ARTIMUS: Dis genoeg, Scorpo! Jy beledig ons hele volk met jou papbroekigheid. Laat my alleen met hom. En bly op wag. Ek sal jou later nodig kry.

SCORPO: Goed, Generaal. (Uit).

(Pouse).

ARTIMUS: Simson!

SIMSON: (Antwoord nie)

ARTIMUS: Jy antwoord nie! Jou trots is onvanpas, Hebreër. Of is jou swye vrees?

SIMSON: Ek vrees jou nie. Ek vrees Jehowa slegs, die God van Israel.

ARTIMUS: Dan is dit trots en hoogmoed wat geen antwoord gee. En trots pas by 'n slaaf maar swak. (Kyk 'n oomblik na Simson, dan stadig). Ek kom jou antwoord haal. (Stilte). Dis in jou voordeel, Jood. Ek sal jou goed beloon; ek vra dit nie verniet.

SIMSON: (Swaai om) Is ek 'n guns aan jou of aan jou volk verskuldig? Ek, 'n blinde slaaf? (Honend). Jy het my laat verstaan dat ek 'n swakkeling is, en kragteloos soos 'n kind wat skaars die meul kan draai.

ARTIMUS: Maar jy was eenmaal sterk, Hebreër. Jy het ons leërs verslaan, jý, man alleen.

SIMSON: (Spottend) Verwag jy krag van my? Moet ek Jehowa bid om krag te gee aan ieder wat dit vra. Bid tot jou eie god en vra die hulp van hom. Hy's mos die grote Dagon!

ARTIMUS: Jou God interesseer my nie, Hebreër. Wys my 'n God wat ek kan sien en ek sal glo in sy bestaan. Dagon, ja, hom kan ek sien en voel!

SIMSON: Jehowa woon waar mensehande nie kan reik en mense-oë nie kan sien. (Sug, sluit sy oë). Hy het my uitverkies om Nasireër te wees, 'n rigter vir sy volk . . .

ARTIMUS: Ek stel waaragtig nie belang in uitverkiesing of die Joodse volk. Ek wil jou antwoord weet, dis al! Sal jy my hulp verleen, of nie?

SIMSON: (Bitter) Jy het my oë en my krag geneem. Wat is daar meer wat ek kan gee?

ARTIMUS: 'n Bietjie hulp, dis al. Die een hand moet die ander was . . . en só word albei skoon. Of miskien dink jy, jy is onafhanklik, Jood.

(Simson antwoord nie) Wel, dink jy so?

(Simson staan roerloos, swygzaam; Artimus lag) Dis mooi, Hebreër. Dis altyd dwaas om die waarheid mis te kyk asof dit nie bestaan.

(Gestamp aan die deur. Artimus uiter 'n verwensing en ruk die deur oop).

ARTIMUS: Wat is dit Scorpo?

SCORPO: (Staan in die deur) Dis Kantor, Generaal. Hy het 'n boodskap van die slagveld. Dis dringend . . . só sê hy.

ARTIMUS: Kantor? Laat hom binnekom.

SCORPO: Goed, Generaal.

(KANTOR, 'n Filistynse soldaat, kom binne. Hy is moeg, maar sy houding spreek van opgewondenheid).

ARTIMUS: Wat is die boodskap, Kantor? Praat en kry klaar!

KANTOR: Generaal, dit lyk of sake sleg verloop. Die Jode val in groepies aan.

ARTIMUS: (Saaklik) Het hulle ons grense oorgesteek?

KANTOR: Reeds tweemaal, Generaal.

ARTIMUS: En is hulle teruggedryf?

KANTOR: Gelukkig, Generaal, maar . . .

ARTIMUS: (Ergerlik) Nou waarom kla jy dan? Die tyd is kosbaar, Kantor.

KANTOR: (Huiwerig) Ons . . . ons kort 'n ekstra garnisoen, Generaal. Die Jode veg soos tiere; u weet dit self. Miskien sal ons 'n dag of wat kan uithou . . . maar meer as dit? Ek twyfel, Generaal. En . . . en ons is effens uitgedun.

ARTIMUS: (Skrik) Hoeveel?

KANTOR: Minstens dertig, moontlik meer. Dis moeilik om te sê . . .

(Kyk na Simson) Generaal, hy is die oorsaak van dit alles! Ons almal dink u moet sy keel afsny. Hy verdien niks beter nie, die hond!

ARTIMUS: (Hard) Kantor! Wie voer bevel? Ek of jy?

KANTOR: U, Generaal. Ek spreek maar net die wens van die soldate uit. Die Jode weet hy lewe nog. Hulle wil hom red, dis al. (Sagter) Generaal, as u hom laat onthoof en sy liggaam aan die Jode gee, is die oorlog oor. (Veragter) Hul's te lafhartig om sy dood te wreek.

ARTIMUS: (Hard) Kantor, as ek jou of enigeen se hulp wil hê, dan vra ek dit.

(Draai na Simson, slu) Die Jood is waardevol. Hy kan die oorlog laat eindig sonder bloedvergieting.

(Saaklik) Gaan terug en hou die Joodse leër weg van ons grens. En spoor die manne aan om moed te hou.

(Lag) Simson ken sy volk en met 'n woord of twee kan hy hulle tot bedaring bring. Ja, Simson is 'n waardevolle man!

(Aan Kantor) Jy en die manne van jou legioen sal nog die fees van Dagon saam met ons almal vier.

KANTOR: Dis goeie nuus, Generaal. Die manne word juis rusteloos.

(Hy staan op aandag; Artimus knik. Kantor uit).

(Pouse).

ARTIMUS: (Lag) Dit lyk my die geluk is aan my kant, Hebreër. Wat dink jy van die plan?

SIMSON: (Antwoord nie, staan roerloos).

ARTIMUS: Die guns wat ek verlang is so eenvoudig, Jood. So maklik dat dit eintlik belaglik is.

SIMSON: (Veragtend) Jy wil my 'n verraaier maak! Jy mors jou asem, Artimus. Verslaan die leër van Israel as jy kan. (Spottend) En mag die grote Dagon met jou wees!

ARTIMUS: (Hou hom in) Noem dit maar verraad as jy so voel, Hebreër. Dit hinder my nie. Al wat ek verlang is 'n woord of twee wat hulle sal laat bedaar. Vertel hul dat jy veilig is, maar dat jou lewe aan 'n draadje hang . . . en slegs gered kan word as hul teruggaan na hul eie land. (Harder) En dis die waarheid, Jood! Die Filistynse volk verlang dat jy moet boet vir al jou helse dae. Ja, selfs die koning is al moeg van jou verblyf. (Slu) Ek het hom omgepraat om jou te spaar . . . as jy verstandig is en ons die gunsie doen. Jy sien, Hebreër, jou lewe is in jou eie hand. Jy kan dit red, of roekeloos vernietig — dis in jou mag.

SIMSON (Veragtend) Hoe praat die vyand van my volk inkruiperig nou. Kom smeeke van my, sy slaaf, genade af . . . of êk oorwinnaar is en hý oorwonnene.

ARTIMUS: Jou tong is skerp, Hebreër! En skerpheid van die tong is soms die oorsaak van 'n held se val.

SIMSON: Ek is nie meer 'n held! Ek is oorwin, 'n slaaf wat handel soos die baas hom sê. Moet ek jou dan betaal vir al die géselslae op my rug? Moet ek jou mooi bedank vir al die hondekos? Moet ek jou hulp in ruil vir blindheid gee?

ARTIMUS: (Veragtend) Is dit klagte oor mishandeling?  
Die grote rigter van die Joodse volk kla maklik as die  
tuig 'n seerplek skaaf.

SIMSON: Ek kla nie, Filistyn! Maar luister goed: oor  
hierdie smaad sal ek my eendag wreek. Ja, uit die graf  
miskien, maar wreek sal ek!

ARTIMUS: Jou woord slaan 'n wig in tussen ons, Hebreër.  
(Harder, beslis) Ek wil jou antwoord hê. Die tyd  
gaan voort, dit staan nie stil.

SIMSON: Gaan weg van my; laat my alleen! Daar's niks  
te sê . . .

ARTIMUS: Ek sal die gésel weer 'n kans gee om sy werk  
te doen. Jy het blykbaar nie genoeg gehad.

SIMSON: (Lag spottend) Die gésel van 'n Filistyn maak  
minder indruk as 'n vlooi se byt.

ARTIMUS: Ek sien jou bloed het nog 'n bietjie vuur. Ons  
sal dit doof, Hebreër. (Staar na Simson, dan diploma-  
ties) Die volk verlang dat jy hul in die arena moet  
vermaak. Die smaad kan ek jou spaar; dis in my mag.

SIMSON: (Het vinnig opgekyk).

ARTIMUS: (Lag saggies) Jou blik het my oortuig dat jy  
die hoon tog vrees.

SIMSON: Hoe meer die hoon, hoe heerliker die wraak.  
Laat die volk maar lag, die heelnag deur . . . en more  
ook . . .

ARTIMUS: Jou wraakgedagtes kan jy maar laat staan,  
Hebreër. Jy is nie meer in staat tot oorlogmaak. 'n  
Kind kan jou verslaan. (Vriendeliker) Ek wil jou nie  
vernietig nie. Ek wil jou terugstuur na jou eie volk om  
daar jou laaste dae deur te bring. Die vroue wat as  
slawe dien, ook húl wil ek hul vryheid gee. En wat vra  
ek in ruil daarvoor? 'n Guns wat jou geen duit sal kos.

SIMSON: In Israel word nooit 'n guns van 'n verowerde  
gevra!

ARTIMUS: (Toornig) Jy waag dit om met my te spot!  
Dis in my mag om al die Joodse vroue uit te wis. Ek  
kan hul laat onteer, soos skape in 'n kraal laat jaag . . .

SIMSON: Vervloek is jy as jy dit doen!

ARTIMUS: (Triomfantlik) A, ek het die kol tog raak-  
geskiet! Ek ken die trots van Israel en het gehoor van  
julle wet. (Stadig) Ek kan nie aanspraak maak op  
veel geduld, Hebreër. Maar ek sal sag wees, ekstra  
sag met jou. (Loop op en neer, gaan skielik staan)  
Delila het 'n Joodse meisie in haar diens. Van hierdie  
oomblik af is sy jou vrou.

SIMSON: (Antwoord nie).



- ARTIMUS: Toe, kom nou, kom nou! Is dit vir jou van geen belang? Waar is jou manlikheid? Jou oë het jy wel nie meer, maar manlikheid is nie afhanklik van gesig nie.
- SIMSON: (Skor) Vir hierdie woorde rus die vloek van Jehowa op jou en op jou volk!
- ARTIMUS: Jy praat nog steeds oor daardie God van jou. Sy vloek is blykbaar minder as jou weerstand werd. (Skielik beslis) Ek wil nie verder redeneer. Ek sal die maagd laat haal vir jou gerief.  
(Stamp aan die deur, roep) Scorpo!
- SCORPO: (Ontgrendel deur, kom binne) Generaal?
- ARTIMUS: Gaan na die huis van Delila en bring die Joodse meisie hier.
- SCORPO: Goed, Generaal. (Uit).
- ARTIMUS: Dit sal net 'n oomblik duur, Hebreër. Delila woon nie ver van hier. (Lag) Jy ken die skone duifie seker nog.
- SIMSON: (Verstyf).
- ARTIMUS: (Steeds spottend) Vroue het hul nut, weet jy Hebreër. Hulle kan soms beter dinge doen as net vermaak. Nie dat ek hul skoonheid minder ag, maar dis tog somtyds beter as die skapies prakties is. Natuurlik moet mens hul net verstaan en nie te veel wil toegee nie. Dis nou maar eenmaal 'n swakheid van die vrou om meer te vra as wat 'n man gewillig is om te gee. Dit het jy ondervind. Hulle noem dit glo die toets van ware liefde, of iets van daardie aard. Ek kan nie meer onthou. Maar waarom sou ek jou vertel? Jy ken die liefde deur-en-deur.  
(Swyg vir 'n oomblik, as Simson nie antwoord nie)  
Wat jy ook al teen my het, Hebreër, ek is 'n man wat baie kanse gee. Dit sal jy moet erken.
- SIMSON: (Leun moeg teen die meul aan).
- ARTIMUS: (Merk die bak kos wat onaangeraak staan) Waarom eet jy nie? Jy sal jou kragte nodig kry.
- SIMSON: Dis hondekos! Jy weet dit self.
- ARTIMUS: (Hooghartig) 'n slaaf, Hebreër, word nooit op koningsdis trakteer.  
(Na 'n oomblik, dringend) Maar ek kan dit verander, Jood; ek sweer ek sal. Gee net jou woord dat jy die guns vir ons sal doen.
- SIMSON: Jy mors jou asem, Artimus. My antwoord het jy reeds ontvang.



ARTIMUS: Jou dwaas! Jy dink ek maak 'n grap as ek jou dreig. Miskien dink jy ons is te sag om Joodse vroue in te breek en hul te buig soos óns verlang. (Trots) Die Filistynse volk het groot geword deur hard te wees, Hebreër. Die woord genade ken ons nie. Ons gee dit nie en vra ook geen.

SIMSON: (Honend) Maar gunste wel — dit vra jy graag.

ARTIMUS: (Hooghartig) As ek jou raad verskuldig is, Hebreër, hou jou spitsvondigheid vir jouself. Die guns wat ek jou vra, is 'n kontrak wat ons twee sluit. Jy doen wat ek verlang en ek skenk jou 'n langer lewe. Met ander woorde, Jood, jy kies die lewe of die dood. Eenvoudig, is dit nie? En dis 'n dwaas wat dood bo lewe kies.

SIMSON: Dan is die held 'n dwaas as hy die dood verkies bó oneer en verraad.

ARTIMUS: (Wat op en neer gestap het, staan skielik stil, eers verslae, maar bars dan uit van die lag) Jy is waaragtig dwaser as wat ek ooit kon dink, Hebreër. Só, jy droom van nog 'n heldedaad, 'n laaste daad om as't ware jou lewe eervol af te sluit?

(Trek sy skouers op) Voorwaar 'n edel doel, my vriend, maar edelheid van doel is nie genoegsaam vir die volvoering van 'n heldedaad. Dit vra gesond verstand wat jou vertel wat prakties en verstandig is, en wat 'n dwase droom. (Beslis) As jy verstandig is, Hebreër, sal jy die droom vergeet. En as jy enigiets oor het vir jou volk, sal jy my aanbod gretig aanvaar. En sonder voorbehoud! (Harder) Dink jy ek deins terug vir Joodse maagde wat in onskuld en in reinheid leef? By Dagon, ek sal hulle breek, Hebreër! Ek sal hul mak maak soos 'n duif. Verstaan jy wat ek sê?

SIMSON: (Antwoord nie, staar na bo).

ARTIMUS: (Vriendeliker) Hulle bloed sal op jou hande wees. Onthou dit goed en dink 'n oomblik na. (Diplomaties) Natuurlik kan ek hul terugstuur, Jood. Dis deel van die beloning wat ek bied. Hulle sal jou dankbaar wees, dit kan jy glo.

(Na 'n oomblik) As jy twyfel aan my woorde, kan Miriam dit bevestig. Die slawe hou besonder veel van haar. Gelukkig was Delila goedgesind tot nou. Maar soos jy weet, mens moet Delila nooit te veel vertrou. ('n Klop aan die deur).

ARTIMUS: Binne!

(Scorpo kom binne).

SCORPO: Generaal, die Joodse vrou is hier.

ARTIMUS: (Glimlag) Laat haar binnekom. Simson is al gretig om sy bruid te sien. Of moet ek sê voel, Hebreër?

(Scorpo gaan uit. Na 'n oomblik word Miriam, 'n Joodse diensmeisie by die Filistyne, deur hom binnegestoot. Sy is ongeveer 18 jaar oud, verskrik en bewende).

ARTIMUS: (Lag) Is jy bang, my Joodse hert? (Lig haar ken op; sy deins verskrik weg; hy lag) Snaaks, die vroue is gewoonlik lief vir my. (Aan Simson) Ek laat haar in jou hande, Jood. Jy sal my later nog bedank. 'n Man bly nou maar eenmaal net 'n man en 'n vrou 'n vrou. Ons kan dit nie verander nie. Kom, Scorpo. Laat die paar alleen . . . (Scorpo lag) (Stap na die deur; aarsel skielik) Wag!

(Simson het omgedraai en staan nou met sy gesig na die Filistyn gekeer).

ARTIMUS: (Lag) Miskien kan sy jou eers vertel, Hebreër. Jy twyfel mos of ek die waarheid praat. (Aan Miriam) Hoe hou jy van die lewe hier by ons?

MIRIAM: (Verskrik) Ek . . . ek kan nie kla, my heer . . .

ARTIMUS: (Hard) Ek vra nie komplimente nie! Ek wil die waarheid weet. As jy kon teruggaan na jou eie volk, sou jy dit graag wou doen?

MIRIAM: (Bly) Teruggaan na Israel? My eie volk?

ARTIMUS: Hm! Jou gretigheid klink eg genoeg. (Wys na Simson) Jou held se invloed en gesag geld nog. Dis in sy mag om jou en al die ander vroue terug te stuur . . . d.w.s. as hy verstandig is.

MIRIAM: (Kyk na Simson) Dit kan nie waar wees nie. Simson is 'n slaaf soos ek . . .

ARTIMUS: Maar vra hom self.

MIRIAM: (Gaan by hom staan) Simson . . . is dit waar? Is dit werklik waar?

SIMSON: (Draai weg, geboë en gespanne).

ARTIMUS: Aan Simson moet jy jou nie steur. Doen net wat hy verlang. (Listig) Vertel hom, as jy langer hier vertoef, sal jy 'n reine maagd kan bly?

MIRIAM: (Antwoord nie, begin snik).

ARTIMUS: (Hard) Antwoord my!

MIRIAM: Wat . . . wat moet ek sê, my heer?

ARTIMUS: Die waarheid, niks meer of minder nie.

MIRIAM: (Bewende) Mag Jehowa sy hand oor ons hou, my heer. Vrou Delila is baie goed vir my, maar as ek langer bly . . . (Snik).

ARTIMUS: (Tevrede) Dis genoeg! (Aan Simson) Tot siens, Hebreër. Onthou my woorde goed. Daar's veel te wen . . . die welsyn van jou volk, geluk van al die vroue hier . . . En dan, jou eie lewe, wat elke man, ja, selfs die grootste held, besonder kosbaar ag.  
(Saaklik) Kom, Scorpo!  
(Artimus en Scorpo uit).  
(Pouse).

MIRIAM: (Staan by Simson) Waarom is . . . ek hier?

SIMSON: (Hees) Jou stem, o vrou uit Israel, is soos die roepstem van die duiwe op die Libanon. 'n Deel van Israel is hier. Praat weer met my . . . Wat is jou naam?

MIRIAM: My naam is Miriam uit Jerigo, die dogter van Phillipus, die wynbouer, en Maria.

SIMSON: (Teer) En jy is hiér?

MIRIAM: Ek is in die huis van Delila . . .

SIMSON: (Draai weg, fluisterend) Delila! O Jehowa, die naam waarmee ek oneer aan U naam gebring het. Is dit 'n droom?

MIRIAM: (Kinderlik, eenvoudig) Ek is hier, Simson. Ek praat met jou en kan jou sien. Hoe kan dit dan 'n droom wees?

SIMSON: (Glimlag) Jy praat of jy my ken van altyd af. Is ek dan nog bekend in Israel?

MIRIAM: (Trots) Die naam van Simson het sy merk op Israel gelaat. Hoe kan ons jou vergeet? Ons sal jou krag onthou, jou moed. Ja, jy sal 'n legende word.

SIMSON: (Met bitter heimwee) Ja, Hy het my krag gegee . . . en ek het dit verloën. Dat ek hier as 'n slaaf moet dien, dit is sy wraak. O Jehowa, Jehowa, hoe het U my meedoënloos tot 'n spot gemaak! Wat kan ek meer in U verloën, verraai? Ek is so swak, Miriam, selfs tot verraad nie meer in staat.

(Miriam snik; sy blinde oë staar na haar) Jy ween, my dogter? Moenie ween nie, maar laat jou gees met vuur die weemoed breek. Ons ween maar net omdat ons swak is en in die toekoms slegs die duister sien. Kyk na my, Miriam, en glimlag in my blinde blik.

MIRIAM: (Vroulik innig) Hoe sterk is jy! Jou woorde is die krag van elke held in Israel.

SIMSON: (Met weemoed) Ek wás die krag, deur Gods gena. Nou is ek slegs herinnering, 'n spot vir vriend en lasteraar.

(Pouse. Hy staan geboë; sy staar na hom, vreemd weemoedig).

SIMSON: (Skielik) Miriam!

MIRIAM: (Sy staan by hom, leun teen sy bors) Ek is hier, Simson.

SIMSON: (Gryp haar skouers wild vas, sy blinde oë staar, sy liggaam bewe) Miriam, ek het 'n gesig gesien!

MIRIAM: (Kyk op na hom) 'n Gesig? Van . . . van Jehowa?

SIMSON: (Hees) Ja . . . van Hom. Hy het my nie verlaat nie, Miriam. Ek weet dit nou. Die visioen was waar!

MIRIAM: (Ontroerd) Geloof sy die Here, onse God! Wanneer Simson, wanneer het jy Hom gesien?

SIMSON: (Soos in 'n droom) Dit was verlede nag. Sy stem het my gewek. Ek was soos 'n dooie aan sy voete.

MIRIAM: (Asemloos) Hoe sou jy Hom kon sien . . . en lewe?

SIMSON: (Hees) Sy boodskap was een van vrede, Miriam . . . vrede vir my . . . en wraak oor hulle wat Sy Naam bespot.

MIRIAM: Wat het Hy gesê?

SIMSON: (Sy hande klem aan haar skouers) Ek het gedink hy't my verlaat! Die hele dag is ek gemartel deur die ongeloof. Maar nou dat jy hier is, nou weet ek Hy is hier. Miriam, ek kan sy woorde hoor, soos gisteraand. Soos donder het dit deur die sel geslaan van muur tot muur . . .

(Struikel vorentoe, skor) Dit was sy woorde, vrou uit Israel: (Met ontsag) „Ek sal die nasies leer dat ek die God van alle gode is. Binnekort, ja vandag sal Filistea dit weet. En hulle sal erken dat ek, die Here, die God van Israel is. Want hulle vreugde sal smarte baar en hulle rykdom armoede. Ek, die Here God het dit gespreek.”

MIRIAM: (Met haar gesig na bowe gerig, ontroerd) Geloof sy U naam, o God van ons vaders!

SIMSON: (Struikel plotseling vorentoe) Miriam!

MIRIAM: Wat is dit, Simson?

SIMSON: (Gryp haar vas) Miriam . . . bly weg van die arena!

MIRIAM: Hoe kan ek? Delila eis my diens en sy is daar?

SIMSON: (Dringend) Nee, jy moet vlug . . . jy en al die ander vroue hier.

MIRIAM: Wat gaan gebeur, Simson?

SIMSON: Dit weet Jehowa slegs. Maar Hy gaan wraak neem, Miriam. Hy gaan die Filistynse volk verdelg.

MIRIAM: En jy? Wat dan van jou?

SIMSON: (Draai weg, geboë, na 'n rukkies) Hy sal doen wat Hom behaag . . . en wat reg is in Sy oë.

(Pouse).

(Die seldeur word skielik oopgestoot, en Artimus loer na binne).

ARTIMUS: (Lag) Hoe vorder dit, Hebreër? Is die weerstand al gebreek?

SIMSON: (Met weemoed) Gaan nou, vrou uit Israel. Jou stem sal by my bly. Dit sal my lei op hierdie donker pad.

ARTIMUS: O, die liefdespel is klaar? Maar dis te gou, Hebreër. Toemaar, jy sal nog baie kans kry. (Roep Scorpo!

SCORPO: (Kom binne) Generaal?

ARTIMUS: Neem die Joodse duifie weg. (Toegewend) Jy hoef haar nie te begelei. Sy ken die weg.

SCORPO: (Lag) Goed, Generaal.

ARTIMUS: En Scorpo . . . werk sagkens met die maagd uit Israel. Sy's waardevol.

SCORPO: (Lag uitbundig, neem haar by die arm) Kom Skapie, jy het die Generaal se woord gehoor. Ek sal my goed gedra.

MIRIAM: (Voordat hulle uitgaan, draai na Simson) Vrede vir jou, Simson.

SIMSON: (Glimlag) Vrede vir jou, my dogter . . . vrede! (Scorpo en Miriam uit).

ARTIMUS: Julle vroue is voorwaar begeerlik vir die oog, Hebreër. Besit 'n suiwer heupswaai en 'n trotse stap. Te trots miskien, 'n hoogmoed wat verhoed dat ek my ou plesiertjie kry.

SIMSON: (Antwoord nie).

ARTIMUS: (Stadig) Miskien kan jy my nou jou antwoord gee, Hebreër. Die tyd word kort. Die koning en die volk word ongeduldig al.

SIMSON: Ek het geen antwoord aan 'n vyand van my volk.

ARTIMUS: (Woedend) Geen antwoord nie? Het jy die hoon vergeet? Of is jou rede aangetas?

SIMSON: (Rig hom op in sy volle lengte) Ek wil dans en speel. Ek wil die volk laat lag — hul laaste lag en só my skuld betaal . . . tot op die laaste duit.

ARTIMUS: (Woedend) Jou koppigheid is jou ondergang, Hebreër. Jy het gekies en jy sal kruip! Ons gésels sal diep vore oor jou skouers ploeg. En ek, ja, ek sal lag, gedagtig aan die tyd toe Simson nog die sterkte was! (Buite word die gejuig van die menigte gehoor)

Hoor, Simson, hoor die vreugdesang! Die fees voer na die toppunt reeds.

(Roep) Scorpo!

SCORPO: (Maak die deur oop, loer na binne).

ARTIMUS: Maak oop die deur, Scorpo; ja, wawydoop, en laat die dwaas die feesgesange hoor ter ere van ons God, die grote Dagon!

(Scorpo swaai die deur verdwaas oop. Die gejuig is oorverdowend).

ARTIMUS: Scorpo, gaan kondig aan dat Simson die Hebreër, vir ons sal speel en sing en dans.

SCORPO: (Verslae) Goed, Generaal. (Trek sy skouers op, gaan uit).

ARTIMUS: Die volk sal van jou keuse hou, Hebreër. Hulle sal my dank, die Koning sal my prys vir my oorspronklikheid. En ek sal Israel tot op die grond verwoes! Ek sweer dit hier! Met Dagon sal die stryd 'n vreugde wees.

(Lag hooghartig, gaan uit).

(Simson staan vir 'n oomblik roerloos. Dan sak hy op sy knieë. Sy hande is opgehef).

SIMSON: (Gebroke) Die uur het aangebreek, o God! U kneg smee om gena en vra vergiffenis! Skenk my nog eenmaal krag om my te wreek . . . die oneer aan U naam te wreek . . . (Skor, bewende) En as ek móét val, o Here, laat die val dan groot wees . . . !

(Die deur word ontgrendel. Twee soldate kom binne. Hulle ruk Simson orent, haal die voetboeie af en boei sy hande.

EEN SOLDAAT: Kom slaaf; die volk is gretig om jou spel te sien. Kom wys vir ons hoe die Jode dans en sing . . . (Soldate lag en ruk Simson by die deur uit . . . )



A. J. B. RAWLINS:

## Transkei

Hoe sal ek afskeid neem van jou,  
ou land,  
die brûe agter my een-een verbrand  
as in my hart nog steeds jou bakens  
tand.

Hoe kan ek afskeid neem van jou  
terwyl daar op 'n maanhaar  
nou twee hopies klou.

Hoe rem ek die trane weg  
as ek my oor die afskeid kwel;  
Hoe gee ek jou die hand  
en sê — Vaarwel!

## Uitdager

Hierdie beurt is my gegun  
om 'n honger klag diep uit my hart  
te skil,  
'n tenger hoop daarin te plant  
en te vervul.

Maar nou, dat ek die stryd  
moet stry,  
sal my bloed en vlees  
end-uit bestand kan wees  
teen hamerhoue  
wat sal skeur en kneus?

## Beseerde Atleet

Tussen pistoolknaal en  
wenpaal  
is ek teruggedruk  
na oeslande  
waar die somerson  
wreed  
op moeë rûens  
hurk,  
en waar 'n mankement  
niks anders kan  
as swik.



## Ongeluk in die Stad

Hul dam op uit die nuut  
en staar langnek  
na die rooi vlek  
op die straat.

Drie of vier vloek luid  
as 'n bleek tong kraak  
oor 'n dik vaal lip.

Maar dis 'n wildvreemde hand  
wat sy arms vou;  
en 'n gans ander stem  
wat hom maan om te rus,  
met 'n kort gebed  
hom vir ewig sus.

## Met die Reën

Bloekombome staan kromrug teen die wind  
en kraak,  
en rem kompleet asof hul kreun  
en braak.

Beeste bulk en beef,  
en herkoutjies word heen en weer geruk  
soos tennisballe oor 'n styf gespanne net.

Grashalms buig laag en buk  
soos elke hotnotsgod wat mik;  
asof ook hul in dankgebed wil kniel.

Twee wit gesigte blaas wit wasem teen  
die ruit,  
vryf skewe kolle oop en loer maar weer  
daar uit;  
en met 'n prysgebed druis blouvaal  
soos staal  
die reën.

B. LE ROUX:

## Die Kruiswoorde

1.

Slegs 'n linnedoek wat Sy lende dek,  
word Hy aan die kruishout oopgevek.  
Op daardie Godverlate negende uur  
brand die wonde met bytende vuur.

Met gebalde vuiste word Hy uitgejou,  
spottend gehoon, gegésel so hou op hou;  
Hy het nog midde in die vloed gestaan;  
al het die Lig aan die hout getaan.

Uit liefde wou Hy hulle nog met God versoen:  
„Vader vergewe hulle, hulle weet nie wat hul doen!”

2.

Wenend staan Maria aan die voet van die kruis,  
biddend tussen die gepeupel, midde die gedruis  
gepriem: haar Vlees, haar bloed, haar Seun,  
en waar sy teen Sy geliefde dissipel leun:

„O God, hoe afsigtelik die versoeningsuur,”  
die laaste druppel droesem wat Hy verduur!  
Waar is Abram en Izak se offerram,  
vir hierdie Lig, vir hierdie Lam?

Hy ken haar leegheid, haar twyfel sonder steun:  
„Seun, daar u Moeder; Moeder, daar is u seun.”

3.

In daardie Donkerpoort word Sy lot  
tussen egbrekers van dié gebod:  
Jy mag nie doodslaan nie; dis Sy bevel;  
„al verduur jy die strieme van die hel.”

In daardie purper ure word Hy nog gesmaad:  
„As jy die Seun van God is, verrig die verlossingsdaad!”  
Die een pleitend met die diepere wond:  
„Here, dink aan my!” met die traansmaak in sy mond.

Toe Sy laaste reddingsdaad op aard' bewys:  
„Nog vandag sal jy met my in die Paradys wees.”

4.

Vol medely het die lig in Sy oë gesfaal,  
vir die skare wat om die kruishout maal.  
Man van Smarte! Bloed sypel uit Sy bors  
waarin daar verskuil lê . . . sieledors.

Hoe kon hulle dit ooit verstaan?  
Met rooi naels het hulle Sy lydingsweg gebaan:  
Jy sê jy's die Seun van God?  
„Verlos jou uit jou lydingslot!”

„Ek het dors!” roep Hy bo die stemme uit.  
„'n Hisopdrank!” maar die lippe word gesluit.

5.

Die laaste vlam word uitgeblus,  
die Donderstorm kom tot rus:  
tevrede hang Hy aan die kruis,  
so naby aan Sy Vaderhuis.

Uit die hemel daal 'n spierwit duif,  
met 'n blink ster op sy kuis:  
'n nuwe geboorte . . . verby die gerig,  
en Hy? 'n Silwer glans op die gesig.

Tevredenheid het Sy hele wese deurdring;  
oorwinnaar roep hy uit: „Dit is volbring!”

6.

Om drie-uur word die laaste vonk verteer;  
daardeur word Sy Vader in Hom vereer:  
Onder die skare die wit vlam van 'n samaritaan:  
'n spons met asyn stoot hy tot by Sy lippe aan.

Toe kom daar oproer onder die skare;  
hulle het vermoed die bittere mare:  
Hy is van God en mens verlate;  
Sy Seun met laste sonder bate.

Uiteindelik daardie wanhoopskreet sonder haat:  
„My God, my God, waarom het U my verlaat?”

7.

Die engel het sy vlerke voor die son gehou;  
in hierdie paniese uur mag niemand Sy smart aanskou.  
Dit was Sy Vader se alwyse raadsbesluit,  
lank voor Hy op Golgota moes stuit.

Onvermydelik het die wonder toe gebeur:  
die voorhang van die Tempel het in twee geskeur.  
Vir laas het die swart woede opgelaai;  
met skuldgevoel word die gesigte weggedraai,

vir die laaste woorde van Sy menswees:  
„Vader, in U hande gee Ek my gees.”

## Weeskinders van die Hemelgod

*Weeskinders van die hemelgod  
kom honger en naak uit elke hoek  
na hul ontferde porsie soek,  
kaal kneukels aan die Namib klop:*

*Dan dat hul op hulle riete sluit,  
hulle op hul rommelpot tamboer,  
o dan ook soos die bontkometers —  
perd trippel oor die Namibvloer!*

*Weer word die koedoe nageboots  
wat oor die vlammeende Namib trek:  
hy hardloop tot sy kloutjies smelt . . .  
sy rook straks tot god Gaunja strek!*

*Hoor nog hoe hulle Ghoeroeb prys  
vir die verbeelde porsie vleis,  
hul voetgeklap die duin oordruis  
en elke Boesman oor sy hoof  
die stilte aan tien tone kloof!*

## Boesman Bruilof

*Ek bring die skilpaddoppie met  
vars Koeringkoeroe boegoe in  
vir haar wat saggies in my hart  
soos 'n hoep-hoepie sing!*

*Verloklik is die Kafferpruim  
maar pluk dit nie, betuel  
die wildehond in hart en mond:  
Blaas Ghoeroeb op sy beuel.*

*Olifant sterk jou boog, en skerp jou pyl —  
kameelperd skrik selfs vir jou naam —  
wanneer jy terugkom van die jag  
bring jy 'n ribbok saam.*

*Maar slaap voetsole teenmekaar  
toldat jy terugkom van die maan,  
op weerligvoël se vlerke ry  
met rietbok om jou nek geslaan!*

*Hardloop, maak op die enkelkooi,  
strooi suring blomme onder haar!  
Klap hande, oho, man en vrou  
is pyl en boog één bymekaar!*

## Ghoeroeb die Donderaar

*Oho! jy verskiklike Ghoeroeb,  
jy moet hoor as ons rietkitaar roep!*

*Soos wildehonde krom ons onder onse skuld  
waar jy vlamme uitspoeg teen die bult!  
Verbouereerd kringel ons soos 'n trop  
elande wat bler in die Blouland op:*

*Kyk, ons kruip onder jou donderwolk,  
praat vaderlik maar sag met jou volk!*

## Nocturne

*Die nag kom hang teen al die mure,  
ver is alles nou en klein die ure.*

*Die stilte sirkel om 'n hond wat blaf;  
'n ster rol teen die donker glybaan af.*

*Die maan is kromgetrek van ouderdom.  
Hy klouter tydsaam deur 'n wolkkolom*

*en voetjie-voetjie deur die sterregate —  
die steiltes van die nag is mens-verlate.*

*Vannag is alles een en niks apart,  
in hierdie uur is alle kleure swart.  
Gister met sy onrus en sy pyn lê nou  
op sypaadjies in ou koerante toegevou.*

## Ruiters

*Jy ry die spierwit hings van jou verstand;  
sy gang is stil, die leisels in jou hand.*

*Die hart se donker merrie moet ek ry;  
in ander saals het ek te lank gebly.*

*Jy kies die reguit en bekende paaie,  
ek soek die vreemdes en die nuwe draaie.*

*Jy ry bedags dat jy kan sien en weet,  
maar snags kan ek my sekerheid vergeet.*

*Jy trippel stadig in dieselfde kringe;  
ek jaag tot op die grens van alle dinge.*

*Een skemeraand het jy en ek geweet  
dat één pad makliker as twee kan meet.*

*Ons het die merrie en die hings gekul;  
Ons ry nou saam die twee se skimmel vul.*

## Eregas

*Jy was die langverwagte eregas  
en toe jy kom, wou jy my voete was.*

*Toe ons moes aansit by die wyn en dis  
het jy gebid vir die wat honger is;*

*toe jy jou wapens vir die stryd moes tel,  
het jy verdrae van vrede opgestel;*

*Toe jy oorwinning in die oë staar,  
het jy jou by die vyande gaan skaar;*

*toe jy moes keer dat wolwe jou verslind,  
het jy 'n sterwende se wond verbind.*

*toe jy die sege-optog voor moes gaan,  
het jy verleë langs die straat bly staan;*

*toe jy die blink medaljes moes ontvang,  
het jy dit skielik voor my bors kom hang;*

*toe jy op glorieryke slae kon roem,  
het jy die duisend weduwees genoem;*

*toe jy oorlaai moes word met al ons buit  
het jy jou deur van binne toegesluit;*

*toe jy met ons vanuit jou troon moes praat,  
het jy ons langs 'n agterstraat verlaat.*

*Jy was die langverwagte eregas,  
want nooit wou iemand weer my voete was.*



J. P. MALAN:

## Die Laaste Skof

*Hoe eensaam staan hy, grysaard, op die kruin  
en sien uit vertes die beloofde land.  
Swaar was die skof deur moeilikheid se sand.  
Die trekpad agter hom lê dor en bruin.*

*Hy sug, sy blik is vol op Kanaän,  
die erfdeel van sy slaaf-verloste volk  
wat trek in vuurkolom en skaduwolk  
na rus wat vir hul wag in Kanaän.*

*Hy het sy volk en God getrou gedien  
en deur die waters, diep en swaar, geswoeg.  
Nou kan hy net die land van veraf sien.*

*Hy sug, want hy is sat en lewensmoeg.  
Is God, sy Heer, dan wreed in Sy paleis?  
O nee! Hy bied 'n beter paradys.*

## Kersie

*Hier in sy speelsheid put die vlam  
al meer en meer my kersie uit.  
Die vuurtong lek uit oliedam  
sy leefkrag op, hy teer en buit.*

*My kersie gee daarvoor nie om.  
Hy deel sy kragte vrylik uit  
vir hulle wat vergaar om hom.  
Hy gee homself. Dit is sy plig:  
In duisternisse bring hy lig.*

## Hoop

*Wie is hy wat daar kom op die wolke  
in die blink van sy majesteitskleed,  
wat daar sweef op die vleuels van winde  
en sy glimlaggies strooi oor die leed?*

*Dis die hoop wat daar kom uit die verte  
met groot skatte van goud in sy sak,  
wat die moed weer laat oplaai in vlamme  
daar by hom in verlore se vlok.*

## By die Jongeres

(Hierdie rubriek is ingestel om jonger skrywers, van wie nog geen skeppingswerk publiseer is nie, aan te moedig om van hulle beste oorspronklike pogings aan die redaksie voor te lê vir keuring. Voornemende medewerkers moet hulle bydraes duidelik aandui as bedoel vir BY DIE JONGERES. Gedigte, verhale en eenakters word graag vir oorweging ontvang. Die aantal insendings per persoon is nie beperk nie. Vir bydraes wat opgeneem word, word vergoed teen die gewone tarief.)

HENDRIK PRINS:

### Middernag

*Tussen sterre sproei  
die gloeiswart van die nag  
en silwerwortels groei  
skitt'rend uit die donkerblou.*

*My voetstap galm  
skel teen elke muur.  
Enk'le venstergate gloei.  
Soetswaar die nag se asemwalm.*

*Die melkweg spikkel blink,  
blinkpapier op swart fluweel,  
'n Trein se fluit wat ver weg klink  
en ratel oor die dou-blink stawe.*

### Haas en Hond

HAAS:

*Ek hardloop  
teen die wind met 'n rooi-seer wond,  
Ek hardloop  
teen die spier, die slagtang, die rifrughond.*

HOND:

*Bloed,  
die krag van spier wat ritmies ruk,  
in spoed,  
Die warm honger as ek in stukke vel en vleis verstik.*

### Kwatryn

*Ek broei oor vergeelde boeke,  
skrik, want uit donker hoeke  
tas onsekerheid, twyfel  
met vermaerde vingers in my soeke.*

M. J. PRINS:

## Skilder

*Met swaar lyne  
en duister kleureswamme  
groeï die vreeslikheid  
van baie jare  
uit swart, geknoetste stamme  
en donker blare.*

## Herfs

*Swaar sterf die dag  
en in die skemer  
staan die ou, grys bome.  
Deur hul blare  
waarin die somer  
daaglik yler verrooi  
snerp die winter  
bruiner, skraler.*

*Alles sterf  
verskriklik mooi.*

## D u i f

*'n Oomblik was hy nog  
spierwit in sy vlug  
teen die diepblou lug.  
Skepping van die Here.  
'n Skoot het ru geknal  
en deur sy warm vere,  
deur sy polsend lyf  
geruk,  
die gloeiend' lewe verstyf.  
Hy't aarde toe geval.*

## Konsertina

*Sing, o sing  
'n suiwer lied,  
suiwer van elk  
klein verdriet.*

*Sing o sing  
'n suiwer lied,  
klein, en enkel  
ou verdriet.*

## Dromslaner

*Met ritmies slaan  
groeï nagliks weer  
bo donker berge  
die oerou seer  
van die maan.*

TOBIE VERMAAK:

## Oorgawe

*Toe 't ons gedans  
in kringe wild en  
wyd getrap  
by drom se dowwe grom,  
en in ons luid  
die sinlikheid,  
om gek te vier  
die nag se sterwensuur.*

## Siele

*'n Blink planeet,  
'n silwer ster,  
— die een 'n vlam  
die ander mot —  
wat dofglim by die skyn,  
'n eindelose pad beloop,  
'n sloeregang,  
'n sirkelbang —  
in onrus deur die tyd,  
in groot en wyd  
oneindigheid.*

## Verlorene

*Die fees was rooi,  
my oë ook;  
en joue wasigmooi,  
o skone van jou siel  
om so te word  
nes èrens binne my,  
toe dag se helder goud  
my siel kon binnedring  
en my jou boodskap bring.*

EUGENI FERREIRA:

## Pegasus

(vir Vincent.)

'n Mendelsohn vioolkonsert;  
net die yl klank wat ineenvloei  
met spoke en die wind wat loei  
in leë gange. 'n Skimmelperd  
wat jaag om by die einde uit te kom —  
nou rats en haastig trippel, fyn,  
dwars oor die hek wat hoog die grens omlyn  
gaan hy, en dan weer stadig, dom,  
verby die swart gehuggie —  
smeulend lê kole in hul as —  
die Ding word groter op sy rug,  
en oor die lang smal brug  
weeg swaar die las.

## Kwatrijne

As jy in hierdie tyd moes vra,  
my vriend, wat dat die las is wat ons dra,  
kan ek net saggies — na die derde hanekraai,  
beken; die mens maai wat hy saai.

My God, dat ons moet liefde gee  
as soveel afsku ons s'n is.  
As bitterheid en haat ons tree  
vir tree laat terugval voor ons erfenis.

Die tyd het my gevang in ewigheid,  
en afgekolk in stiltes van die eensaamheid  
om nageur daar te hunker na die rus  
wat in die klater van beskawing is.

# Skrywersaangeleenthede

1. Die Rembrandt-Tabakkorporasie het nogeens bygedra tot die Harm Oostfonds (Noodhulpfonds) van die Afrikaanse Skrywerskring. Die Dagbestuur betuig sy dank en waardering.

2. Deel I van 'n sewedelige werk, *Neff-Anthologie* het onlangs verskyn, met 87 verhale uit 37 lande. Deel II en III is in voorbereiding en sal spanningsverhale (die geheimsinnige, bonatuurlike en angswekkende), en dierverhale insluit. Skrywers wat

graag wil meewerk, word uitgenooi om in verbinding te tree met:

Paul Neff Verlag,  
Anthologie-Reihe,  
Gumpendorferstrasse 5,  
Vienna, VI — Oostenryk.

3. Tot inligting van lesers word die PEN-Handves gepubliseer; dis 'n internasionale organisasie van skrywers, waarvan Die Afrikaanse Skrywerskring die Afrikaanse Sentrum is:

## P.E.N.-Handves

1. Die letterkunde, hoewel nasionaal van oorsprong, ken geen grense nie en bly steeds die gemeenskaplike voedingsbron van gedagtewisseling tussen alle lande, staatkundige of internasionale geskille ten spyt.

2. Onder geen omstandighede — vernaamlik tydens oorloë — word kunswerke en die kulturele erfnisse van die mensdom deur nasionale of staatkundige inmenging geskend nie.

3. Lede van die P.E.N. laat te alle tye hulle invloed geld om die goeie gesindheid en wedersydse agting tussen lande onderling te handhaaf; hulle onderneem om tot die beste van hul vermoë rasse-, klasse- of nasionale onmin te bekamp en om voorstanders te wees van die ideaal van een mensdom wat op een wêreld in vrede saamleef.

4. Die P.E.N. onderskryf die beginsel van onbelemmerde intellektuele verkeer binne elke land en tussen lande onderling, en lede verbind hulle om elke onderdrukking van die vryheid van spraak in hulle eie land en gemeenskap teen te staan. Die P.E.N. verlang 'n vrye pers en is gekant teen arbitrêre sensuur tydens vrede. Hy betoog dat alle vooruitgang op staatkundige en ekonomiese gebied oor die hele wêreld slegs gegrondves kan wees op vrye kritiek op regerings, administrasies en ander openbare instansies. En daar vryheid vrywillige inperking veronderstel, verbind lede hulle om ewels soos 'n vrye pers, maar wat leuenagtig, vals, verdraaid of vir politieke of persoonlike gewin is, steeds te bekamp.



## Boeke Ontvang

1. Marcell-Breyne: *Het lied der karavaan*, verzen uit het verre land; Lannoo Tielt, Den Haag, 1960.
2. Datei: *Ure met horings*, 'n dag in die lewe van 'n vrou. Illustrasies deur Katrine Harries. Tafelberg - uitgewers, Kaapstad 1960.
3. I. D. du Plessis: *Versamelde Prosa*. Nasionale Boekhandel, Kaapstad - Bloemfontein - Johannesburg, 1960. 18/6.
4. H. J. Terblanche: *Verklarende Skoolwoordeboek*. Afrikaanse Pers, Beperk, Johannesburg, 1960.
5. Dolf van Niekerk: *Die son struikel*. Dagbreek-boekhandel, Johannesburg, 1960. 11/6.



Volledige beskerming  
deur SANLAM:

- **AFTREEPENSIOEN**
- **WEDUWEESPENSIOEN**
- **GEREELDE INKOMSTE BY  
LIGGAAMLIKE ONGESKIKTHEID**
- **OPERASIELENINGS (RENTEVRY!)**
- **VOORSIENING VIR BOEDELBELASTING**
- **STUDIEPOLISSE**
- **VERBANDSDEKKING**
- **VENNOOTSKAPSDEKKING**
- **KONTANTBONUSSE**
- **SIEKTEVERSEKERING  
(DEUR SANSOM, ONS FILIAAL)**

BESPREEK GERUS U BEHOEFTE MET U SANLAM-VERTEENWOORDIGER.

HY IS SPESIAAL OPGELEI!

Versekering is **SANLAM**

VZ 1913/P2\*